Onderwêreld

Onderwysgids

deur Fanie Viljoen

> "Fanie Viljoen laat my wens ék was 'n tiener. Skitterend."
>
> \- Deon Meyer

Nota:

Hierdie gratis gids mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.

Inhoud

Inleiding....5
Samestelling van ’n boek....7
Tekskenmerke....13
Uitleg van die roman....15
Opsomming van *Onderwêreld*....16
Inhoudelike vrae en antwoorde....17
Proloog....17
Hoofstuk 1: Sluimerende grys selle, Polyfilla en ringtones....18
Hoofstuk 2: Log File: Die dag voor die laaste skooljaar begin....20
Hoofstuk 3: Boeke en Boggom....22
Hoofstuk 4: Log File: Die Tonnel....23
Hoofstuk 5: Die soektog en gerugte van selfmoord....25
Hoofstuk 6: Log File: Lux hominum vita....26
Hoofstuk 7: Die pion gooi sy toys uit die cot....28
Hoofstuk 8: Log File: Onderwêreld....29
Hoofstuk 9: Sleeping beauty kry dinge aan die roer....31
Hoofstuk 10: Log file: Toets vir die idiote....32
Hoofstuk 11: Twee foto’s....33
Hoofstuk 12: Log File: Wat my hart sê....35
Hoofstuk 13: Teleurstellings en ontdekkings....36
Hoofstuk 14: Log File: Die regte kant van die firewall....37
Hoofstuk 15: Hulle weet....39
Hoofstuk 16: Log File: Vakansie-fireworks....40
Hoofstuk 17: Mankbeen-Maandag....41
Hoofstuk 18: Log File: Social Engineering....43
Hoofstuk 19: RAT....44
Hoofstuk 20: Log File: Surfer dudes of surfer duds?....45
Hoofstuk 21: Dok se files....46
Hoofstuk 22: Log File: Nicole....47

Hoofstuk 23: Project Nursery Rhyme....48
Hoofstuk 24: Log File: Die berge in en om my....50
Hoofstuk 25: Squeal....51
Hoofstuk 26: Log File: Script kiddie....52
Hoofstuk 27: Brute Force....53
Hoofstuk 28: Log File: Ek wens ek was jy....54
Hoofstuk 29: ’n Skop in die family jewels....55
Hoofstuk 30: Log File: Buzz....56
Hoofstuk 31: Op soek na ’n plek wat mens tevrede laat voel met jouself....57
Hoofstuk 32: Log File: Gedenking....59
Hoofstuk 33: Eggo’s....60
Hoofstuk 34: Log File: White hat/Black hat....62
Hoofstuk 35: Die Regter....62
Epiloog....64
Opsommende inligting oor die karakters....66
Karakterisering....69
Konflik....72
Storielyn....73
Intrige....73
Subintrige....75
Voorafskaduwing....76
Terugflitse....77
Verteltyd en vertelde tyd....78
Die verteller....79
Temas....80
Motiewe....83
Boodskappe....85
Agtergrond en omgewing....86
Stemming....90
Ironiese wending....91
Taalgebruik....92
’n Stukkie Griekse mitologie....93

Die Faust-legende 95
Die lokteks 97
'n Resensie van *Onderwêreld* 100
Kritiese taalbewustheid 103
Vir klasbespreking 105
Leesoefeninge 106
Vluglees 106
Soeklees 106
Lees hardop 107
Onvoorbereide lees 107
Klasaktiwiteite 108
Bronne 109

Inleiding

Hierdie gids is geskryf volgens die kurrikulum- en assesseringbeleidverklaring (CAPS) van Januarie 2011. Dit sal onderwysers en leerders op ’n reis neem deur die onderwêreld van kuberkrakers, maar ook deur die wonderwêreld van die jeugroman. Hoewel ernstiger aspekte aangespreek word, is daar ook interessante aktiwiteite en brokkies wat tienerlesers se verbeelding sal aangryp. Lees moet mos ook lekker wees!

Die hoofdoel van die gids is om leerders te help **LEES** en **KYK**, maar daar is ook oefening wat skryf- en aanbiedingsvaardighede sal slyp. Sommige afdelings (soos bv. die resensie, inligting oor die Griekse mitologie of die Faust-legende) kan vir luisteroefeninge gebruik word. Hierdie afdelings is ook ideaal om leerders se begrip te toets.

Onderwerpe wat aangepak word, is die samestelling (dele) van ’n boek, tekskenmerke, teksstrukture en leesoefeninge. ’n Kort opsomming van die boek, asook opsommings per hoofstuk sal onderwysers en leerders help om ’n oorsig oor die roman te verkry. Uitgebreide inhoudelike vrae en antwoorde sal die roman ontsluit. Daar is ook vrae wat die leser se opinie vra, eerder as om ’n klinkklare antwoord te gee. Sommige vrae sal honger lesers uitdaag om dieper te krap as net die blote storie. Ander vrae is op die man af en duidelik, selfs vir Afrikaans eerste addisionele taalsprekers.

Die gids is so opgestel dat dit lesers ...

- bewus maak van die hoofgedagtes van die roman
- bewus maak van ondersteunende idees
- lei om voorspellings te waag
- help om afleidings te maak
- dwing om sekere gedeeltes te herlees en -kyk.
- help met visualisering (die gebruik van foto’s, illustrasies, diagramme en ’n video help ook hiermee)
- lei met notas
- help om krities na die taal en taalgebruik te kyk
- bewus maak van temas en motiewe.

’n Resensie van die roman word verskaf, waarna lesers ook self ’n geleentheid sal kry om die roman te evalueer.

Daar is ook inligting oor die boek se lokteks, navorsing, Faust en die Griekse mitologie.

Die gids verskaf ook notas wat onderwysers en leerders sal help om literêre aspekte soos karakterisering, die verteller, konflik, intrige en subintrige, invloed van die omgewing op die karakter en meer onder die knie te kry.

Dit dan is die onderwysgids in ’n neutedop.

Geniet hom!

Fanie Viljoen

Ns. Ek hoor graag van jou indien jy kommentaar of opmerkings het oor die onderwysersgids of die roman. Stuur ’n e-pos aan fanie@fanieviljoen.co.za

Webblad: www.fanieviljoen.co.za

Samestelling van ’n boek

Hierdie diagramme verduidelik die verskillende dele van ’n boek, met spesifieke verwysing na *Onderwêreld*:

Voor- en rugkant:

Agter- en rugkant:

Binne-in die boek:

Die halwe titelblad gee slegs die titel van die boek.



Die titelblad bevat die boektitel, skrywer en uitgewer se naam.

Links is die kopieregbladsy met inligting oor die kopiereghouer, uitgewer, datum van publikasie, ontwerper van die voorblad en die boek self, ISBN-nommer, ens. Die uitgewer het in hierdie geval ook vorige boeke van die skrywer gelys.

Regs is die opdragbladsy of inskripsie-bladsy. *Onderwêreld* is opgedra aan die skrywer se broer, Neels.



Sommige boeke sal links ’n blanko bladsy hê. Die uitgewers van Onderwêreld het besluit om die literêre prys wat die boek gewen het, hier te noem. *Onderwêreld* het ook later ’n tweede literêre prys, die ATKV-Kinderboektoekenning vir Gr 8-10, gewen.

Die regterkantste bladsy bevat die epigraaf. ’n Epigraaf is ’n aanhaling uit ’n ander roman, gedig, drama, artikel, liedjie, ens. Die aanhaling kon moontlik as inspirasie dien vir die skrywer, of dit dui die tema van die boek aan.

Woordeboek

Een van *Onderwêreld* se epigrawe is ’n aanhaling uit “The Hacker’s Manifesto”. ’n **Manifesto** is ’n publieke verklaring van iemand se beginsels of voornemens. Dit verwys gewoonlik na ’n politieke standpunt, maar kan ook gaan om ’n persoon se geloof of lewensstyl.

Agterin die boek is ’n bladsy met die bedankings. Hierdie mense het die skrywer bygestaan met sy navorsing.

Omdat baie van die inligting in *Onderwêreld* gebaseer is op feite, het die skrywer ’n gedeelte ingevoeg wat onderskeid maak tussen feit en fiksie.

Om die leerders aan die dink te sit

Kaptein Abes Cilliers is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Met watter dele van die boek dink jy sou hy die skrywer mee gehelp het?

Antwoord: Met aspekte rondom polisieprosedures wanneer kinders vermis word, getuieondervraging, inwin van leidrade, asook rekenaarmisdade wat gepleeg word.

Die Wet

Omdat jong lesers dalk kuberkraking aanloklik mag vind, het die skrywer die wet wat dit verbied ook agterin die boek verskaf. Dit is nie ’n algemene tendens om te skryf oor ’n misdaad en dan die wet wat dit verbied ook te publiseer in dieselfde boek nie.

Bronne

Laastens verskaf die skrywer ’n lys van bronne wat hy geraadpleeg het. Dit word die bibliografie genoem.

Formaat van bronverwysings

Die boekbronverwysings wat die skrywer gebruik het, het die volgende formaat:

- Outeur se van en voorletter(s)
- Jaar van publikasie
- Boek se titel (in skuinsdruk)
- Plek van publikasie
- Uitgewer

Vir koerant- en tydskrifartikels is die outeurs se besonderhede, die datum van publikasie, die artikelnaam, en die koerant- of tydskrifnaam ook verskaf.

Vir webblaaie is die outeur se besonderhede, die artikel- of dokumentnaam, en die webbladadres verskaf. Nie alle outeurs was bekend nie. Dit is so aangedui.

Vir pret

Hierdie drie voorblaaie is oorweeg vir *Onderwêreld*.

Watter een sou jy kies? Hoekom?

A



B



C

Die voorblad

Deur dr. Alet Mihalik

Die voorbladillustrasie is in die realistiese styl en die agtergrondkleure is somber, donker en onpeilbaar. Op die voorgrond is ’n geel grafiekmatrys met kontrasterende kleurbane soos dié van bewegende planete, asook ’n reeks herhalende syfers. Agter hierdie matrys is ’n jong seunsgesig sigbaar. Sy mond en hare is versteek en die uitdrukking in sy ligte oë onder die vlerkvormige wenkbroue is broeiend, onthutsend en eweneens onpeilbaar. Hy loer met vernoude oë van agter die matrys na die toeskouer – wat suggereer dat die “onderwêreld” dalk ’n wêreld “agter” die werklike wêreld mag wees.

Die titel

Deur dr. Alet Mihalik

In ’n roman skep die outeur ’n romanwêreld wat nie noodwendig die werklike wêreld hoef te weerspieël nie, solank dit vir die leser oortuigend is. “Onderwêreld” kan verwys na die populêre opvatting van die benederyk of hel. Dit kan egter ook verwys na die onderwêreld van misdaad of van spioenasie en geheimenisse en dit herinner aan die mite van Orpheus en sy reise deur die onderwêreld. Die romantitel skep dus ’n verwagting by die leser dat hy gaan kennis maak met ’n buitengewone wêreld en waarskynlik een van donker geheime en spanning.

Vrae

1. Stem jy saam met die bespreking van die voorblad? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
2. Wat sou jy verander op die voorblad? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
3. Stem jy saam met die bespreking van die titel? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. Sal die titel en die voorblad jou die boek laat optel in ’n boekwinkel? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Tekskenmerke

Kom ons kyk na ’n paar uitstaande kenmerke van die teks.

1. Op die voorblad is die boektitel met ’n kleinletter gespel. Wat dink jy is die doel daarvan? *Die antwoord is oop vir die leerder se interpretasie. Moontlike antwoorde kan wees dat dit om estetiese redes gedoen is (ter wille van die grafiese uitleg). Die klein letter “o” kan ook die onderwêreld simboliseer.*
2. Hoekom dink jy is die seegroen kleur gebruik vir die titel? *Die antwoord is oop vir die leerder se interpretasie. ’n Moontlike antwoord kan wees om dit te laat inskakel by die futuristiese kleurbane op die voorblad.*
3. Is daar ’n onderskrif op die boekomslag? *Nee. (Let asseblief daarop dat ’n derde druk van die boek met ’n aanhaling van Deon Meyer op die voorblad kan verskyn.)*
4. Vluglees die boek en soek na diagramme of illustrasies. Op watter bladsye kom hulle voor? *Bl. 79, 101 en 155.*
5. Wat dink jy is die nut van die diagramme of illustrasies? *Dit help ons om die teks of gebeure beter te verstaan. Dit brei uit op die beskrywende gedeeltes in die teks.*
6. Soek voorbeelde van woorde in vetdruk in Onderwêreld. *Alle hoofstukname en opskrifte in die bylaes is in vetdruk.*
7. Wat dink jy is die doel van die vetgedrukte woorde*? Die antwoord is oop vir die leerder se interpretasie. ’n Moontlike antwoord kan wees dat dit teks laat uitstaan en die verskillende hoofstukke of dele van die boek help onderskei.*
8. Soek voorbeelde van woorde in skuinsdruk in *Onderwêreld*. *Die name van die aangehaalde persone in die epigraaf is in skuinsdruk weergegee, asook eerste paragraaf in die proloog. Op bl. 5: “Jy moet hom keer!” Die titel van die luitoon “Connected” op bl. 14, die Engelse aanhaling op bl. 44, en laastens boek-, tydskrif-, en koerantname in die bibliografie (bl. 198 – 201).*
9. Wat dink jy is die doel van die skuinsgedrukte woorde? *Dit gee erkenning aan die skrywer van ’n boek of artikel, dui op ’n binnespraak by ’n karakter, of is die korrekte formaat vir die aanduiding van musiektitels. Dit is ook die regte formaat vir die neerpen van ’n bibliografie.*
10. Is daar enigsins sprake van nommering in die roman? *Ja, die hoofstukke word genommer.*
11. Verduidelik kortliks wat die vreemde formaat van die hoofstukopskrifte beteken. *Die vreemde formaat is HTML-programmeringstaal, bv. <h35>Die Regter</h35>. Die “h” in die opskrif staan vir “heading”, en “/h” beteken dit is die einde van die “heading”.*

Vir pret

Leer meer oor HTML-programmering op hierdie webblad:
http://www.htmliseasy.com/index.html

Het jy geweet?

Die vreemde formaat aan die begin van die drie dele van die boek, asook die hoofstukname is html-programmeringstaal?

- Jy kan die gedeeltes net so as ’n nuwe dokument in Microsoft Notepad intik.

- Stoor die dokument dan as ’n webblad. (Die .html-agtervoegsel stoor dit in ’n webblad-formaat.)



- Wanneer jy die dokument dan weer gaan oopmaak vanuit Windows Explorer, sal hy só lyk:

Lekker speel!

Uitleg van die roman

Die struktuur van *Onderwêreld* is as volg:

Proloog

Dit is aangedui as die *Sign on*-deel.

Sentrale inhoud

Dit is aangedui as die *Ping*-deel en beslaan 35 hoofstukke waarin die hede en die verlede teen mekaar afspeel.

Elke hoofstuk van die hede word afgewissel met ’n hoofstuk uit die verlede.

Die verlede se hoofstukke kan ook maklik uitgeken word deur die *log file*-aanduiding in die hoofstuknaam.

’n Rekenaar se *log file* teken alle transaksies wat op ’n rekenaar uitgevoer is, aan. Dus sy transaksie-geskiedenis.

Epiloog

Dit is aangedui as die *Log off*-deel.

Woordeboek

Proloog

’n Toevoeging aan die begin van ’n boek. Die voorrede.

Epiloog

’n Toevoeging aan die einde van ’n boek. Die slotwoord, of slotrede.

Opsomming van *Onderwêreld*

Greg Owen is die hoofseun van Lawson Kollege, ’n elite privaat seunskool in die Drakensberg. In sy matriekjaar gebeur ’n ongehoorde ding: ’n nuwe leerder, Eckardt Wilken, word aanvaar by die skool. Greg en Eckardt stamp eers koppe, maar dan sien Greg iets van sy afgestorwe broer, John, in Eckardt. Hulle vyandskap verander in vriendskap.

Eckardt neem vir Greg in sy vertroue en vertel hom dat hy rekenaars en rekenaarstelsel kan kraak. Oor ’n tydperk van ses maande begin Eckardt vir Greg ook leer hoe om ’n kuberkraker te word. En dan een Donderdag verdwyn Eckardt spoorloos. Niemand weet wat van hom geword het nie. Greg sit skielik met ’n probleem. Hy moet die polisie en die skool help om Eckardt terug te kry, maar nie die skool óf die polisie mag uitvind dat hulle kuberkrakers is nie.

Greg begin leidrade kry wat die polisie sou miskyk tensy hulle weet waarna hulle soek. Die leidrade dui al hoe meer daarop dat Eckardt betrokke geraak het by iets waarby hy hom liewer moes uithou.

Uiteindelik vlek Greg die waarheid oop. Of altans só dink hy. Hy kom af op inligting wat daarop dui dat Lawson Kollege se hoof, doktor Alec Pienaar, betrokke is by ’n onwettige bedrywigheid.

Wanneer Greg tot verhaal probeer kom, maak Eckardt weer sy verskyning. Greg vind nou uit dat Eckardt se verdwyning beplan was en dat hy ’n *social engineering attack* op Greg en sy gesin uitgevoer het. Greg se eie pa is ook betrokke is by die onwettige transaksie. Greg het dus onbedoeld sy pa ook verraai.

Eckardt se rede vir die aanval op Greg se gesin is dat Greg se pa jare gelede Eckardt se gesin op ’n soortgelyke wyse verwoes het. Eckardt se motief was dus wraak.

Inhoudelike vrae en antwoorde

Proloog

***Opsomming**:*
'n Kind (Eckardt) word in die nag wakker van 'n vreemde geluid. Hy kry sy pa in die studeerkamer met 'n pistool in sy hand. Sy pa lyk vir die kind soos 'n monster. Sy pa sit die pistool weg en vra hy moet nie vir sy ma vertel wat hy gesien het nie. Dit skok nogtans die kind. Toe sy pa sy naam sê, "los die naam op". Hy sal jare later vir homself 'n naam kies wat vertel hoe dit voel om magteloos te wag op antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld te kry. Sy naam sal Ekk-0 wees.

1. Die openingsparagraaf beskryf die gevoel van vrees met verwysing na liggaamsfunksies. Wat is die nut van die openingsparagraaf? *Dit prikkel die leser se nuuskierigheid en skep spanning.*
2. Wat maak die seun wakker? *'n Onbekende geluid.*
3. Hoe weet hy na watter vertrek hy moet gaan? *Hy gaan na die vertrek waar die lig brand.*
4. Die paragrawe na die openingsparagraaf het steeds verwysings na vlak asemhaling, hamerende hartklop en 'n blywende vrees. Wat is die nut hiervan? *Dit verhoog die spanning verder, want die leser weet nie wat om te verwag daar waar die lig brand nie.*
5. Watter sintuie span die kind in terwyl hy na die studeerkamer stap? *Reuk – hy ruik die politoer van die houtdeur; gehoor – hy hoor die krieke en die motor in die straat, die ritsel van papiere en hy hoor skaars sy eie voeteval op die mat; sig – hy sien die lig aan die einde van die gang; tas – die koue deurhandvatsel stuur 'n skok deur sy lyf.*
6. Hy hoor 'n vreemde geluid soos die van 'n verskrikte dier. Is dit 'n dier se geluid? *Nee, dit is sy pa.*
7. Wat sien die seun wanneer hy die deur oopmaak? *Sy pa se groot lyf sit vooroor by die lessenaar. In sy hand is 'n 9mm-pistool.*
8. Hoe weet die seun sy pa is gespanne? *Hy het 'n pistool in sy hand en sy kneukels is wit van die spanning.*
9. Hoekom laat sy pa hom dink aan 'n monster? *Die een kant van sy gesig is verlig en die ander kant in skadu.*
10. Watter woord wat die seun sê kom lê soos 'n eggo tussen hulle? *"Pa".*
11. Wat is die nut van die volgende twee sinne? "Hy kom stadig terug uit die donker onderwêreld.", en "'n Naam wat sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld te kry." Hulle *verwys na die titel van die roman.*

Die leser kry alreeds hier 'n voorsmakie van die onderwêreld wat wag in die res van die boek.

12. Het die seun sy pa al vantevore sien huil? *Nee, vanaand is die eerste keer.*
13. Wat maak sy pa met die pistool? *Hy vou dit toe in 'n lap en sit dit in die lessenaarlaai.*
14. Watter geheim moet die seun hou? *Dat hy sy pa met die pistool gesien het.*
15. 'n Mens se naam kan nie in die donker "oplos" en "verdwyn" nie. Wat bedoel die skrywer eintlik hiermee? *Die kind sou later vir homself 'n ander naam kry. 'n Skuilnaam.*
16. Daar is talle verwysings na eggo's in die proloog. Soek hulle en skryf dit neer. *Die woord "pa" lê soos 'n eggo tussen die pa en kind. Sy pa se stem weerklink binne hom. Hy kry nie antwoorde nie, maar eggo's uit die onderwêreld. En laastens is die naam wat hy vir homself kies Ekk-0. (In Engels: echo.)*

Het dit jou ook laat wonder ...

Dit kan dalk vir die leser voel of hierdie hoofstuk nie pas by die trant van die res van die boek nie, maar dit is tog belangrik, want teen die einde van die verhaal sal lesers dit wat hier gebeur het, in 'n duideliker lig sien. Dele van die proloog word selfs herhaal in hoofstuk 33.

Hoofstuk 1: Sluimerende grys selle, Polyfilla en ringtones

***Opsomming**:*

Greg se meisie, Nicole, bel hom en vertel van haar droom. Greg kan nie vir Nicole sê hy is lief vir haar nie. Hy vermoed sy verneuk hom met ander ouens terwyl hy by die seunskool (Lawson Kollege) in die Drakensberg is. Greg besef hy is laat. Eckardt het hom nie wakkergemaak nie. Wanneer hy Eckardt wil konfronteer, kry hy hom nie. Greg bel hom en Eckardt se selfoon lui in die kas.

1. Hoe verskil die vertelperspektief van die proloog en hoofstuk 1? *Proloog – derdepersoonsverteller; hoofstuk 1 (tot 35) – Eerstepersoonsverteller, of ek-verteller.*
2. Wat maak vir Greg Owen wakker? *Die skril geluid van 'n selfoon.*
3. In die proloog word die seun, Ekk-0, ook wakkergemaak. Hoe verskil die twee situasies? *Ekk-0 s'n was gevul met spanning. Greg s'n is meer lighartig. Daar is selfs 'n verwysing na sirkusmusiek.*
4. Wanneer die leser verder kennis maak met die Owens se familiegeskiedenis raak 'n sin soos "En dan sou sy dalk skuldig voel omdat sy haarself toegelaat het om te lag." duideliker. Hoekom sou die ma dalk skuldig voel wanneer sy lag? *Haar oudste seun*

het selfmoord gepleeg. Sy kan dalk dink dat dit nie reg is om ook weer gelukkig te voel nie.

5. Hoe doof Greg die geluid van die selfoon uit? *Hy druk die kussing op sy kop.*
6. Wie bel vir Greg? *Nicole.*
7. Hoe lyk Nicole? *Sy het lang, blonde hare, 'n fyn neus, mooi lippe en blou oë wat mooi kan flirt en terg.*
8. Greg verspreek hom met Eckardt se naam. Wat noem hy hom? *Ekk-0.*
9. Wat is die nut hiervan vir die leser? *Ons kom agter dat die Greg die seun van die proloog ken. Hy het vir homself later die naam Ekk-0 gekies.*
10. Waar dink Greg is Ekk-0? *Hy dink hy draf, soos hy elke oggend doen.*
11. Hoe voel Greg daaroor dat Nicole hom uitvra oor Eckardt? *Hy voel ongemaklik. Iets kriewel in sy maag.*
12. Waar speel Nicole se droom af? *In die swembad tydens 'n partytjie by haar pa-hulle se huis.*
13. Waar is Nicole tydens die telefoongesprek? En Greg? *Nicole is by die huis in Johannesburg en Greg by die seunskoolkoshuis in die Drakensberg.*
14. Hoe voel Greg oor sy en Nicole se verhouding? *Hy vertrou nie vir Nicole nie. Hy vermoed dat sy hom verneuk met ander ouens.*
15. Sê Greg vir Nicole hy het haar ook lief? *Nee, hy sê net "selfde" as sy sê sy is lief vir hom.*
16. Hoekom is Greg se woorde soos Pollyfila? *Dit beteken nie veel nie, maar is net iets waarmee jy stiltes kan volmaak.*
17. Hoekom beëindig Greg die oproep so skielik? *Hy is laat (Dis kwart oor sewe.)*
18. Hoe lyk Lawson Kollege se skoolklere? *Swart broeke en baadjies. Wit hemde en geel dasse. Die skoolwapen het 'n fakkel. Bo die fakkel is die skool se naam en onder dit is die skool se leuse: Lux hominum vita.*
19. Bly Greg en Eckardt in dieselfde koshuiskamer? *Nee, hulle bly 'n entjie van mekaar af, in dieselfde gang.*
20. Eckardt is nie in sy koshuiskamer nie. Wat doen Greg om hom te kry? *Hy bel hom op sy selfoon.*
21. Hoekom word Greg se lyf koud? *Eckardt se selfoon lui in sy kas.*
22. Wat staan op die selfoonskerm? *Die naam G-4ce.*

Het jy geweet

Die liedjie *Connected* van die Stereo MC's is nie net Eckardt se selfoonluitoon nie, dit was ook gebruik in die fliek *Hackers*, en is gebruik in advertensies vir die Europese internetdiensverskaffer *Carphone Warehouse*.

Hoofstuk 2: Log File: Die dag voor die laaste skooljaar begin

***Opsomming**:*

In die terugflitshoofstuk kom Greg die dag voor die matriekskooljaar begin, by Lawson Kollege aan. Sy onverbiddelike pa, 'n mediamagnaat van Turret Media, het hoë verwagtinge van hom. Sy ma wil egter seker maak dat Greg weet sy pa is lief vir hom. Daar het iets in die verlede met die gesin gebeur wat hulle 'n emosionele knou gegee het. Greg is gewild onder die leerders. Sy vriende is Plank en TJ. Hy stamp kop met die onderhoofseun, Kwanele Twala. Greg ontmoet ook vir Eckardt Wilken, die nuwe matriekleerder. Hy dink dadelik Eckardt is 'n moeilikheidmaker.

1. Waarop dui die bewoording "Log File" in die hoofstuknaam? *Hierdie hoofstuk speel af voor die vorige hoofstuk waarin Eckardt weggeraak het. 'n Log File teken 'n rekenaar se gebruikersgeskiedenis aan. Die skrywer span hier die term in om iets wat in die verlede gebeur het, te vertel.*
2. Watter grens steek Greg en sy ma oor met die motor? *Die grens tussen die Vrystaat en KwaZulu-Natal.*
3. Kan die oorsteek van die grens ook simbolies gesien word? *Ja, 'n nuwe skooljaar gaan aanbreek. 'n Nuwe belangrike tydvak breek aan vir Greg.*
4. Watter verklaring gee die skrywer vir die herkoms van die naam "Drakensberg"? *Daar is 'n legende dat die naam kom van 'n Boere-pa en sy seun wat 'n draak hier gesien het.*
5. Die streek word ook uKhahlamba genoem. Wat is die herkoms hiervan? *Dit is volgens oorlewering die geluid wat 'n Zulu-krygsman se spies maak as hulle dit kap teen hulle koeivelskilde en die geluid terug-eggo vanuit die berge.*
6. In watter maand van die jaar speel hierdie hoofstuk af? *Januarie.*
7. Wat wou Greg se pa van hom weet? *Hy wil weet wat sy planne is vir die laaste skooljaar.*
8. Wat is die naam van Greg se pa se maatskappy? *Turret Media.*
9. Watter beroep beoefen Greg se pa? *Hy is 'n mediamagnaat.*
10. Hoe is die verhouding tussen Greg en sy pa? *Die verhouding is gespanne. Ons kom alreeds hier agter dat sy pa hoë verwagtinge van hom koester.*
11. Greg se pa wil hom vergelyk met iemand anders, maar hy maak nie sy sin klaar nie. Tog verstaan Greg wat hy bedoel. Wat is die doel hiervan vir die leser? *Dit skep afwagting. Daar is iets wat ons nie weet van hierdie gesin nie, maar wat 'n impak gaan hê op die verhaal.*
12. Hoe reageer Greg se ma op haar man se uitbarsting? *Sy staan op en loop.*
13. Na wie is die skoolkoshuise vernoem? *Na bekende mense; voorlopers van hul tyd, soos Pierre Curie, Albert Einstein, Leonardo da Vinci, ens.*

14. Watter bergpieke omring Lawson Kollege? *Cathedral Peak, Mnweni Needles, Devil's Tooth, Amphitheatre, en meer.*

15. Is Lawson Kollege 'n statusbewuste skool? Motiveer jou antwoord. *Ja, dis 'n skool vir superrykes, daar is 'n lang waglys, ongeskrewe kriteria hou "ongewenste elemente" uit die skool.*

16. Wie is die stigter van Lawson Kollege? *Thomas Lawson.*

17. Hoekom is dit veral belangrik vir hierdie verhaal? *Thomas Lawson se kleinkind, TJ, is ook vanjaar in matriek, en een van Greg se vriende.*

18. Hoe is die verhouding tussen Greg en die onderhoofseun, Kwanele Twala? *Hulle kom nie goed oor die weg nie. Hulle dialoog is bytend. Dit wil voorkom of Kwanele dinge doen sonder Greg se insette. Greg hou nie daarvan nie.*

19. Gee 'n kort beskrywing van Mark Gibbons (Plank). *Hy is 'n tawwe voorryspeler en baie slim. Hy het omtrent altyd 'n glimlag op sy gesig omdat hy onder die invloed van dwelms is. Hy is moontlik 'n rebel, vandaar sy breinspoeling-opmerking.*

20. Wat dink jy bedoel Plank met "vriendelik-verpligte breinspoeling"? *Hulle moet skool toe gaan om te leer dink soos hulle onderwysers wil hê hulle moet dink.*

21. Is Greg 'n gewilde ou by die skool? Motiveer jou antwoord. *Ja, baie ouens groet hom en wil geselsies aanknoop.*

22. Bring Greg 'n rekenaar saam skooltoe? *Ja, hy bring sy eie skootrekenaar.*

23. Hoe voel Greg oor sy ma? *Hy het deernis vir haar, want hy besef sy is baie alleen. Hy weet sy wil net die beste vir hom hê, en hom help waar sy kan.*

24. Wie is die skool se adjunkhoof? *Pete Andersen.*

25. Hoe voel Greg oor onderwysers? Motiveer jou antwoord. *Hy hou nie baie van hulle nie. Hy hou 'n kunsmatige glimlag gereed vir hulle.*

26. Waar in die koshuisgebou is die Matrieks se kamers? *Op die boonste verdieping.*

27. Hoekom bewe Greg se ma se hande wanneer sy die tas oopmaak? *Sy is senuweeagtig. Sy wil seker maak dat Greg weet sy pa is lief vir hom, al is hy hard op Greg.*

28. Sy ma maak nie haar woorde klaar as sy praat van John nie. Dit is amper 'n herhaling van die pa wat nie sy sin voltooi het die vorige aand nie. Wat is die doel hiervan vir die leser? *Ons vind nou 'n bietjie meer uit oor die gesin. Daar is iemand genaamd John wat 'n impak gemaak het op die gesin. Steeds weet ons nie wie hy is of wat hy gedoen het nie. Dit skep spanning.*

29. Gee 'n kort beskrywing van die Matrieks se koshuisvloer. *Elke vier kamers deel 'n badkamer. Die gang loop dood aan die onderpunt by 'n hysbak. Daar is 'n formele sitkamer asook 'n informele sitkamer (die Hang-Out) waar hulle TV kan kyk, of kan werk op rekenaars. Greg bring sy eie rekenaar saam, want elke kamer het 'n netwerkpunt waarby hulle dit kan inprop.*

30. Gee 'n kort beskrywing van Eckardt. *Hy het 'n donker kop en wenkbroue, is ongeskeer en het strak oë.*

31. Hoe voel Greg oor die nuweling? *Hy dink hierdie ou is ’n moeilikheidmaker, maar hy reken hy en sy pelle sal Eckardt gou uitsorteer.*
32. Hoekom is dit vreemd dat daar ’n nuwe leerder by die skool aankom in hulle matriekjaar? *Sulke goed gebeur nie maklik nie, siende dat die skool ’n waglys het. Greg reken dat Eckardt se pa ongelooflike konneksies moet hê om so iets reg te kry.*

Hoofstuk 3: Boeke en Boggom

***Opsomming**:*
Eckardt se hardloopskoene is weg, maar sy kamer is netjies. Eckardt word beskryf as ’n ywerige leser en intense persoon. Greg sien iets van sy broer, John, in Eckardt. Meneer Bill Eden gaan spreek die adjunkhoof oor Eckardt. Greg en Plank dink dat Eckardt se ouers hom dalk in die loop van die aand kom haal het a.g.v. ’n familiekrisis, maar Greg wonder of Eckardt sy skootrekenaar en selfoon sou los.

1. Verduidelik waar die begin van hierdie hoofstuk inpas in die verhaallyn. *Die hoofstuk begin waar hoofstuk 1 geëindig het – by die selfoon wat Greg in Eckardt se kas kry.*
2. Wat is weg uit die kamer? *Eckardt se hardloopskoene.*
3. Watter sport beoefen Eckardt? *Hy is ’n drawwer.*
4. Wie kom Greg pouse teë op pad koshuis toe? *Vir TJ.*
5. Wat wil Greg by die koshuis gaan maak? *Hy wil kyk of Eckardt al terug is en of hy oukei is.*
6. Wie dink Greg eers stuur vir hom ’n SMS? *Eckardt, maar dit is eintlik Nicole.*
7. Is Eckardt in sy kamer? *Nee.*
8. Ons kry hier ’n verdere beskrywing van Eckardt. Watter tipe mens is hy? *Hy is ’n intense ou. Hy weet van goed wat ander ouens van sy ouderdom nie weet nie. Hy lees baie en het bv. kennis oor kwantumteorieë en -rekenaars. Hy is stil, hou nie van partytjies nie en is ’n alleenloper.*
9. Is Greg ’n leser? *Nie eintlik nie. Hy lees net as hy verveeld is. Hy sien homself eerder as ’n sportman.*
10. Watter boek vang Greg se aandag? *Depression.*
11. Hoekom oorval skuld vir Greg? *Hy was amper die ou wat dinge vir Greg moeilik gemaak het toe hy by die skool aangekom het.*
12. Hoe “eggo” die gebeure in hoofstuk 2 nou Greg se skuldgevoel? *Hoofstuk 2 eindig met Greg se siening van Eckardt as moeilikheidmaker en sy vae planne om hom reg te ruk. Nou voel hy skuldig daaroor, al is dit iets wat maande gelede gebeur het.*

13. Hoekom het Greg se siening van Eckardt verander? *Hy het iets in Eckardt gesien wat hom herinner aan sy broer, John.*
14. John se naam kom weer op in die roman, maar steeds bly die skrywer geheimsinnig oor wat met John gebeur het. Hoekom doen die skrywer dit? *Hy wil die leser nuuskierig maak en die spanning verhoog.*
15. Watter onderwyser probeer uitvind waar Eckardt is? *Bill Eden, die wiskunde-onderwyser.*
16. Plank is nie net verslaaf aan dwelms nie. Waaraan is hy ook verslaaf? *Aan sepies.*
17. Waarheen dink Plank het Eckardt verdwyn? *Hy dink daar is probleme by die huis en dat sy ouers hom in die loop van die aand kom haal het.*
18. Het dit al gebeur dat daar kinders weggeraak het by die skool? *Ja.*
19. Wat pla Greg aan die einde van die hoofstuk? *Hy dink nie Greg sou sy selfoon en skootrekenaar gelos het as sy pa-hulle hom kom haal het nie.*

Hoofstuk 4: Log File: Die Tonnel

***Opsomming**:*
Greg is verveeld en dit is nog net die eerste skooldag. Doktor Alec Pienaar maak 'n belangrike aankondiging in die skoolsaal. Die Tonnel-ritueel vind plaas en die graad 8's (Trappers) word deur die skool se ondergrondse tonnels gejaag. Greg besef skielik dat Eckardt ook 'n nuweling is. Voordat hy hom egter deur die donker tonnel kan jaag, herinner 'n kyk in Eckardt se oë vir Greg aan sy broer, John. Greg haal vir Eckardt uit die tonnel.

1. Hoe pas Hoofstuk 4 in by die verhaallyn van die boek? *Hoofstuk 4 begin waar hoofstuk 2 geëindig het met die begin van die skooljaar.*
2. Plank se rebelsheid kom weer hier na vore. Verduidelik hoe ons dit weet. *Hy noem speels dat die leerlingraad die uitverkorenes. Hy sê dat hulle verkiesing blote saketransaksies tussen hul ouers en die skool was. Die leerlingraadwapen op ouens soos Greg se baadjie is die kwitansie.*
3. Wie moet die graad 8's uit die bed kry? *Kwanele.*
4. Wie stap by Greg se kamer verby? *Eckardt.*
5. Wie is die skoolhoof? *Doktor Alec Pienaar.*
6. Luister Greg deeglik na Dok se toespraak? *Nee.*
7. Watter groot aankondiging maak Dok? *Dit is sy laaste jaar as skoolhoof. Hy gaan dan private sakebelange najaag, maar sal vanjaar alreeds daarmee begin en by tye nie by die skool wees nie.*

8. Watter waarskuwings en dreigemente kry die matrieks met hulle eerste dag? *Dat matriek nie speletjies is nie. Hulle moet vergeet van meisies en rekenaarspeletjies.*
9. Wat moet jy weet as jy jou vuil skoonskoene politoer vir jou eerste dag in graad 8 by Lawson Kollege? *Dat jy vanaand gaan bid dat jy die Tonnel oorleef.*
10. Wat is die Tonnel? *'n Netwerk van waterafvoerpype wat onder die kollege deurloop.*
11. Wie is die "Trappers"? *Die graad 8's.*
12. Wat moet die Trappers doen terwyl hulle na die bek van die Tonnel geneem word? *Hulle moet die skoollied sing.*
13. Wat staan aan die westekant van die skoolgronde? *'n Bos met geelhout- en witstinkhoutbome.*
14. Wat word met die Trappers gedoen voordat hulle in die mangat klim? *Hulle word geblinddoek en in die rondte gedraai.*
15. Wat moet die Trappers doen om 'n deel van die skool te word? *Hulle moet hulle pad vind deur die doolhof van ondergrondse tonnels tot by die skool.*
16. Hoe voel dit in die Tonnel? *Jy is benoud van al die beurende lywe om jou. Jou treë is onseker. Jy is ingeperk deur die nou tonnel. Daar is 'n vrot reuk in die lug en jy word so vasgevang dat jy nie eens besef het dat jy steeds die blinddoek op het nie.*
17. Waarna sien jy uit as jy uit die Tonnel kom? *Die oorgee van die ritueel.*
18. Greg sien skielik dat daar nog 'n Trapper (nuweling) is. Wie is dit? *Eckardt.*
19. Wie probeer om Eckardt se oë toe te bind? *Greg.*
20. Wat is Eckardt se reaksie? *Hy draai sy lyf en stamp Greg se hande weg.*
21. Hoe kry Greg beheer oor Eckardt? *Die ander ouens anker Eckardt op sy knieë terwyl Greg die blinddoek opsit.*
22. Wat loop verkeerd? *Eckardt struikel. Die blinddoek skuif effens af van sy gesig. Greg sien dan 'n kyk in Eckardt se oë wat hom herinner aan sy broer, John.*
23. Wie trek vir Eckardt uit die mangat? *Greg.*
24. Verduidelik die wending wat die verhaal neem met die Tonnel-ritueel. *Greg het Eckardt eers gesien as 'n moeilikheidmaker, maar nadat hy iets van sy broer, John, in die kyk in Eckardt se oë sien, verander sy houding en red hy self vir Eckardt uit die Tonnel.*

Hoofstuk 5: Die soektog en gerugte van selfmoord

***Opsomming**:*

Terwyl die televisienuus berigte uitsaai oor die verspreiding van voëlgriep, word die matrieks opgekommandeer om vir Eckardt te help soek op die skoolgronde. Hulle word versoek om nie met die ander leerders te praat nie. Daar is gerugte dat Eckardt selfmoord gepleeg het. Dit ontstel vir Greg, want sy broer John vir wie hy so lief was, het ook selfmoord gepleeg deur 'n oordosis pille te drink. Eckardt is steeds spoorloos.

1. Hoe pas Hoofstuk 5 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en begin op Vrydag, die dag na Eckardt se verdwyning.*
2. Watter onderwerp word gedek in die televisienuus? *Die ontstaan en verspreiding van voëlgriep.*
3. Is Eckardt al terug? *Nee*.
4. Wat gaan aan in Eckardt se kamer? *Meneer Andersen, ander onderwysers en die koshuisvader, oom Ian, is in Eckardt se kamer.*
5. Waar word die leerders byeengeroep? *In die ontspanningskamer.*
6. Watter donkerkant het die vreemde opwinding vir Greg? *Dit is gevul met vrees.*
7. Wat gaan die matrieks doen, op versoek van Andersen? *Hulle gaan die skoolterrein fynkam op soek na Eckardt.*
8. Hoe word die res van die skool deur die soektog geraak? *Hulle neem nie deel nie, en gaan aan soos normaal. Die matrieks mag nie met die ander leerders hieroor praat nie.*
9. Wat laat 'n mens dink dat die skool dalk iets het om weg te steek? *Die matrieks mag nie met die ander leerders of selfs hulle eie ouers praat oor die soektog nie.*
10. Watter gerug versprei teen die tyd dat Greg hulle op die plein staan? *Dat daar 'n selfmoordbrief gekry is.*
11. Hoekom ontstel dit vir Greg? *Ou verborge gevoellens kom weer by hom op: die selfmoord van sy broer John.*
12. Gee 'n kort verduideliking van hoe John gelyk het. *Hy het blonde hare en 'n vriendelike skaam glimlag gehad. Meisies was gek oor hom.*
13. Het Greg en John goed oor die weg gekom? Verduidelik jou antwoord. *Ja, Greg en John het baie goed oor die weg gekom. Hy was Greg se held. Hulle kon tot laat in die nag oor enige onderwerp met mekaar gesels. Greg sou enigiets vir John doen.*
14. Van watter sport het John gehou? *Ekstreme sportsoorte soos rotsklim, "white water rafting" en bungee-spring.*
15. Wat het van Greg ook 'n gevaar-junkie gemaak? *Die adrenalienversnelling wat hy saam met sy broer ervaar het as hulle aan die ekstreme sport deelgeneem het.*
16. Hoe het John selfmoord gepleeg? *Hy het 'n oordosis pille gedrink.*

17. Wanneer is John dood? *Op pad na die hospitaal.*
18. Hoe "eggo" die gebeure van John se selfmoord nou weer in Greg se lewe? *Daar is 'n moontlikheid dat Eckardt ook selfmoord gepleeg het. Omdat Greg iets van sy broer, John, in Eckardt se oë gesien het, voel dit amper asof hy terug is in daardie nare omstandighede.*
19. Watter bevel het Greg se pa vir hom gegee na John se dood? *Hy mag nie huil oor sy broer se dood nie.*
20. Hoe was Greg se pa se houding na John se dood? *Hy was afgetrokke.*
21. Watter les dink Greg wil die lewe hom leer deur hom moontlik in dieselfde situasie te plaas as destyds? *Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n koeëlvaste baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer.*
22. Kry hulle vir Eckardt? *Nee.*
23. Watter leuen vertel Greg vir sy ma? *Hy sê hy is hartseer omdat hy vandag aan John gedink het.*

Hoofstuk 6: Log File: Lux hominum vita

***Opsomming**:*

In die terugflitshoofstuk gaan die Tonnel-ritueel voort. Die betekenis van die blinddoek, die versteekte flitsliggie en die skoolleuse word duidelik. Greg gaan soek die Trappers wat verlore is in die tonnels. Eckardt gaan help hom. Terug in die koshuis sien Eckardt waarmee Greg besig is op die rekenaar. Hy waarsku hom teen die gevare van internetgebruik. In sy kamer bied Eckardt vir Greg bier aan, en hy vra vir Greg of hy al 'n rekenaar gekraak het.

1. Hoe pas Hoofstuk 6 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en gaan aan met die Tonnel-ritueel.*
2. Wat doen Eckardt toe hulle terug is op die plein en wag vir die Trappers? *Hy staan tussen die ander matrieks, maar op 'n manier is hy eenkant. Hy staan met gevoude arms en staar met vasgenaelde oë na die donker gat in die grond.*
3. Watter ritueel volg wanneer die eerste Trapper verskyn uit die donker mangat? *Hy kry die geheime skoolhanddruk.*
4. Wat is in die seun se sak? *'n Klein flitsliggie.*
5. Wat beteken die skool se leuse "Lux hominum vita"? *Lig is die lewe vir die mensdom.*
6. Hoe pas die flitslig in by die skoolleuse? *Die flitslig sal die Trappers help om hulle pad deur die donker tonnel te vind. Dit is ook 'n simboliese hulp vir die donker wat in hulle*

lewe op hulle mag wag, want die leerders en oud-leerders sal mekaar help, nou en in die toekoms.

7. Wat gee vir Greg hoendervleis? *Die seuns wat die skoollied sing.*
8. Wat gaan gebeur met die ses seuns wat nie hulle pad kry deur die tonnels nie? *Hulle sal uitgewekenes word in die skool en ook nie die jaar by Lawson Kollege uitsien nie. Hulle flitsligte sal ook van hulle af weggeneem word. Hulle sal self hulle blinddoeke teruggee, onbewus van die simboliese betekenis daarvan.*
9. Wie kom help vir Greg om die ses leerders te soek? *Eckardt.*
10. Eckardt besoek Greg in sy kamer. *Is Greg gemaklik daarmee? Ja, hy is nou.*
11. Wat het Eckardt en Greg se pa's ingemeen? *Hulle sal albei ontsteld wees as hulle seuns iets doen wat hulle in die verleentheid stel, soos om geskors te word.*
12. Hoe is ouens soos Greg en Eckardt soos hulle pa's? *Eckardt sê hulle is klone van hulle pa's; dat die skool hulle breinspoel om soos hulle pa's te word.*
13. Hoe speel die eggo-motief wat deur die boek loop in op die kloon-aspek? *Die pa's se gene, emosies, houdings en optrede moet eggo, of gedupliseer word in hulle seuns s'n.*
14. Dit klink amper of die seuns soos gebruiksartikels in 'n fabriek gemaak word. Waar in 'n vorige hoofstuk kom die kwessie van masjiene ook op? *Een van die koshuise is vernoem na Le Corbusier, die argitek wat geglo het geboue is "masjiene waarin mense leef". (bl. 16)*
15. Waarteen waarsku Eckardt vir Greg? *Teen veilige internetswerwing en veral aankope op onveilige webblaaie.*
16. Hoe weet ons Eckardt het 'n rebelsheid in hom? *Hy hou bier aan in die yskas.*
17. Die verbode bier in die yskas het ook 'n simboliese betekenis. Verduidelik. *Dit is amper soos verbode vrugte. Van hier af gaan Greg geleidelik in die onderwêreld (verbode terrein) ingetrek word. Die bier is maar net 'n amperse onskuldige begin.*
18. Watter onheilspellende vraag vra Eckardt vir Greg aan die einde van die hoofstuk? *Hy vra of Greg al 'n rekenaar probeer kraak (hack) het.*
19. Hoekom sluit die hoofstuk af sonder om Greg se antwoord te gee? *Dit bou spanning en hou die leser nuuskierig.*

Hoofstuk 7: Die pion gooi sy toys uit die cot

***Opsomming**:*

Greg kyk neer op Tom, die skoolterreinbestuurder, en besef dan dat hy soos sy pa word. TJ sê mense is pionne wat geoffer kan word vir 'n groter beloning, of om 'n spel te wen. Greg kom in opstand teen Dok. Hy weier om aan die oggend se rugbywedstryd deel te neem tensy die skool iets daadwerkliks begin doen aan Eckardt se verdwyning. Greg besef hy is nie veel van 'n leier nie, en dat hy nou ook in die moeilikheid gaan wees by sy pa. Hy besluit om die media in te lig van Eckardt se verdwyning.

1. Hoe pas Hoofstuk 7 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede (Saterdag) en hervat die verhaal nadat Eckardt verdwyn het.*
2. Het die skool se versoek dat niemand 'n woord mag rep oor die verdwyning gerealiseer? *Nee, die nuus het begin versprei onder die leerders.*
3. Waar in die boek was daar al 'n verwysing na 'n griepepidemie? *Die televisienuus het die vorige dag 'n berig gehad oor voëlgriep.*
4. Watter skinderstorie skok vir Greg en maak dat hy een van die graad 8's gryp? *Een van die graad 8's sê dat hulle vir Eckardt gekry het. Hy het homself opgehang aan 'n boom. Dit is egter nie waar nie.*
5. Waaraan herinner Eckardt se toe, wit kamerdeur vir Greg? *Aan 'n grafsteen.*
6. Hoekom gebruik die skrywer juis hierdie beeld? *Om die moontlik onheilspellende omstandighede van sy verdwyning te beklemtoon.*
7. Waarmee is Tom, die skool se nuwe terreinbestuurder, besig? *Hy en 'n assistent is besig met die laaste voorbereidings vir die oggend se rugbywedstryde.*
8. Watter woorde uit die vorige hoofstuk "eggo" nou weer by Greg? *Dat die leerders klone van hulle pa's is.*
9. Hoekom word Greg vies toe hy die motors sien? *Hy is vies omdat die Lawson Kollege voortgaan met die sportdag teen Durban Boys High asof niks gebeur het nie.*
10. Hoekom sê Greg vir TJ sit hy op die koshuistrappe? *Hy dink aan Eckardt.*
11. Waarmee vergelyk TJ wat gebeur by die skool? *Hy sê hulle is pionne en dat iemand kan besluit om jou te offer in die spel.*
12. Vergelyk TJ se skaak-beeld met Eckardt se siening van pa's en seuns. *Eckardt sê seuns is klone van hulle pa's. TJ sê hulle is pionne, en "jy lyk nes die pion langs jou. Heeltemal vervangbaar."*
13. Hoekom sal iemand jou in die skaakspel offer, volgens TJ? *Vir 'n groter beloning, of om die spel te wen.*
14. Wie spreek die matrieks toe voor die wedstryde begin? *Dok Pienaar.*

15. Dok Pienaar het ’n vals glimlag (bl. 42). Wie het ook ’n vals glimlag gegee vroeër in die boek? *Greg het ’n vals glimlag gegee toe hy meneer Andersen die eerste keer sien voor die skool begin. (bl. 19)*
16. Hoe smeer die skoolhoof heuning om die matrieks se monde? *Hy sê hulle lyk soos ’n Springbokspan.*
17. Wat dink Dok van iemand wat sy “beste” gee? *Dit is nie goed genoeg vir hom nie. Hulle is verloorders. Hy soek meer; hy soek hulle hart en siel.*
18. Wat ontstel Greg van Dok se praatjie? *Dok sê dat Eckardt gedros het.*
19. Wat is Dok se reaksie wanneer Greg hom konfronteer? *Dok se houding word rigied en koud.*
20. Kry Greg die antwoorde waarna hy soek? *Nee, Dok is ontwykend.*
21. Watter ultimatum stel Greg vir Dok? *Hy sê hy sit nie sy voet op die rugbyveld as die skool nie iets daadwerkliks doen aan Eckardt se verdwyning nie.*
22. Hoe reageer Dok op die ultimatum? *Hy vertel vir Greg dat hy hom nie sal laat afdreig nie en dat daar ander spelers is wat Greg se plek in die span kan vat.*
23. Wat is Greg se reaksie op Dok se kil woorde? *Hy draai om en stap terug koshuis toe.*
24. Hoe voel Greg oor hierdie drastiese stap? *Hy wil gelyk skree van frustrasie en juig omdat hy sy man gestaan het teen Dok.*
25. Watter “groter draak” sal Greg nou moet aandurf? *Hy sal aan sy pa moet verduidelik wat hy gedoen het.*
26. Hoekom wonder Greg of hy werklik ’n leier is? *Nie een van sy pelle het saam met hom teen Dok opgestaan nie.*
27. Watter idee kom by Greg op? *Hy kan die media kontak in verband met Eckardt se verdwyning.*
28. Hoe beplan hy om hulle te kontak? *Met een van die fiktiewe e-posadresse wat Eckardt hom help skep het.*

Hoofstuk 8: Log File: Onderwêreld

***Opsomming**:*

Greg ervaar die opwinding van die onderwêreld van kuberkrakers. Dit word soos ’n nuwe soos ekstreme sport en laat hom meer met Eckardt identifiseer omdat dit hom herinner aan John. Greg leer van rekenaarsekuriteitsmure, swakpunte in stelsels, die verskil tussen “hackers” en “crackers”, en dat kuberkrakers ook soms goeie werk doen. Hy vra dat Eckardt hom moet leer hoe om ’n kuberkraker te word.

1. Hoe pas Hoofstuk 8 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die verhaal nadat Eckardt vir Greg gevra het of hy al ’n rekenaar gekraak (hack) het.*
2. Watter “donker woorde” is “stikvol opwinding” vir Greg? *Eckardt s’n as hy sê: “Cyberspace se onderwêreld wag . . .”*
3. Waaraan herinner dit vir Greg? *Dis asof sy broer John aankondig dat hulle ’n nuwe ekstreme sport gaan probeer.*
4. Op watter tipe besigheid se webblad raak Eckardt doenig? *’n Reisagent s’n.*
5. Waarna soek hy op die webblad? *Hy soek CGI-swakpunte.*
6. Hoekom doen hy dit? *Dit sal hom ’n inkomplek gee. Hy sal deur die sekuriteitsmuur (firewall) kan breek.)*
7. Waarmee vergelyk Eckardt die sekuriteitsmuur? *Met ’n kasteel se ringmuur.*
8. Watter regte kuberkraker het al só by die White House se stelsels ingebreek? *Zyklon.*
9. Watter funksie op die White House se webblad het hy uitgebuit? *Die telefoonboek-funksie.*
10. Hoe slim moes bg. kuberkraker wees volgens Eckardt? *Hy moes net slimmer as die stelseladministrateur wees.*
11. Watter funksie wil Eckardt uitbuit op die reisagent se webblad? *Die klagteskerm.*
12. Watter stelsels gebruik reisagente? *Amadeus of Galileo.*
13. Steel Eckardt enige inligting? *Nee, hy kyk net rond en glip dan weer uit die stelsel.*
14. Hoekom is Greg verbaas? *Hy dink dat alle krakers inligting steel of stelsels beskadig.*
15. Wat noem Eckardt mense wat besighede se elektroniese inligting steel of stelsels beskadig? *“Crackers”.*
16. Wat is ’n “hacker” dan? *Dis net iemand wat nuuskierig is, met harde- en sagteware rondspeel en kyk wat hy daarmee kan doen. Dalk kan hy probeer uitvind hoe stelsels vinniger kan werk.*
17. Wie gee Eckardt die skuld vir kuberkrakers se slegte reputasie? *Die media.*
18. Doen kuberkrakers dus ook goeie werk, volgens Eckardt? Motiveer jou antwoord. *Ja, hulle is onder andere die rede hoekom rekenaars en rekenaarprogramme so vinnig vooruitgegaan het die afgelope jare.*
19. Watter ander name gee Eckardt vir die goeie “hackers” en die slegte “crackers”? *Die white hats (goed) en die black hats (sleg).*
20. Watter opwindende versoek rig Greg aan Eckardt? *Hy wil hê Eckardt moet hom leer rekenaars kraak.*

Hoofstuk 9: Sleeping beauty kry dinge aan die roer

***Opsomming**:*
Greg stuur 'n e-pos aan die media oor Eckardt se verdwyning. Greg vertel vir Nicole van Eckardt. Lawson Kollege wen die rugby. Twee vreemde motors daag op by die skool. Een vermoedelik van die media, die ander 'n polisiemotor. Die uniformtak van die polisie ondersoek Eckardt se kamer, maar daar sal 'n opvolgbesoek wees van die speurders. Greg luister Dok en meneer Andersen se gesprek af. Iets het fout gegaan met Eckardt se skoolrekord.

1. Hoe pas Hoofstuk 9 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal waar Greg 'n e-pos stuur aan 'n kontak by die media.*
2. Wat sien Greg wat hom laat wonder of sy e-pos aan die media gewerk het? *Hy sien 'n vreemde motor die skoolgronde binnery nadat die sportdag verby is.*
3. Het Lawson Kollege die rugby gewen? *Ja.*
4. Beskryf die atmosfeer in die koshuis na afloop van die wedstryd. *Daar word feesgevier met harde musiek, stampende voete en vuiste wat hamer teen deure.*
5. Wat soek Plank in Greg se yskas? *Bier*
6. Waaraan dink Greg toe Plank in die asblik kyk vir leë bierblikke? *Hy dink aan die kuberkrakertegniek van dumpster diving waar krakers in asblikke soek na maatskappye se ou telefoonboeke, e-posse en ou handleidings.*
7. Hoekom bekommer Nicole se oproep vir Greg? *Hy wonder of daar ander ouens saam met haar uitgaan.*
8. Nog 'n motor kom by die skool aan. Watter tipe motor is dit hierdie keer? *Dis 'n polisievoertuig.*
9. Hoe dink Greg sal Dok die polisie oortuig om Eckardt se verdwyning stil te hou? *Hy dink Dok sal hulle 'n omkoopgeskenk aanbied om die skool se beeld ongeskonde te hou.*
10. Toe Nicole 'n tweede keer bel, vertel Greg vir haar van Eckardt se verdwyning. *Hoe reageer sy? Sy is effens ontsteld.*
11. "Van die ouens dink dat hy dalk homself . . . " Hoekom maak Greg nie sy sin klaar toe hy vir Nicole vertel van Eckardt se verdwyning nie? *Dit is vir hom moeilik om te sê dat Eckardt moontlik selfmoord gepleeg het. Net so moeilik soos dit was om vir mense te sê dat sy broer selfmoord gepleeg het. Dit los 'n bitter smaak in sy mond en laat hom magteloos voel.*
12. Wie kom die koshuis binne? *Dok, meneer Andersen en die polisie.*
13. Een van die ouens noem Greg 'n "loser" toe hy orde probeer handhaaf. Waar in die roman het Greg self ook besef dat hy nie veel van 'n leier is nie? *Geeneen van die*

matrieks het Greg ondersteun toe hy teen Dok in opstand gekom het voor die aanvang van die rugbywedstryd nie.

14. Kan Greg goed sien wat in Eckardt se kamer aangaan? *Nee, hy kyk vanuit 'n slegte hoek. Dit lyk egter vir hom of hulle 'n kasdeur oopmaak.*
15. Wie gaan 'n opvolgbesoek bring aan die skool? *Die speurders.*
16. Watter vorm verlang die polisie van Dok? *Die vermistepersonevorm (SAP55).*
17. Meneer Andersen roep Dok eenkant toe vir 'n vertroulike gesprek. Greg hoor 'n gedeelte daarvan. Verduidelik hoe die gesprek die spanningslyn verhoog in die verhaal. *Iets onverklaarbaar het met Eckardt se skoolrekord gebeur – iets wat nog nooit voorheen met die leerdersdatabasis gebeur het nie. Die afwagting wat die gesprek skep verhoog die spanning van die verhaal. Die leser wil weet wat so vreeslik kan wees dat dit meneer Andersen ontstel.*

Hoofstuk 10: Log file: Toets vir die idiote

***Opsomming**:*

Na sy drafoefening maak Eckardt vir Greg wakker met 'n verwysing na die Griekse mitologie. Greg verstaan dit nie. Later die dag kies Greg vir hom 'n krakerskuilnaam: G-Force. Eckardt verander dit na G-4ce. Greg se eerste les sukkel maar. Hy moet ook 'n bietjie navorsing doen oor HTML-programmering. Met Eckardt se hulp slaag Greg die "toets van die idiote". Greg sien 'n foto van Eckardt se gesin toe 'n notabord in 'n speelse geveg van die muur afval.

1. Hoe pas Hoofstuk 10 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die verhaal na Greg se versoek dat Eckardt hom leer rekenaars kraak.*
2. Waarna verwys hierdie woorde van Eckardt: "Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos"? *Volgens die Griekse mitologie was Zeus die oppergod, en Herakles sy seun. Hipnos het Zeus met 'n skelmstreek aan die slaap gemaak sodat Hera, die koninging van die hemel, kon wraak neem op die Trojane. Terwyl Zeus slaap, het sy Herakles se skip laat strand op die Kos-eiland.*
3. Hoekom is Eckardt se lyf nat? *Hy het gaan draf.*
4. Waaroor moet Greg die leerlingraad aanspreek? *Oor hul swak dissipline.*
5. Wie stap verby Greg en Eckardt op pad na die Engelsklas? *Tom, die terreinbestuurder.*
6. Wat moet Greg vir homself uitdink voor hulle krakerlesse begin? *'n Lekker skuilnaam.*

7. Wat kies Greg as ’n skuilnaam? *G-Force.*
8. Hoe verander Eckardt Greg se skuilnaam? *Hy verander dit na G-4ce.*
9. Waar het die naam vantevore in die verhaal opgekom? *Dit was die naam op Eckardt se selfoonskerm die Donderdagoggend van sy verdwyning toe Greg hom gebel het.*
10. Wat is Eckardt se skuilnaam? *Ekk-0*
11. Eckardt maak dit duidelik dat die laaste karakter ’n nul is. Kan dit simbolies wees van Eckardt se persoonlikheid? *Moontlik, omdat hy ’n alleenloper is. Talle Afrikaanse spreekwoorde met die woord “nul” dui op niksbeduidendheid. (Nul op ’n kontrak; Van nul en gener waarde, ens.) Mens kan wonder of Eckardt homself so sien. Jy kan ook wonder of dit iets te doen het met die boek oor depressie op sy boekrak.*
12. Waar het Eckardt vantevore gepraat van “nul”? *Met sy aankoms in die koshuis, het Greg vir Eckardt gevra of hy tot vyf kan tel (met verwysing na die matrieks op die boonste vloer van die koshuis.) Eckardt se antwoord was dat ’n mens net nulle en ene (“zero’s en one’s” – bl. 21) nodig het.*
13. Watter webblad gebruik Eckardt om vir Greg te begin leer? *www.hackthissite.org*
14. Wat is die naam van die eerste toets? *The idiot test.*
15. Watter rekenaarprogrammeringstaal kry Greg mee te doen? *HTML*
16. Wat, volgens Eckardt, is dikwels die belangrikste taak van kuberkraking? *Die voorbereiding.*
17. Slaag Greg die eerste toets? *Ja, met Eckardt se hulp.*
18. Wat val van die muur af toe Greg speels na Eckardt slaan. *Die notabord.*
19. Wie verskyn op die foto wat ook loskom? *Eckardt se ouers, en sy broer, Henno en suster, Janita.*
20. Wat doen Eckardt se ouers? *Sy pa is ’n invoerder van staal, sy ma ’n Pilates-instruktrise.*

Hoofstuk 11: Twee foto’s

***Opsomming**:*

Eckardt se hele skoolrekord is uitgevee, buiten vir sy naam. Toe Greg later die aand na Eckardt se kamer wil gaan, kom Kwanele op hom af. Greg maak ’n flou verskoning en kom dan wel later in Eckardt se kamer. Hy merk op dat die familiefoto teen die notabord vervang is met ’n foto van ’n swart hoed. Hy het dae gelede ’n soortgelyke MMS van Eckardt ontvang. Greg begin die foto-leidrade ontrafel en kom af op ’n geheimsinnige webwerf.

1. Hoe pas Hoofstuk 11 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal die Saterdagmiddag nadat die polisie by die skool aangekom het, en ’n fout op die rekenaardatabasis opgemerk is.*

2. Hoekom moet Thompsen, die rekenaartegnikus, laat kom word? *Daar is fout met die rekenaardatabasis. Eckardt se skoolrekord bevat net sy naam. Daar is geen besonderhede van sy ouers, kontaktelefoonnommers of ’n adres nie.*
3. Hoekom kan Greg nie slaap nie? *Hy is bekommerd oor Eckardt. Die situasie herinner hom aan die dae na John se dood.*
4. Wie praat skielik met Greg toe hy in die koshuisgang afstap? *Kwanele.*
5. Hoekom is die betrokke persoon nog wakker? *Hy het gestudeer.*
6. Waar steek die koshuisvader die loper weg? *In een van die skaalmodelle van Da Vinci se uitvindsels.*
7. Hoe weet Greg waar die sleutel is? *Eckardt het hom een keer gewys.*
8. Lyk Eckardt se kamer anders as die Donderdag? *Nee, want die speurders was nog nie daar nie.*
9. Wat maak Greg naar? *Die onbekendheid van die situasie, die onbeantwoorde vrae en die goed wat verborge is.*
10. Wat is anders aan die notabord? *Die foto van Eckardt se familie is weg. In die plek daarvan hang daar nou ’n foto van ’n wit hoed.*
11. Dink jy dat hierdie ’n belangrike leidraad kan wees? *Ja, want daar was ’n spesifieke verwysing na die notabord in die vorige hoofstuk, en veral na die familiefoto. Dit is asof die gebeure van die verlede weer eggo / herhaal word in die hede.*
12. Waar het Greg die foto al voorheen gesien? *Op ’n MMS wat Eckardt vir hom gestuur het.*
13. Hoe verskil die MMS-foto en werklike foto? *Die foto in Greg se hand het ’n webbladadres op en die woord Ekk-0.*
14. Wat kry Greg op die betrokke webblad en wat doen mens daarmee? *’n Steganografie-program. Jy ontsluit versteekte boodskappe in foto’s daarmee.*
15. Waar kry Greg die sleutelwoord om die MMS-foto mee te ontsluit? *Dit staan op die werklike foto: Ekk-0.*
16. Wat is versteek in die MMS-foto? *Nog ’n webbladadres: www.Ekk-0s_underworld.co.za*
17. Hoe lyk die webblad toe Greg dit oproep? *Dit is eenvoudig: ’n swart agtergrond, geen grafiese elemente nie, en ’n oop invulveld langs die woorde “Enter Password”.*

Hoofstuk 12: Log File: Wat my hart sê

***Opsomming**:*
Greg se krakerlesse vorder te stadig na sy sin. Hy kom agter dat hy nog baie het om te leer. Hy lê slap met sy skoolwerk. Hy vertel vir Eckardt dat hy besluiteloos is oor sy universiteitstudies. Eckardt sê hy moet sy hart volg en nie ander mense probeer tevrede stel nie. Greg pluk sy wiskundetoets.

1. Hoe pas Hoofstuk 12 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die verhaal by Greg se krakerlesse.*
2. Waar vind die lesse plaas? *Soms in Greg se kamer, en ander kere in Eckardt s'n.*
3. Hoekom raak Greg gefrustreerd? *Hoe meer hy leer, hoe meer sien hy dat hy nog min weet.*
4. Wat is Eckardt se raad vir Greg se frustrasie? *Eckardt sê hy moet geduldig wees en aandag gee aan die detail.*
5. Hoekom knaag kommer aan Greg se gewete? *Hy laat slap lê met sy skoolwerk.*
6. Hoekom is dit nie maklik vir Greg om in te haal met sy werk nie? *Want die onderwêreld ken sy naam en roep hom om te kom speel.*
7. Watter tyd van die jaar speel hierdie hoofstuk af? *Februarie.*
8. Hoekom weet Greg dat dit nie regtig goed gaan met sy ma nie? *Hy hoor dit in haar stemtoon.*
9. Hoe gaan dit met Greg se pa? *Hy slaap sleg en is buierig a.g.v. werksverpligtinge.*
10. Wat beplan Eckardt na Matriek? *Hy sal moontlik universiteit toe gaan.*
11. Hoekom is Greg onseker oor sy toekoms? *Hy is besluiteloos oor die universiteit waar hy moet gaan swot, asook die rigting wat hy wil swot.*
12. Watter raad gee Eckardt vir Greg hieroor? *Hy moet luister wat sy hart sê, nie net sy pa wil tevrede stel nie.*
13. Wat is buite op Eckardt se skootrekenaar geplak? *'n Matrix-plakker*
14. Wat gebeur drie dae later vir die eerste keer met Greg? *Hy pluk 'n wiskundetoets.*

Hoofstuk 13: Teleurstellings en ontdekkings

***Opsomming**:*
Greg probeer die sleutelwoord na Ekk-0 se onderwêreld kraak. Die Sondagkoerante het nie geskryf oor Eckardt se verdwyning nie. Die berig is vermoedelik deur Dok gesmoor. Twee speurders, inspekteur Cele en sersant Botha daag op by die koshuis. Hulle versamel leidrade. Greg merk op dat Eckardt se rekenaar nie die Matrix-plakker op die buitekant het nie. In 'n ontstellende telefoongesprek met sy pa word Greg uitgetrap en aangesê om vir Dok omverskoning te vra vir sy slegte gedrag. Greg sonder hom af in sy kamer en kraak uiteindelik die sleutelwoord na Ekk-0 se onderwêreld.

1. Hoe pas Hoofstuk 13 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal waar Greg op die onderwêreld-webblad afgekom het.*
2. Hoe probeer Greg die webblad se sleutelwoord eers in die hande kry? *Hy gebruik vanselfsprekende sleutelwoorde soos "password".*
3. Hoe lyk 'n sterk sleutelwoord? *Dit het hoof- en kleinletters, dit bevat syfers, maar nie aan die begin of die einde nie, die woord moet nie in 'n woordeboek verskyn nie, en geen eiename moet gebruik word nie.*
4. Hoekom gaan Greg nie voort nie? *Hy is te moeg.*
5. Waaroor redeneer Plank en TJ toe hulle met die Sondagkoerant by Greg aankom? *Oor die impak van voëlgriep.*
6. Hoekom is Greg teleurgesteld toe hy die koerant deurblaai? *Daar is niks geskryf oor Eckardt se verdwyning nie.*
7. Wat is die rede hiervoor, volgens TJ? *Dok het kontakte in hoë plekke, ook in die media. Hy sou die berig kon smoor.*
8. Hoekom gaan Greg nie kerk toe nie? *Hy wil die sleutelwoord vir Eckardt se webblad probeer kraak.*
9. Wie maak hulle verskyning by die skool? *Twee speurders, inspekteur Cele en sersant Botha.*
10. Wat sien Greg toe hy vir sersant Botha help met die bewysstuksakke? *Eckardt se skootrekenaar het nie 'n Matrix-plakker op die buitekant nie.*
11. Watter programmeringstegniek gebruik Greg om die sleutelwoord na hom te stuur? *Hy doen 'n "Javascript-injection".*
12. Wie bel vir Greg terwyl hy besig is met die kraak van die sleutelwoord? *Sy pa bel*.
13. Hoekom is hierdie gesprek anders as ander telefoongesprekke? *Daar is nie kafpraatjies vooraf nie, sy pa vuur dadelik die woorde af.*
14. Hoe voel Greg se pa oor sy optrede voor die afgelope Saterdag se rugbywedstryd? *Sy pa is hewig ontsteld en gee hom nie kans om te verduidelik nie.*

15. Watter woorde stop sy pa in sy spore? *“Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!”*
16. Van wie praat Greg? *Hy praat van sy oorlede broer.*
17. Wat moet Greg die volgende dag doen om sake reg te maak? *Hy moet vir Dok omverskoning gaan vra.*
18. Hoe voel Greg na die oproep? *Hy voel magteloos en in ’n hoek vasgekeer. Hy wonder of hy werklik so sleg is soos sy pa sê hy is.*
19. Hoe sluit Greg hom af van sy pelle en die ander leerders? *Hy hou sy kamerdeur toe, sê net deur die toe deur dat hy swot, en dat hy nie gaan eet nie.*
20. Word Greg nou ’n alleenloper (loner) soos Eckardt? *Dit wil so lyk, want hy sonder homself af en raak al hoe meer vasgevang in die onderwêreld van die kuberkrakers, en sy eie emosionele omstandighede.*
21. Kry Greg uiteindelik die sleutelwoord? *Ja.*
22. Hoe lyk die opvolgskerm van Ekko-0 se onderwêreld? *Die skerm is heeltemal swart.*

Hoofstuk 14: Log File: Die regte kant van die firewall

***Opsomming**:*

Greg en Eckardt oorreed die terreinbestuurder om die skoolgeboue vir hulle oop te sluit. Eckardt verduidelik die tegniek van “shoulder surfing” en hulle breek skelm in by die skool se netwerkkamer. Hy gee ’n verduideliking van die werking van die skool se netwerk en rekenaarsekuriteitsmuur. Wanneer Greg in die versoeking kom om sy lae wiskundepunt te verander, keer Eckardt hom.

1. Hoe pas Hoofstuk 14 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die verhaal van Greg se opleiding as kuberkraker.*
2. Wat moet Greg saambring vir die veranderde opleidingskedule? *Sy skootrekenaar en ’n netwerkkabel.*
3. Hoekom protesteer Greg toe Eckardt sê hulle gaan na die skoolgeboue toe? *Die skoolgeboue is saans gesluit.*
4. Hoekom waarsku Eckardt vir Greg teen die gebruik van dwelms as jy rekenaars wil kraak? *Jy dink jy is ’n superheld, sê Eckardt. Dis dan wanneer jy begin kanse waag en gevang gaan word.*
5. Waaraan herinner die halfverligte plein skielik vir Greg? *Aan die skoolleuse: Lux hominum vita, en die aand van die inwydingsritueel.*

6. Die beeld van die halfverligte plein en die “lig” waarvan melding gemaak word in die skoolleuse is belangrik. Dink jy Greg besef dat hy stadigaan van die lig na die donker onderwêreld beweeg? *Nee, want die opleiding gebeur stelselmatig oor ’n tydperk.*
7. Wie probeer Eckardt oorreed om die skool, en ook die biblioteek oop te sluit? *Tom, die terreinbestuurder.*
8. Hoekom dink jy gebruik die skrywer ’n sin soos: “Dit is die regte setting vir ’n moord.”? *Dit skep spanning, en is dalk ’n leidraad, of ’n vals leidraad vir wat met Eckardt mag gebeur het.*
9. By watter vertrek wil Eckardt eintlik by inkom? *Die skool se rekenaarnetwerkkamer.*
10. Hoe weet Eckardt wat die sekuriteitsdeurkode is? *Hy het deur die kuberkrakertegniek van “shoulder surfing” gesien hoe die rekenaartegnikus dit intik.*

Gebruik die grafiese voorstelling van die skool se netwerk op bl. 79 en beantwoord die volgende 3 vrae:

11. Kan die leerders by die skool se databasis uitkom? *Nee, daar is ’n rekenaarsekuriteitsmuur (firewall) wat keer.*
12. Kan mense van buite die skool by die skool se netwerk inkom? *Nee, daar is ’n rekenaarsekuriteitsmuur (firewall) waarby hulle moet verbykom.*
13. Watter twee bedieners is slegs toegangklik vir onderwysers? *Die e-posbediener en die skool se databasis.*

14. Wat beteken dit vanuit ’n sekuriteitsoogpunt as Eckardt-hulle in die rekenaarkamer staan? *Hulle kan direk by die skool se databasis en e-posbediener uitkom.*
15. Verander Greg sy wiskundepunt? *Nee, Eckardt laat hom nie toe nie.*
16. Hoe maak hulle seker niemand weet hulle was in die skool se databasis nie? *Hulle vee die bediener se “log file” skoon.*

Hoofstuk 15: Hulle weet

***Opsomming**:*
'n Onbekende persoon sluip in die koshuis rond. Greg sit hom agterna, maar verloor hom. Hy kry later 'n versteekte hiperskakel op Eckardt se webblad. Hy word weer onderbreek, hierdie keer deur 'n oproep vanaf 'n onbekende persoon en nommer. Op Eckardt se webblad kry Greg 'n menigte kuberkrakerprogramme asook 'n sinistere blog. Die laaste inskrywing dui daarop dat Eckardt op iets afgekom het wat hy nie moes sien nie. Een van die webskakels lei na 'n farmaseutiese maatskappy se webblad. Doktor Pienaar staan aan die hoof van hierdie maatskappy.

1. Hoe pas Hoofstuk 15 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal waar Greg by 'n swart webblad uitgekom het.*
2. Wat onderbreek Greg se gedagtes? *'n Geluid by die deur.*
3. Hoekom is dit vreemd? *Almal moet alreeds slaap.*
4. Wat sien Greg in die gang? *'n Bewegende skadu word uit die donker gebore. Hy kan nie sien wie dit is nie.*
5. Wat is Greg se reaksie? *Hy word eers lam, maar dan sit hy die persoon agterna.*
6. Vang hy die persoon? *Nee, die skoolterrein lê verlate wanneer Greg op die grondvloer kom.*
7. Wat kry Greg op die swart webblad? *'n Versteekte hiperskakel. ("Easter Egg").*
8. Wat onderbreek Greg 'n tweede keer? *Sy selfoon lui.*
9. Wie dink hy is dit? *Die persoon wat netnou by sy kamer was.*
10. Vind hy uit wie dit is? *Nee, die telefoon word doodgedruk*.
11. Hoe voel Greg? *Hy voel gespanne en moet bewustelik probeer om sy asemhaling onder beheer te kry.*
12. Wat kry Greg op die webblad? *Hiperskakels na kuberkrakerprogramme soos LCP, Nmap en meer. Hy noem dit 'n "hacker toolbox".*
13. Tot watter skokkende ontdekking kom Greg toe hy Eckardt se blog lees? *Die laaste inskrywing is gemaak die aand voor Eckardt se verdwyning. Dit lees: "Hulle weet ek was in hulle systems. Hulle weet wat ek gedoen het. Hulle weet wie ek is."*
14. Greg kry 'n moontlike aanduiding wie Eckardt van praat. Verduidelik. *Greg kry 'n farmaseutiese maatskappy se webbladadres in die blog. 'n Organogram van die maatskappy wys dat doktor Pienaar aan die hoof staan van die maatskappy.*

Hoofstuk 16: Log File: Vakansie-fireworks

***Opsomming**:*

Die April-skoolvakansie is op hande. Eckardt het geen planne nie. Greg nooi hom om saam met hom huis toe te gaan. Eckardt ontmoet Greg se ma, sy meisie en haar twee vriendinne. Greg gee onbewustelik John se kamer vir Eckardt om in te slaap. Die vyf jongmense gaan na 'n nagklub toe waar Greg en Nicole baie vriendelik raak met mekaar. Dae later ontspan Greg en Eckardt langs die swembad. Eckardt bring die onderwerp van sosiale manipulering (social engineering) op.

1. Hoe pas Hoofstuk 15 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede, grootliks tydens die April-skoolvakansie.*
2. Hoekom dink Greg is Eckardt 'n bietjie vies toe hy by sy kamer instap? *Hy dink Eckardt was besig om 'n stelsel te kraak.*
3. Wat is Eckardt se vakansieplanne? *Hy het nie planne nie. Hy gaan alleen by die huis wees.*
4. Hoekom is Eckardt anders as ander ouens, volgens Greg? *Hy is iemand met wie jy kan praat oor skoolprobleme. Hy maak nie alles af as 'n grap nie, maar luister regtigwaar.*
5. Watter berigte domineer die nuus? *Irak en die Amerikaanse president, voëlgriep, 'n ANC-konferensie en mense wat toi-toi oor swak dienslewering.*
6. Wat is Nicole se vriendinne se name? *Clarissa en Candy*
7. Geniet Greg Nicole se soen? *Ja, baie!*
8. Wat besef Greg later betreffende Eckardt se kamer? *Hy het onbewustelik John se kamer vir Eckardt gegee.*
9. Watter implikasie het bogenoemde optrede? *Dit dui op Greg se sterk identifikasie met Eckardt. Hy begin hom as 'n broer of dalk 'n plaasvervanger vir sy broer sien.*
10. Sluk Greg die Ecstacy-pil in die nagklub? *Nee, hy hou nie van die manier waarop dit hom laat voel nie.*
11. Watter nuwe krakertegniek wil Eckardt vir Greg leer? *Sosiale manipulasie ("Social Engineering")*

Hoofstuk 17: Mankbeen-Maandag

***Opsomming**:*

TJ en Plank konfronteer Greg oor sy afsydige gedrag. Greg kry die geleentheid om 'n paar van Joan Gibbs, Dok se sekretaresse, se e-posse te lees. Hy kry ook Dok se dagboek onder oë, en sien 'n nota met 'n sleutelwoord. Greg vra Dok teësinnig omverskoning. Hy kry 'n stukkie papier op sy tas met 'n waarskuwende nota op. Later die oggend word Greg gestoomroller met inspekteur Cele en sersant Botha se vrae onderwyl Dok luister. Hulle weet van sy skuilnaam, maar weet nie dat hy 'n kuberkraker is nie.

1. Hoe pas Hoofstuk 17 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die storie op die Maandag na Eckardt se verdwyning.*
2. Hoekom voel dit vir Greg of hy 'n mankbeen het? *Dit voel of iets nie reg is in sy lewe nie. Sy daaglikse rituele is omvergegooi.*
3. Verstaan Greg al die Griekse Mitologie-sêding? *Nee, hy maak dit af as niksseggend.*
4. Hoekom is Greg onbewus van die ouens wat voor in die ry druk in die eetsaal? *Sy gedagtes is by Eckardt, Dok Pienaar en die geheimsinnige besoeker van die vorige aan.*
5. Watter optrede van Greg weerspieël sy deurmekaar gedagtes. *Hy laat byna vir hom spek inskep toe hy besef hy is nie vreeslik honger nie en dat hy eerder graankos eet. Later eet hy skaars voordat hy opstaan.*
6. Wie konfronteer vir Greg oor sy vreemde optrede die vorige dag? *TJ en Plank.*
7. Watter rede voer Greg aan vir sy geslote kamerdeur? *Hy sê hy het geswot en wou nie gepla word deur ouens se gedurige geselsies nie.*
8. Aan watter werklike kuberkraker dink Greg terwyl hy sy pap omroer? Hoekom juis aan dié persoon? *Cap'n Crunch. Dit is 'n Amerikaanse ontbytpap wat op 'n stadium fluitjies as geskenke weggesteek het in die houer. Die kuberkraker het die fluitjies gebruik om in te breek by 'n telefoonnetwerk omdat die frekwensie die regte toonhoogte gehad het.*
9. Wie is Dok se sekretaresse? *Joan Gibbs.*
10. Wat doen Greg toe die sekretaresse gaan koffiemaak? *Hy kyk vinnig na 'n paar e-posse op haar rekenaar, asook na Dok se oop dagboek. 'n Stukkie papier met 'n sleutelwoord op is aan die dagboek vasgespeld.*
11. Hoekom skryf mense sleutelwoorde in hulle dagboeke, volgens Eckardt? *Mense is glo van nature lui om sleutelwoorde te onthou. Hulle skryf dit daarom neer in dagboeke, kalenders, of bêre dit in lessenaarlaaie.*
12. Watter verskoning gee Greg toe Joan hom by haar lessenaar vang? *Hy sê hy het net 'n skryfding gesoek.*

13. Beskryf Dok se kantoor. *Dit het ’n donker houtlessenaar met swaar skilderye teen die mure.*
14. Hoekom tuimel iets in Greg inmekaar? *Hy moet verskoning vra vir die man wat iets te doen het met Eckardt se verdwyning.*
15. Greg verag homself toe hy later tot verhaal probeer kom in die badkamer. Hoe weet ons dit? *Hy noem homself “pappa se skouperd”.*
16. Wat kry Greg op sy tas? *’n Stukkie papier met ’n boodskap: “Moenie dat hy so met jou mors nie.”*
17. Hoe herhaal (eggo) die gebeure van Hoofstuk 14 weer in hierdie hoofstuk? *Greg beplan om weer by die rekenaarkamer in te breek. Hy wil by Dok se e-posse uitkom.*
18. Hoekom voel Greg soos ’n rebel en ’n verraaier toe hy verby die biblioteek stap? *Hy voel soos ’n rebel, want hy kom weer in opstand teen Dok. Hy voel soos ’n verraaier, want hy verraai sy skool en die skool se reputasie.*
19. Wie sien Greg om die hoek verdwyn toe hy naby die rekenaarkamer kom? *Die terreinbestuurder.*
20. Hoekom werk die deur se kodewoord nie? *Die stelseladministrateur het dit moontlik verander omdat Eckardt se skoolrekords skoongevee is. Hy het die sekuriteit begin opskerp.*
21. Beskryf klas 23 waarheen die speurders vir Greg roep. *Al die meubels is uitgedra behalwe vir twee stoele en ’n lessenaar.*
22. Watter swak maniere toon Greg? *Hy klop nie voor hy by die klas instap nie.*
23. Hoekom is Greg geskok oor die ondervraging? *Dok Pienaar gaan insit in die plek van Greg se ouers.*
24. Watter fyn lyn moet Greg loop met die ondervraging? *Hy moet van genoeg hulp wees dat die speurders vir Greg kry, maar hulle mag nie uitvind dat hy ’n kuberkraker is nie.*
25. Hoe reageer inspekteur Cele toe Dok haar onderbreek? *Sy hou nie daarvan nie. ’n Krakie van ongeduld breek deur die gawe uitdrukking op haar gesig.*
26. Hoe weet die inspekteur dat Eckardt vir Greg G-4ce noem? *Sy het die vorige aand die nommer wat as G-4ce gelys is op Eckardt se selfoon gebel. Greg het geantwoord.*
27. Wat was vreemd aan Eckardt se selfoon? *Net Greg se nommer was gelys.*
28. Hoe voel Greg na afloop van die ondervraging? *Dit voel of ’n tsunami oor hom is. Hy is gestoomroller met die vrae.*
29. Waaroor is Greg dankbaar na afloop van die ondervraging? *Die inspekteur het nie uitgevind hy en Eckardt is kuberkrakers nie.*

Hoofstuk 18: Log File: Social Engineering

***Opsomming**:*
Eckardt teken aan op CallCom se webblad om vir Greg 'n les te gee in sosiale manipulering. Emily Molope word hulle "slagoffer". Eckardt gebruik verskeie manipulasietegnieke om inligting uit Emily te kry. Uiteindelik SMS sy die sleutelwoord aan Eckardt. Hulle teken op haar selfoonrekord in, maar kyk net rond soos 'n 'white hat' sou doen.

1. Hoe pas Hoofstuk 18 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die storie in die April-skoolvakansie waar Eckardt vir Greg wil leer van sosiale manipulering.*
2. Watter maatskappy se webblad gebruik Eckardt vir die sosiale manipulering-les? *CallCom.*
3. Gebruik die illustrasie op bl. 101 en verduidelik hoe 'n bestaande gebruiker sou aanteken op webblad. *'n Bestaande gebruiker moet 'n selfoonnommer en sleutelwoord intik, en dan op "Login" klik.*
4. Eckardt is nie 'n bestaande gebruiker nie. Watter opsie kies hy? *Register.*
5. Hoe bepaal Eckardt vir wie om te bel? *Hy bel 'n lukrake nommer ter illustrasie en kom by Emily Molope uit.*
6. Hoekom skrik Greg amper vir Eckardt toe hy met Emily praat? *Sy stemtoon verander. Dit klink soos 'n oproepsentrumbeller.*
7. Watter skuilnaam gee Eckardt vir homself? *Hy noem homself Peter.*
8. Hoeveel prysgeld is kamtig op die spel? *Tweemiljoen Rand.*
9. Watter tegnieke gebruik Eckardt om Emily sover te kry om vir hom persoonlike inligting te gee, en ook om die sleutelwoord aan hom te SMS? *Hy gebruik humor, prys haar as 'n gewaardeerde kliënt en hou die prysgeld as wortel voor haar neus. Hy vertel haar wat sy alles met die prysgeld sal kan doen. Sodoende maak hy haar met haar drome blind vir sy skelmstreek. Hy is ook kamtig besorgd oor haar en wil seker maak sy is wie sy sê sy is. Hy waarsku haar ook kamtig om die sleutelwoord geheim te hou om die prys op te eis, al het hy haar oomblikke tevore gevra om die sleutelwoord vir hom te SMS!*
10. Gebeur sosiale manipulering werklik? *Ja, Eckardt vertel vir Greg van die ware geval van dokter Cialdini se eksperiment.*
11. Werk die sosiale manipulering-eksperiment? *Ja, Emily SMS die sleutelwoord vir Eckardt.*
12. Wat kan Eckardt-hulle alles sien en doen toe hulle aanteken op Emily se selfoonnommer? *Hulle kan haar state nagaan, luitone en muurpapier aflaai, en meer.*

13. Hoekom pak die skuldgevoel vir Greg? *Dit voel vir hom of hy in ander mense se kaste krap.*

Hoofstuk 19: RAT

***Opsomming**:*
Greg wil op die skool se stelsel inbreek, maar word in sy spore gestuit. Hy beraam dan planne om 'n RAT (Remote Access Trojan) op Dok se rekenaar te installeer. Deur sosiale manipulasie van Joan Gibbs en 'n tweede sekretaresse kry hy dit reg, en verkry hy ook Dok se e-possleutelwoord.

1. Hoe pas Hoofstuk 19 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die storie na Greg se moeilike ondervraging.*
2. Besef Greg dat hy homself sal moet regruk? *Ja, maar dit bly net by voornemens.*
3. Waar kry Greg inligting om op die skool se stelsel in te breek? *Hy kry dit op Eckardt se blog.*
4. Wat stuit hom? *Die stelseladministrateur het die sleutelwoord verander toe hy die sekuriteit opgeknap het. Die agterdeur na die stelsel is ook toegemaak.*
5. Watter ander manier wil Greg gebruik om op die stelsel te kom? *Hy wil 'n RAT (Remote Access Trojan) installeer op Dok se rekenaar. Hy sal dan van 'n afstand af daarop kan werk asof hy reg voor die rekenaar sit.*
6. Watter tegniek wil Greg gebruik om die RAT te installeer? *Sosiale manipulering.*
7. Hoe eggo/herhaal die gebeure van die vorige hoofstuk in hierdie hoofstuk*? In die vorige hoofstuk het Greg geleer van sosiale manipulering, hier pas hy dit op sy eie toe.*
8. Vir wie bel Greg eerste? *Joan Gibbs, die sekretaresse.*
9. In watter slaggat trap Greg amper tydens die gesprek? *Hy het nie sy storie heeltemal agtermekaar nie. Hy sê eers hy wil Dok kom spreek, later sê hy hy wil 'n pakkie kom afgee.*
10. Wat was die doel van die eerste oproep? *Om uit te vind wanneer Dok nie op kantoor is nie, want Greg gaan dan weer vir Joan bel.*
11. Watter persoonseienskap laat Greg ook in die steek? *Sy geheue. Hy het vergeet wat die stelseladministrateur se naam is.*
12. Hoe los Greg die probleem op? *Hy bel 'n ander sekretaresse en verkry die stelseladministrateur se besonderhede, asook dié van een van sy werkers by haar deur sosiale manipulasie.*
13. Hoe kom Greg uit die rugbyoefening? *Hy maak asof hy beseer is.*

14. Vir wie bel Greg met sy derde oproep? *Vir Joan Gibbs.*
15. Wie gee Greg voor om te wees tydens hierdie oproep? *Hy maak asof hy André is, die tegnikus wat vir die stelseladministrateur werk.*
16. Hoe gebruik Greg Lawson Kollege se rekenaarsekuriteitsprobleem en die daaropvolgende veranderinge tot sy voordeel? *Hy gee voor dat daar 'n verdere kritiese opdatering vir die virusprogram nodig is.*
17. Laai Greg werklik 'n virusopdatering op Dok se rekenaar? *Nee, hy laai die RAT.*
18. Is Greg werklik besorg dat Joan Dok se sleutelwoorde het? *Nee, hy raas kamtig met haar daaroor en stel 'n alternatiewe werkswyse voor, maar dan oorreed hy haar om Dok se e-possleutelwoord vir hom te gee.*
19. Dit lyk vir Joan of die opdatering nie werk nie. Is sy korrek? *Nee, die RAT installeer wel agter die skerms.*
20. Hoe voel Greg na die suksesvolle installasie? *Dit voel of hy op 'n dwelmhoog is, so bly is hy.*

Hoofstuk 20: Log File: Surfer dudes of surfer duds?

***Opsomming**:*

Eckardt kom goed oor die weg met Greg se pa. Greg word onrustig oor Nicole en Eckardt. Dit kom tot uitbarsting wanneer hy vir Eckardt in die middel van die nag naby Nicole se kamer betrap. Greg se pa kom tussenbeide. Greg leer meer van krakertegnieke soos "sniffers", "war driving" en enkodering. 'n Foto wat van Greg, Nicole en Eckardt geneem word, is onsuksesvol omdat Eckardt wegkyk.

1. Hoe pas Hoofstuk 20 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die vertelling van die April-skoolvakansie.*
2. Hoe kom Eckardt en Greg se pa oor die weg? *Hulle kom goed oor die weg. Greg se pa lag tot vir Eckardt se grappe en vertel hom van sy maatskappy.*
3. Waar hou Greg-hulle vakansie? *In Jeffreysbaai.*
4. Hoe is die verhouding tussen Greg en Nicole deesdae? *Dit lyk of dinge goed gaan. Sy flirt met hom, hy terg haar en hulle slaap bymekaar.*
5. Is daar rekenaars wat nie gekraak kan word nie, volgens Eckardt? *Die enigste rekenaars wat nie gekraak kan word nie, is die wat nie ingeprop is nie, maar selfs dan kan jy iemand oorreed om hulle in te prop.*
6. Hoekom is Greg onrustig toe Nicole uit die water kom en kom gesels. *Sy sê Greg en Eckardt is twee "hunks". Dan kyk sy meer na Eckardt se bruingebrande lyf as na Greg*

s'n. Eckardt se dubbelsinnige opmerking oor die onsekerheid of die "natuur so vreeslik lief is vir óns", maar Greg ook onrustig.

7. Wat laat Greg ontplof van woede? *Hy vang vir Eckardt in die middel van die nag in die gang naby Nicole se kamer. Hy het net 'n slaapbroek aan.*
8. Kan 'n mens nou die onrus verstaan wat Greg in hoofstuk 1 gevoel het nadat Nicole gevra het hoe dit met Eckardt gaan? *Ja, sy onrustigheid was geregverdig.*
9. Het daar iets die aand gebeur tussen Eckardt en Nicole? *Die skrywer laat dit aan die leser oor om te besluit of Eckardt die waarheid praat wanneer hy sê dat hy net kombuis toe was.*
10. Wie kom tussenbeide in die geveg tussen Greg en Eckardt? *Greg se pa.*
11. Daar is "iets ongesiens, ongesê" tussen Greg, sy pa en Eckardt. Weet die leser wat dit is? *Dit kan moontlik op daardie stadium lyk asof dit gaan om die moeilike verhouding tussen Greg en sy pa is. Soos die verhaal later sal ontvou, kan dit ander betekenisse ook insluit.*
12. Skakel Greg se pa heeltemal af van sy Turret Media-besigheid die vakansie? *Nee, hy neem nog gedurig besigheidsoproepe.*
13. Van watter twee krakertegnieke leer Greg terwyl hy en Eckardt op die branderplanke ronddobber? *Hy leer van "sniffers" en "war driving".*
14. Hoe kan 'n mens verhoed dat kuberkrakers jou e-posse lees? *Deur die e-pos te enkodeer.*
15. 'n Familiefoto van Eckardt raak weg en word vervang met 'n ander foto. In hierdie hoofstuk is die foto wat van Greg, Nicole en Eckardt geneem word ook nie suksesvol nie, want Eckardt kyk weg toe die foto geneem word. Bespreek hierdie herhalende motief kortliks. *Albei foto's wek spanning in die verhaal. Dit laat vrae by die leser ontstaan, soos hoekom sal 'n mens wegkyk op 'n foto? Wil jy iets wegsteek? Is jy skaam? Is dit omdat jy nie inpas nie?*

Hoofstuk 21: Dok se files

***Opsomming**:*

Die RAT gee Greg toegang tot Dok se rekenaar. Hy het 'n vae skuldgevoel, maar gaan steeds voort. Hy installeer nou ook 'n "keystroke logger" op Dok se rekenaar om rekord te hou van sy rekenaargebruik. Greg kom af op geënkodeerde e-posse. Hy stoor dit saam met ander lêers op 'n FTP-webblad in China. Dok begin werk op sy rekenaar net toe Greg klaar is.

1. Hoe pas Hoofstuk 21 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die vertelling nadat Greg die RAT geïnstalleer het.*

2. Voel Greg enigsins skuldig oor wat hy doen? *Ja, maar hy probeer die vae skuldgevoel wat nog vanuit die bo-wêreld na hom roep, ignoreer.*
3. Dink Greg steeds hy sal in John se voetspore kan volg? *Nee, hy dink hy was dom om ooit so te kon dink.*
4. Waartoe gee die RAT vir Greg toegang? *Die skoolrekords en Dok se hele rekenaar.*
5. Wat sal die "keystroke logger" kan doen? *Dit sal elke knoppie wat Dok druk, registreer.*
6. Wat kom doen TJ by Greg? *Hy bied weer sy ondersteuning aan en vra Greg moet saam met hom kom skaak speel.*
7. Greg kry 'n vreemde e-pos op Dok se rekenaar. Verduidelik. *Die e-pos is vol vreemde karakters. Dit is 'n geënkodeerde e-pos.*
8. Waar kry Greg die private sleutel om die e-pos te ontsluit? *In 'n weggesteekte lêer op die geheuestokkie.*
9. Waar gaan laai Greg Dok se e-pos en ander dokumente af? *Op 'n FTP-webblad in China.*
10. Wat is die nut van die kort sinne aan die einde van die hoofstuk? *Dit skep spanning.*

Hoofstuk 22: Log File: Nicole

***Opsomming**:*

Die skoolvakansie is verby en Greg-hulle is terug by Lawson Kollege. Die begin van die rugbyseisoen breek aan. Greg se skoolwerk is steeds agter. Sy kuberkrakerlesse gaan voort met drie nuwe onderwerpe. 'n Ontstelde Nicole bel vir Greg. Sy mag nie na 'n musiekkonsert toe gaan nie. Greg ondersteun haar eers, maar is later bly sy mag nie gaan nie, want daar gaan ander ouens saam. Nicole dreig om "iets aan haarself te doen".

1. Hoe pas Hoofstuk 22 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die vertelling na afloop van die April-vakansie.*
2. Verander Greg se agterstallige skoolwerk werklikwaar in die Drakensberg? *Nee, dis 'n metafoor.*
3. Wat lei Greg se aandag af van die skoolwerk? *Die begin van die rugbyseisoen.*
4. Watter onderwerpe dek Eckardt nou met die opleiding? *"War dialing", TELNET en SSH.*
5. Hoekom is Nicole ontsteld toe sy bel? *Haar ouers wil haar nie toelaat om na die Black Eyed Peas-konsert te gaan kyk by Sun City nie.*
6. Wat doen Greg hieromtrent? *Hy troos haar en sê sy moet met haar ouers gaan praat.*

7. Hoekom is Greg later self bly dat Nicole nie mag gaan nie? *Daar gaan ander ouens ook saamry.*
8. Watter woorde skok vir Greg? *Nicole sê sy doen sommer iets aan haarself sodat haar ouers spyt kan kry.*
9. Wat laat Greg vir Nicole belowe voordat hulle neersit? *Hy laat haar belowe dat sy niks onverantwoordeliks sal doen nie.*
10. Is Greg nie self besig met iets onverantwoordeliks nie? *Ja*, hy word by die dag dieper die onderwêreld ingetrek.

Hoofstuk 23: Project Nursery Rhyme

***Opsomming**:*

Greg kom nader aan die waarheid wanneer hy vir Dok dophou terwyl hy op sy rekenaar werk. Hy word egter onderbreek en moet later sy soektog hervat. Die polisie deursoek die stormwaterpype. Hulle vermoed Greg het iets te doen met Eckardt se verdwyning. 'n Ondersoek van Eckardt se skootrekenaar lewer vreemde resultate. Greg kom af op inligting oor die geheime Project Nursery Rhyme. Drie persone is betrokke: The Butcher, The Baker en The Candlestick-maker. Hy vind uit dat Dok die Butcher is en dat hulle 'n skrikwekkende virus wil versprei met 'n griepentstof. Greg neem vir TJ in sy vertroue en vertel hom dat Eckardt 'n kuberkraker is en op goed afgekom het wat hy nie moes sien nie.

1. Hoe pas Hoofstuk 23 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die vertelling waar Dok op sy rekenaar kom werk nadat Greg van sy inligting afgelaai het.*
2. Weet Dok Greg sien wat hy doen op die rekenaar? *Nee.*
3. Watter twee Internetkoerante lees Dok? *News24 en Turret News Online.*
4. Hoekom word Greg ongeduldig? *Hy wil hê Dok moet iets doen om hom te wys waarmee hy besig is en wat hy met Eckardt gedoen het.*
5. Sien Greg wat Dok doen toe hy met die afstandskonneksie aanteken? *Nee, daar is 'n klop aan die deur. TJ dring aan dat Greg nou moet kom skaakspeel. Toe Greg later weer voor die rekenaar kom, is Dok weg.*
6. Wat sien Greg op die plein die Dinsdagoggend? *Die polisie is besig om in die stormwaterpype te soek na Eckardt.*
7. Watter vermoede kry Greg na aanleiding van die inisiasierite? *Hy wonder of van die ouens die ritueel herhaal het met Eckardt. Hy het dit nooit in Januarie voltooi omdat Greg hom uit die tonnel gehelp het. Hy wonder ook of Plank iets daarmee te doen het, want Plank frons toe hy die polisie sien.*

8. Watter plan het die speurders gemaak omdat daar nie foto's van Eckardt bestaan nie? *Hulle bring 'n kunstenaar saam skool toe. Greg moet hulle help om 'n tekening te maak vir 'n TV-polisienuusprogram.*
9. Herken Greg vir Eckardt in die skets? *Ja, maar sy gesig lyk dood.*
10. Wat, volgens inspekteur Cele, was vreemd aan Eckardt se rekenaar wat hulle ondersoek het? *Daar was niks op behalwe die bedryfstelsel en 'n woordverwerkingspakket nie. Geen e-posse, gestoorde dokumente of Internetgeskiedenis nie. Dit lyk asof iemand dit alles uitgevee het.*
11. Glo inspekteur Cele Greg se rede hoekom hy vir Eckardt gehelp het tydens die ritueel? *Nee, sy dink ook hy het dalk later die ritueel herhaal.*
12. Hoeveel onderskeidings verwag Greg se pa van hom? *Nege.*
13. Watter aanduidings is daar alreeds dat Greg se leierskap besig is om te verbrokkel? *Een van die leerders het hom 'n "loser" genoem, ander leerders gesels minder met hom, en Kwanele het al so te sê die leerlingraad oorgeneem.*
14. Hoekom dink Greg het sy pa nog nie gevra of hulle al vir Eckardt gekry het nie? *Dis nie iets wat hy in rand en sent kan omreken om tot 'n sakebesluit te kom nie.*
15. Greg ontsyfer een van Dok se e-posse. Wat is die naam van die projek wat ter sprake kom? *Project Nursery Rhyme.*
16. Wie is die "Butcher"? *Doktor Pienaar.*
17. Watter onderwerp wat vars in die nuus is, kom op in die e-pos? *Voëlgriep.*
18. Wat is die simptome van 'n hemorargiese virus? *Onbeheersde naarheid, diarree, hoofpyn, duiseligheid, asemhalingsprobleme, en bloeding uit die neus, mond en rektum.*
19. Wat beplan Dok Pienaar-hulle met die entstof? *Mense gaan hulself laat inent teen griep, maar daar gaan ook 'n verskuilde* hemorargiese *virus in die entstof wees wat maande later sy kop gaan uitsteek.*
20. Hoekom vra Greg juis by TJ raad? *TJ is 'n strategiese denker en hy volg die nuus oor die voëlgriepvirus.*
21. Met watter belangrike inligting vertrou Greg vir TJ? *Hy vertel vir TJ dat Eckardt 'n kuberkraker is, dat hy op iets afgekom het wat hy nie moes sien nie, en dat hy moontlik ontvoer is.*

Hoofstuk 24: Log File: Die berge in en om my

***Opsomming**:*

Nicole is piekfyn toe Greg haar bel. Greg en Eckardt gaan vir 'n daguitstappie berge toe. Hulle praat oor die krakertegniek van "brute forcing". Later kom die onderwerp van rituele weer op. Ook klasverskille en misdaad word bespreek. Greg vertel vir Eckardt dat hy hom aan sy broer herinner. Eckardt ken vir Greg nou al so goed dat hy weet hy voel genoop om die modelkind van die familie te word. Greg verkies om net 'n gemiddelde persoon te wees.

1. Hoe pas Hoofstuk 24 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede en hervat die vertelling na Nicole se ontstellende oproep.*
2. Hoekom lê Greg wakker? *Hy is bekommerd oor Nicole.*
3. Watter daguitstappie beplan Greg en Eckardt? *Hulle gaan met perde die berg invaar.*
4. Wat is 'n "Password hash"? *Dit is 'n geënkodeerde weergawe van 'n sleutelwoord.*
5. Watter program gebruik Eckardt vir "brute forcing"? *LCP*
6. Greg-hulle kom af op Boesmantekeninge. Hoekom is die eland so belangrik in die tekeninge? *Dit was 'n simbool van 'n toordokter se mag om die spirituele wêreld binne te gaan. Dit was ook belangrik in puberteitsrituele vir seuns en dogters.*
7. Die kwessie van die verskil tussen ryk en arm kom op wanneer Greg dink aan kinders wat hulle hande uitgestrek hou na 'n rykmansmotor wat verbyry. Waar het die motief van klasseverskille al voorheen opgekom in die roman? *Greg het vroeër bewus geword van sy siening van klasverskille toe hy die terreinbestuurder sien (bl. 41). Ook die waglys en ongeskrewe reëls om "ongewenste elemente" uit die skool te hou dui op klasverskille (bl. 17).*
8. Eckardt antwoord Greg eers nie wanneer hy vra of hy, of iemand wat hy ken, al deur misdaad geraak is nie. Later is sy gesig vreemd wanneer hy sê dat hulle in Alice se Wonderland bly. Wat dink jy gebeur hier? *Eckardt steek iets weg vir Greg. Hy is moontlik al diep geraak deur misdaad.*
9. Watter herinnering diep die gesprek weer op by Greg? *Eckardt herinner hom weer aan John. Daar is ook so 'n verskuilde hartseer soos met John in sy laaste dae.*
10. Hoe reageer Eckardt wanneer Greg hom vertel dat hy hom aan sy broer laat dink? *Hy frons en sê dat hy nie weet Greg het 'n broer gehad nie.*
11. Hoekom dink Greg dat Eckardt hom beter verstaan as Nicole wat hom al jare ken? *Eckardt vra of Greg nou ook die modelkind moet wees, en of hy sy broer se plek moet inneem in die gesin.*
12. "'Maar gemiddelde mense kom nêrens,' sê Eckardt." Wat dink jy van hierdie stelling? *Die antwoord is oop vir interpretasie*.
13. In die slottoneel van hierdie hoofstuk verskyn 'n nou al bekende motief weer in die roman. Verduidelik. *Die seuns roep hulle kuberkrakername uit en dit eggo terug van*

die berge af. Die motief van eggo's herhaal dwarsdeur die boek, bv. in 'n karakter se naam en in gebeure.

Hoofstuk 25: Squeal

***Opsomming**:*
Terwyl Greg voor Dok se kantoor wag, kom TJ uitgestap. Greg besef TJ het die skoolhoof vertel van Eckardt se geheim. In 'n spanningsvolle ondervraging draai Greg homself vas en erken hy dat hy ook 'n kuberkraker is.

1. Hoe pas Hoofstuk 25 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en begin op die Woensdag na Eckardt se verdwyning.*
2. Waar vind die ondervraging hierdie keer plaas? *In Dok se kantoor.*
3. "Skaduwees wat sy gesig monsteragtig vervorm." Waar in die verhaal was 'n soortgelyke verwysing? Wat is die doel hiervan? *In die proloog laat skaduwees die jong Eckardt se pa se gesig lyk soos die monsters in sy drome. Dit herhalende beeld bind die roman. Dit twee seuns het 'n soortgelyke verwysingsraamwerk. Dit help ons ook moontlik verstaan hoekom Greg met Eckardt identifiseer.*
4. Wie stap uit Dok se kantoor en ruk Greg tot stilstand? *TJ*
5. Hoekom moes Greg nooit vir TJ van Eckardt se geheim vertel het nie? *TJ se oupa was die stigter van Lawson Kollege. Hy sou dit nie vir homself hou as iets sy oupa se handewerk bedreig nie.*
6. Hoe voel Greg toe die speurders hom vra wat hy weet van die kuberkrakery? *Sy keel trek toe, dit voel of die vertrek kleiner word, en hy voel naar van die sieklike reuk van die leermeubels.*
7. Greg ervaar inspekteur Cele as 'n "ystervrou met 'n gemoedelike front". Tog besluit hy om vir haar te lieg deur te ontken dat hy 'n kuberkraker is. Hoekom doen hy dit? *Greg het gesien hoe Dok 'n koerantberig in die kiem kan smoor. As hy nie oorweldigende getuienis teen hom kan kry nie, sal hy sy betrokkenheid by Project Nursery Rhyme ook kan toesmeer.*
8. Greg sê hy stel nie juis belang in rekenaars nie, sy skoolwerk is belangriker. Watter troefkaart het inspekteur Cele? *Sy is in besit van sy skoolpunte. Dit wys dat iets verander het die afgelope jaar en dat hy nie veel aandag aan sy skoolwerk gee nie.*
9. Hoe trek die net stywer om Greg toe hy sê dat Eckardt net 'n "white hat"-kuberkraker is? *Die inspekteur wil weet of Greg ook 'n "white hat"-kuberkraker is, want die aand voor Eckardt se verdwyning, het Eckardt vir hom 'n MMS gestuur van 'n wit hoed.*

10. Watter woord wat die inspekteur uiter, ruk Greg tot sy sinne? *Sy noem hom G-4ce.*
11. Watter erkenning maak Greg uiteindelik? *Hy erken dat hy 'n kuberkraker is en dat Eckardt hom geleer het.*
12. Wat is die gevolg van Greg se erkentenis? *Die inspekteur gee opdrag dat sy rekenaar gekonfiskeer en na die Tegniese Ondersteuningseenheid gestuur moet word.*

Hoofstuk 26: Log File: Script kiddie

***Opsomming**:*

Na afloop van 'n rugbyoefening praat Eckardt en Greg oor ander bekende kuberkrakers soos Kokey wat in die Harrismith-omgewing grootgeword het, en LowVoltage, 'n bekende in die kuberkraker-onderwêreld. Hulle praat oor die wet teen kuberkrakery, asook oor die gevolge sou jy gevang word. Eckardt noem Greg 'n "newbie" en 'n "script kiddie". Eckardt sê hy het nog nooit moeilikheid opgetel vir sy kuberkrakery nie, maar Greg glo hom nie.

1. Hoe pas Hoofstuk 26 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede, iewers in die week na afloop van Eckardt en Greg se uitstappie met die perde.*
2. Waarvandaan kom Greg toe hy en Eckardt in gesprek tree? *Hy kom van 'n rugbyoefening af.*
3. Waar het 'n bekende kuberkraker gewoon? *Harrismith*
4. Wat was sy naam? *Kokey*
5. Hoeveel het sy eerste rekenaar gekos? *R170*
6. Watter stelsel het hy gekraak? *Die regering, CSIR, weerburo, Pick 'n Pay, Olivetti en Standard Bank.*
7. Watter kuberkraker is 'n taamlik bekende persoonlikheid in die kuberkraker-onderwêreld? *LowVoltage.*
8. Watter wet verbied kuberkrakery? *Die ECT-wet (Wet op Elektroniese Kommunikasie en transaksies) – sien agterin boek vir die volledige wet.*
9. Wat kan met jou gebeur as jy rekenaars kraak? *Jy kan tot 5 jaar tronkstraf kry, of 'n boete opgelê word.*
10. Is die goed wat Eckardt vir Greg geleer het wettig of onwettig? *Onwettig*.
11. Hoe stel Eckardt vir Greg gerus? *Hy sê hy het hom mos geleer hoe om dit te doen sonder om gevang te word, en dit is nie asof hulle oorboord gegaan het daarmee nie.*
12. Eckardt noem Greg 'n "newbie". Waar in die boek was die rolle omgeruil? *Met Eckardt se aankoms by Lawson Kollege, en spesifiek die aand met die Tonnel-ritueel, was Eckardt 'n "Trapper" of nuweling.*

13. Wat is ’n “script kiddie”? *’n Kuberkraker wat nie sy eie programme kan skryf nie, hy laai ander mense s’n af van die Internet en gebruik dit.*
14. Glo Greg vir Eckardt as hy sê dat hy nog nooit moeilikheid gekry het vir sy krakery nie? *Nee, want Eckardt se stem is kil wanneer hy antwoord. Dit laat Greg wonder of hy die waarheid praat.*
15. Waarmee vergelyk Eckardt Lawson Kollege? *Met ’n tronk.*

Hoofstuk 27: Brute Force

***Opsomming**:*

Greg bel sy ma en vertel haar van Eckardt se kuberkrakery en dat die polisie sy rekenaar afgevat het. Hy vra dat sy nie vir sy pa moet vertel nie. Toe die koshuis stil is, gebruik Greg die rekenaars in die ontspanningslokaal om PlusUltraMed se rekenaars te kraak. Hy kom af op ’n skokkende navorsingsverslag. Hy besluit dat die wêreld van geld die regte onderwêreld is, want dit is die dryfveer agter die mensgemaakte virus wat Dok-hulle wil versprei. Wanneer Greg terug in die ontspanningslokaal kom, sit Dok voor die rekenaar.

1. Hoe pas Hoofstuk 27 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede, na afloop van Greg se taai ondervraging in Dok se kantoor.*
2. Greg is uit die veld geslaan toe Kwanele sy ondersteuning kom bied. Hoekom doen Kwanele dit? *Dit is wat hulle mekaar belowe het toe hulle Trappers was.*
3. Hoekom is Greg bang om huis toe te bel? *Hy wil nie sy ma teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir hom; ’n anderste hoop as sy pa.*
4. Hoekom dink jy gee die skrywer net ’n bondige vertelling (1 paragraaf) van die gesprek tussen Greg en sy ma rakende Eckardt se bedrywighede en die polisie se optrede? *Die leser is alreeds bewus van die gebeure. ’n Uitgebreide dialoog sou die pas van die verhaal vertraag en spanning inboet.*
5. Sou ’n mens kon sê dat Greg sy ma ook in die onderwêreld intrek met hierdie telefoongesprek? *Ja, want hy vra haar om vir hom te skerm. Sy moenie vir Greg se pa vertel nie en ook nie ’n prokureur kry nie.*
6. Hoe reageer Greg se ma? *Sy is bang*.
7. Watter rekenaars gebruik Greg om sy kuberkrakery voort te sit? *Hy gebruik die rekenaars in die ontspanningslokaal (Hang Out).*
8. Hoe kry Greg Dok se SHH-sleutelwoord in die hande? *Die “keystroke logger” het dit aan hom gestuur per e-pos.*
9. Greg sê dat “Root access” hom administrateurregte sal gee op PlusUltraMed se stelsel. Hy vergelyk dit met ’n lopersleutel. Waar in die verhaal het Greg ook ’n deur

oopgesluit en waar het hy die loper gekry? *Nadat die uniformpolisie in sy kamer was, is Eckardt se kamerdeur gesluit. Greg het dit oopgesluit met 'n loper wat in hy in die Da Vinci-skaalmodel gekry het.*

10. Watter program gebruik Greg om die sleutelwoord te ontsyfer? *LCP*
11. Watter drie aanvalsmetodes gebruik die program? *"Dictionary attack", Hybrid attack" en "Brute force attack".*
12. Watter plan maak Greg om die kraak van die sleutelwoord vinniger te laat geskied? *Hy gebruik die ander vier rekenaars in die lokaal en stel hulle op om elkeen binne sekere afgebakende parameters te soek vir die sleutelwoord.*
13. Watter geheimsinnige gebeure probeer Greg nog ontsyfer terwyl die rekenaars besig is? *Hy weet nog nie wie by sy kamer was of wie die papier op sy tas gelos het nie.*
14. Watter dokument lees Greg op die stelsel? *Hy lees 'n skokkende navorsingsverslag.*
15. Hoe het Dok beplan om die gevaarlike griepinspuiting in die mark te kry indien dit onafhanklik getoets moes word? *Hy het omkoopgeld betaal aan iemand.*
16. Hoekom het Dok-hulle die virus gemaak? *Hulle het dit gemaak sodat hulle later die vaksine kan verkoop.*
17. Greg besef wat die eintlike onderwêreld is. Verduidelik. *Hy besef dat die wêreld van geld boser is as enigiets wat 'n kuberkraker sal kan aanvang.*
18. Hoe speel die verskil tussen ryk en arm in op Dok-hulle se bose plan? *Die mense wat die hoogste prys kan betaal vir die vaksine, sal eerste gehelp word. Die armes sal sterf.*
19. Hoekom skrik Greg toe hy terug in die ontspanningslokaal kom nadat hy papier vir die drukker gaan haal het? *Dok sit voor die rekenaar*.

Hoofstuk 28: Log File: Ek wens ek was jy

***Opsomming**:*

Greg kan steeds nie vir Nicole sê dat hy vir haar lief is nie. Lawson Kollege vaar goed in 'n rugbywedstryd en vier fees. Eckardt hou hom eenkant. Greg sê hy wil ook partykeer net wegkom van die ander ouens. Eckardt erken hy is 'n alleenloper en dat hy soms wens hy kon soos Greg wees, maar dat 'n mens nooit weet wat in die toekoms op Greg wag nie. Greg se kuberkrakerlesse gaan voort en vir die eerste keer sedert John se dood voel dit vir Greg weer of hy regtig lewe.

1. Hoe pas Hoofstuk 28 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede wanneer dit begin winter word in die Drakensberg, en Eckardt se verdwyning naderkom ...*

2. Waarmee stel Greg die berg gelyk? *Hy sê die berg is ’n klipreus wat die skool omarm.*
3. Hoekom word daar feesgevier? *Lawson het die rugby gewen.*
4. Wat is ’n “mocktail”? *’n Alkoholvrye weergawe van ’n “cocktail”.*
5. Kan Greg nou al vir Nicole sê dat hy lief is vir haar? *Nee.*
6. Hoekom is Eckardt getrou aan sy karakter tydens die feesvieringe? *Hy sit eenkant, weg van die lawaai.*
7. Greg sê vir Eckardt dat hy stiller is deesdae. Waarop kan dit dui? *Dit dui moontlik op ’n emosionele onstuimigheid. Hy is omgekrap oor iets.*
8. Eckardt sê dat Greg die jonger ouens se held is. Hierdie woorde eggo ook met ’n vroëere verwysing na ’n held. Bespreek. *John was soos ’n held vir Greg. John was ook baie gewild in die skool, net soos Greg op hierdie stadium is.*
9. Wat erken Eckardt in hierdie hoofstuk? *Hy erken dat hy ’n alleenloper is.*
10. Wil Eckardt verander? *Hy sê hy wens soms dat hy Greg was.*
11. Hoekom het Eckardt se woorde “ek weet nie wat in die toekoms vir jou wag nie,” ’n sinistere klankie? *Dit klink of amper of Eckardt weet wat op Greg wag en dat dit niks goeds voorspel nie.*
12. Eckardt gee die volgende raad aan Greg: “Moenie dat vrees jou oordeel beïnvloed nie.” Waar het ons dit al voorheen gelees? *In die vorige hoofstuk waar Greg besig is met “Brute Forcing”.*
13. Watter nuwe gevoel is daar nou binne Greg? *Vir die eerste keer sedert John se dood voel dit vir Greg of hy lewe sonder om skuldig te voel daaroor.*
14. Waar in die verhaal het ’n skuldgevoel oor gelukkig wees ook voorgekom? *In hoofstuk 1 (bl. 11) waar verwys word na Greg se ma se grappie oor ’n naderende sirkus wanneer sy selfoon lui. Hy sê dat sy onmiddellik daarna sal skuldig voel omdat sy haarself toegelaat het om te lag.*

Hoofstuk 29: ’n Skop in die family jewels

***Opsomming**:*

Dit is nie Dok wat voor die rekenaar sit nie, maar sersant Botha. Hy het Greg dopgehou omdat hy vermoed het Greg sal voortgaan met sy kuberkrakery. ’n Telefoonoproep onthul dat daar ’n “keylogger” op Greg se rekenaar is en dat iemand hom dophou. Greg probeer ’n ooreenkoms aangaan met die polisie deur as informant op te tree in die saak. TJ bring nuus dat iemand dood is aan voëlgriep, maar dat hy ook vreemde simptome gehad het.

1. Hoe pas Hoofstuk 29 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede wanneer Greg vir Dok by die rekenaar in die ontspanningslokaal kry.*

2. Watter ontnugtering tref Greg? *Dit is nie Dok by die rekenaar nie, maar sersant Botha.*
3. Hoekom weet Greg dat die man van die Rekenaarmisdaadeenheid nie veel inkriminerende inligting op sy rekenaar sal kry nie? *Hy het altyd deur rekenaars in Amerika of China gewerk en hy het sy internetsoekgeskiedenis skoongevee. Die "Sure Delete"-program sou seker maak niemand diep dit weer op nie.*
4. Watter skokkende onthulling maak sersant Botha na aanleiding van sy telefoonoproep? *Daar is 'n "keylogger" op Greg se rekenaar. Iemand moes dit daarop geplaas het.*
5. Wat impliseer bogenoemde? *Iemand hou vir Greg dop.*
6. Wat bedoel Greg met die volgende sin: "Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en moet jy dieper grawe."? *Greg bedoel dat 'n mens nie seker kan wees wat die omvang van die onderwêreld is nie. Die ontnugterende onthullings bewys dit.*
7. Wie vermoed Greg kon die "keylogger" op sy rekenaar plaas? *Moontlik Plank, TJ, Kwanele of Dok.*
8. Watter ooreenkoms wil Greg met die speurders aangaan? *Hy wil optree as informant sodat hy nie in die moeilikheid kom vir die kuberkrakery nie.*
9. Hoekom voel Greg vasgevang tussen die bo- en onderwêrelde? *Hy is in die moeilikheid vanweë sy onwettige rekenaaraktiwiteite, maar nou is daar 'n moontlikheid dat hy weer kan skoon kom en regmaak wat hy verbrou het deur die polisie te help.*
10. Aanvaar die polisie Greg se aanbod? *Ja, maar die regter sal uiteindelik besluit of hy kwytgeskeld gaan word.*
11. TJ kom met verdere skokkende nuus. Wat behels dit? *Daar is weer iemand dood aan voëlgriep. Daar was ook bloeding by sy neus en mond. Hierdie simptome stem ooreen met die simptome in die verslag wat Greg gelees het oor die geheime virusprojek.*

Hoofstuk 30: Log File: Buzz

***Opsomming**:*
Eckardt gee 'n finale opdrag aan Greg. Greg is skrikkerig om die uitdaging te aanvaar, maar dan besluit hy om dit tog te doen.

1. Hoe pas Hoofstuk 30 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede, dae na die feesvieringe.*

2. Wat moet Greg doen om hierdie laaste les te slaag? *Hy moet sonder hulp inbreek by ’n aanlyn-winkelgroep en dan persoonlike inligting van kopers verkry.*
3. Hoe herinner Eckardt weer vir Greg aan John? *Sy houding is uitdagend soos wanneer John vorendag gekom het met ’n nuwe tipe ekstreme sport.*
4. Watter beeld gebruik Eckardt om vir Greg finaal te oortuig om die uitdaging te aanvaar? *Hy gebruik die beeld van ’n rugbyspel waarin jy nie net kan bly oefen nie, jy moet uiteindelik ook in ’n werklike wedstryd speel.*
5. Waarna verwys die hoofstuk se opskrif? *Die “buzz” is die gevoel wat ’n kuberkraker kry wanneer hy suksesvol deur ’n stelsel se sekuriteit breek. Op daardie oomblik voel jy jy kan nie nou stop nie, jy sal nooit wil stop nie.*

Hoofstuk 31: Op soek na ’n plek wat mens tevrede laat voel met jouself

***Opsomming**:*

Die polisie vind uit Dok het ’n vorige saak teen hom gehad, maar hy het losgekom. Greg vertel die polisie nou alles wat hy weet. Dok word in hegtenis geneem. Greg se ma is ontsteld toe sy Greg by die polisie kry. Greg en sy ma gaan na Clarens toe om weg te kom en hulle koppe skoon te kry. Greg se pa kom die volgende dag ook Clarens toe. Hy omhels vir Greg, maar daar is fout; iets pla hom. Greg gaan stap en besluit om sy lewe reg te ruk en ’n nuwe begin te maak. Hy hoor die bekende Griekse mitologie-sêding en sien dan ’n weerkaatsing in die winkel se glasvenster . . .

1. Hoe pas Hoofstuk 31 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal na Greg se aanbod om die polisie te help.*
2. Wat moet Greg by die gemeenskapsdienssentrum gaan doen? *Hy moet ’n verklaring gaan aflê.*
3. Steek Greg nog inligting weg vir die polisie? *Nee, hy vertel nou alles.*
4. Wat kry inspekteur Cele op die polisie se MAS-stelsel? *Doktor Pienaar het ’n vorige saak teen hom. Dit was vir binnehandel, maar hy het losgekom.*
5. Hoe het Greg verander die afgelope jaar? *Hy het verander van die selfversekerde hoofseun en eerstespanspeler in rugby, na die verloorder wat nie meer verder kon lieg nie.*
6. Wat bedoel Greg met die woorde: “Waar daar vrot vleis is, daar sal die lammervangers vergader?” *Die media sal soos honger roofvoëls op die skool toesak om die skool se voorgehoue beeld af te breek*.

7. Watter reëls breek Greg weer? *Hy loop en eet in sy skoolklere. Dit is teen die skoolreëls, maar hy gee nie om nie, want dit is niks in vergelyking met Dok se misdaad nie.*
8. Dok se beeld was altyd die van ’n vername man. Hoe verander sy beeld in hierdie hoofstuk? *Hy word soos ’n skelm uit die polisievoertuig geboender, hy ruk aan sy boeie, sy gesig is vertrek van woede, sweet vlek sy hemp en hy verloor sy skoen. Dit alles gee ’n patetiese prentjie van die eens gesiene skoolhoof.*
9. Hoe reageer Greg se ma toe sy by die gemeenskapdienssentrum aankom? *Sy is byna histeries. Sy gryp vir Greg vas. Daar is vrees in haar oë.*
10. Greg verstaan sy ma se hewige reaksie. Verduidelik. *Sy het al klaar ’n seun verloor, sy wil nie nog een kwyt wees nie. Sy sal hom daarom ten alle tye probeer beskerm.*
11. Waarheen stel Greg voor moet hy en sy ma gaan om tot verhaal te kom? *Clarens.*
12. Haal die gebeure by Lawson Kollege hierdie keer die nuus? *Ja, die nuus oor die virus en die vaksine vorm ook deel van die nuusberigte.*
13. Greg se deernis vir sy ma kom weer na vore as sy hom vertel dat sy sy pa moet bel. Verduidelik. *Greg weet hy kan nie sy ma verkwalik as sy nou sy pa bel nie. Hy kry haar jammer omdat sy probeer staande bly teen sy pa se woorde. Sy het haar oudste seun verloor, maar sy bly op haar voete. Sy hou haar ken ook hoog tussen ander mense wat nie die diepte van haar pyn ken nie.*
14. Kan Greg nou al vir Nicole sê dat hy haar lief het? *Ja.*
15. Hoe reageer Greg se pa toe hy hom die volgende oggende in die gastehuis sien? *Hy is fier soos gewoonlik en kyk Greg reguit in die oë. Hy steek eers net sy hand uit om hom te groet, dan omhels hy hom, maar dit lyk of iets binne hom broei. Sy aandag dwaal ook gereeld tydens die ete. Sy hande bewe. Sy oë is steeds kil.*
16. Wat vind Greg ironies aan sy pa? *Hy bestuur ’n groot kommunikasiemaatskappy, maar hy kan nie eens met sy eie seun kommunikeer nie.*
17. Daar is gereelde tonele in die verhaal waar die ma vir Greg geld gee (bl. 20, 8 en 174). Watter onuitgesproke versoek kom saam met die geld? *Die geld word amper omkoopgeld dat Greg na homself moet kyk. Hy moet sorg dat hy nie ook iets oorkom nie, want die ma kan dit nie bekostig om hom ook te verloor soos vir John nie.*
18. Voel Greg hy moet ook iemand “koop”? Bespreek kortliks. *Ja, Greg voel hy moet sy pa se aanvaarding koop met sy prestasies.*
19. Wat besluit Greg uiteindelik? *Hy besluit om ’n nuwe begin te maak. Vir John, sy ma en ook sy pa se onthalwe.*
20. Die hoofstuk se laaste paragraaf sluit af met ’n deurlopende motief in die roman. Verduidelik. *Dwarsdeur die boek loop die motief van eggo’s of herhalende gebeurtenisse. Hier neem die herhaling die weerkaatsing van ’n beeld in ’n winkelvenster aan.*

Hoofstuk 32: Log File: Gedenking

***Opsomming**:*

Eckardt vra Greg moet saam met hom na die Lawson-gedenkmuseum gaan. Greg is eers onwillig. Hy bied 'n rugbyoefening as verskoning aan, maar daar is dalk 'n ander rede. Slegte herinneringe wag daarbinne. Hy word dan inderdaad gekonfronteer deur die verlede wanneer hy John se uitstalling sien. Hy besef hy het al vergeet hoe John se stem klink totdat Eckardt praat.

1. Hoe pas Hoofstuk 32 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede, tydens 'n Dinsdagmiddag in die winter.*
2. Hoekom is Greg haastig? *Hy wil by die koshuis kom, want daar is later die middag weer 'n rugbyoefening.*
3. Hoekom sien Greg die Lawson-gedenkmuseum nie meer raak nie? *Hy het al soveel maal daar verbygeloop dat dit net nog 'n skoolgebou geword het vir hom. Later wonder hy of hy dit met opset miskyk omdat daar slegte herinneringe binne wag.*
4. Hoe word John uitgebeeld in die museum? *John is die triomfantelike sportheld, die akademiese uitblinker, die gewilde spanmaat, die avonturier en die wenner.*
5. Hoe word John nie uitgebeeld nie? *Hy word nie uitgebeeld as Greg se broer nie, en ook nie as die persoon na wie Greg geweldig verlang nie.*
6. Hoekom dink jy noem Greg verlange 'n ekstreme sport? *Die antwoord is oop vir interpretasie, maar dit kan wees dat verlange jou op 'n moeilike emosionele rit neem, dat dit 'n geweldige innerlike stryd word om die verlange te oorkom.*
7. Wat het Greg vergeet? *Hy het al vergeet hoe klink John se stem.*
8. Wat bring die herinnering aan John se stem terug? *Eckardt wat sê: "Dis oukei, Greg."*
9. Vergelyk kortliks die laaste twee paragrawe van hoofstukke 31 en 32 met mekaar. *In hoofstuk 31 hoor Greg Eckardt se bekende Zeus-sêding. Hy sien 'n weerkaatsing in die winkelvenster. Hy herken eers nie die persoon nie, maar dan besef hy dis Eckardt wat teruggekom het. In Hoofstuk 32 erken Greg dat hy vergeet het hoe sy broer se stem klink, maar dan roep Eckardt se stem die herinnering weer op. Daar is weer sprake van 'n weerkaatsing in 'n glasvenster. In albei hoofstukke bind weerkaatsende glasvensters die hede en die verlede aanmekaar; dit wat vergete of verby is, word verbind aan dit wat onthou of teruggevind word.*

Hoofstuk 33: Eggo's

***Opsomming**:*
Eckardt se terugkeer is nie so gelukkig soos wat Greg hom sou voorstel nie. Talle skokkende ontblotings word gemaak, onder andere die verhaalwending dat Greg en sy gesin die teiken was van 'n grootskaalse sosiale manipuleringaanval. Die rede vir die aanval blyk wraak te wees.

1. Hoe pas Hoofstuk 33 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal waar Greg die weerkaatsing in die winkelvenster sien in Clarens.*
2. Na 'n aanvanklike kopstampery het Greg en Eckardt vriende geword. In hierdie hoofstuk is daar egter onmiddellik sprake van 'n vervreemding. Bespreek dit kortliks. *Eckardt stoot Greg weg as hy hom wil groet. Eckardt lyk anders met sy blonde hare en bokbaardjie. Dit bring ook 'n vervreemding. Eckardt is kortaf en nie geneë om Greg se vrae te antwoord nie. Later bal Eckardt sy vuiste terwyl hy praat. Dit voel vir Greg of Eckardt hom haat.*
3. Waar in die roman is die "Dis hoe vrees voel"-paragraaf al gebruik? *Dit is die openingsparagraaf van die roman.*
4. Gebruik die hoofstuktitel as 'n verwysing en verduidelik hoekom die paragraaf herhaal word? *Die hoofstuk-titel is Eggo's. Die openingsparagraaf (en ander paragrawe uit die proloog) eggo of herhaal telkens in hoofstuk 33. Dit wys hoe die gebeure van die verlede verantwoordelik is vir wat nou gebeur. Die verlede eggo as te ware in die hede.*
5. Eckardt se stem het verander. Waar in die verhaal het dit ook gebeur? *Tydens die les oor sosiale manipulasie waar hy die vrou bel oor die selfoonkompetisie.*
6. Haal die paragraaf aan wat aandui hoe diep die vervreemding tussen die twee ouens is. *"Ís dit hy?"*
7. Watter implikasie het die volgende sin in die roman: "Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!" *Die sin lui die kinkel in die verhaallyn in. Wat hierna gaan volg, gaan die leser die vorige gebeure in 'n ander lig laat sien.*
8. Wie het die "keylogger" op Greg se rekenaar geplaas? *Eckardt*.
9. Hoekom het hy dit gedoen? *Hy wou sien wat Greg doen en hoeveel inligting hy in die hande kon kry oor die Butcher en sy trawante.*
10. Eckardt sê dat hy vir Greg geprogrammeer het. Waar in die verhaal is die beeld van die mens-as-masjien ook gebruik? *In die Le Corbusier-skoolkoshuis (die argitek wat geglo het geboue is "masjiene waarin mense leef" (bl. 16).) En in Eckardt se siening van die seuns as klone van hulle pa's (bl. 38). Dit klink amper asof hulle soos*

fabrieksvervaardige artikels gedupliseer word wat hulle pa's se gene, emosies, houdings en optredes betref.

11. Op bl. 38 sê Eckardt dat skole kinders "breinspoel". Op bl. 179 sê hy dat hy Greg geprogrammeer het. Kom dit nie op dieselfde neer nie? *Ja, want hy het Greg net geleer wat hy nodig geag het vir Greg om te weet. Die res het hy verswyg, bv. dat "hackers ook gehack kan word."*

12. Waarvan was Greg die slagoffer? *Van 'n grootse sosiale manipuleringaanval.*

13. Aan die begin van die skooljaar was Greg verbaas dat 'n nuwe leerder in matriek by die skool kan aansluit. Hoe het Eckardt dit reggekry? *Hy het die skool se rekenaars gekraak en homself ingeskryf.*

14. Eckardt sien sy status as kuberkraker nou anders as in voorafgaande hoofstukke. Verduidelik dit kortliks. *Eckardt het voorheen herhaaldelik na homself verwys as 'n "white hat"-kuberkraker. Nou sê hy hy is 'n "black hat uit die onderwêreld". Dit dui op sy verdere misleiding van Greg.*

15. Gee 'n paar aanduidings van gebeure in die verhaal wat blote misleiding van Eckardt se kant af was. *Sy naam is nie werklik Eckardt nie. Die familiefoto is van mense wat Eckardt nie eens ken nie. Hy het nie werklik met sy ouers op die telefoon gepraat nie. Selfs die klere, selfoon en vervangde rekenaar wat hy agtergelaat het in sy kamer, is deel van die misleiding.*

16. Hoe probeer Greg homself fisies verweer teen Eckardt en sy leuens? *Hy lig sy vuis, plant dit voor Eckardt se bors en stoot hom weg.*

17. Het Eckardt Greg se familie ook nagevors voor sy aanval begin het? *Ja, hy het geweet van John voordat Greg hom vertel het. Hy het navorsing gedoen oor sy pa, die mediamagnaat. Hy het van Nicole geweet en het selfs sy ma met 'n verskuilde agenda gebel om meer uit te vind oor Greg. Hy het uiteindelik vir Greg so goed geken soos Greg vir John geken het.*

18. Hoekom het Eckardt juis vir Greg gekies vir die aanval en nie iemand soos Plank, TJ of Kwanele nie? *Omdat Greg se pa betrokke is by Project Nursery Rhyme. Hy is die Candlestick-maker.*

19. Hoe voel Greg na hierdie skokkende uitlating? *Dit voel of 'n reusegolf hom alleen op 'n strand kry, oor hom breek, hom platvee en uitmekaarruk. Maar dit voel ook of dieselfde golf hom weer regop trek en hom weer krag gee. Dit gee hom 'n uitlaatklep vir sy woede.*

20. Wie keer die vuisgeveg en hoekom juis hierdie persoon? *Tom, die terreinbestuurder keer die geveg. Hy het Eckardt gehelp met die aanval teen Greg se familie.*

21. Wat impliseer Eckardt se woorde: "As jy wil weet hoekom, G-4ce, gaan vra jou pa! Vra hom wat het hy met mý pa gedoen." *Eckardt het die aanval geloods om wraak te neem op Greg se pa.*

22. "And while you're at it, vind uit waar het jou broer daardie pille gekry wat hy gesuip het." Wat dink jy skuil agter hierdie woorde? *Die pille was moontlik ook afkomstig*

van die PlusUltraMed-farmakologiese maatskappy waarmee Greg se pa deurmekaar is.

Hoofstuk 34: Log File: White hat/Black hat

***Opsomming**:*
Greg is suksesvol met sy laaste taak. Hy ontvang 'n MMS van 'n wit hoed op die vooraand van Eckardt se verdwyning.

1. Hoe pas Hoofstuk 34 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die verlede, twee weke nadat Greg en Eckardt in die Lawson-gedenkmuseum was, op die aand voor Eckardt se verdwyning.*
2. Slaag Greg in die finale kuberkrakertoets? *Ja, hy kry die kliëntename, adresse, telefoonnommers, e-posadresse, aantekenkodes en sleutelwoorde, asook die kredietkaartnommers.*
3. Gesien in die lig van die ontblotings in die vorige hoofstuk, hoekom glimlag Eckardt "stil en afgetrokke"? *Hy besef dat sy aanval suksesvol gaan wees, want Greg het verander in 'n voortreflike kuberkraker.*
4. Wat simboliseer die MMS van die wit hoed wat Greg ontvang op die vooraand van Eckardt se verdwyning? *Die roman se twee verhaallyne ontmoet hier.*

Hoofstuk 35: Die Regter

***Opsomming**:*
Greg is in 'n gehawende toestand na sy geveg met Eckardt. Hy konfronteer se pa oor die regter. Sy pa se selfversekerde houding verbrokkel wanneer hy vertel van die binnehandelaanklag, omkopery en gevolglike verdwyning van die regter. Greg vertel sy ouers dat Eckardt die regter se seun is. Die Owen-familie is verpletterd deur die gebeure.

1. Hoe pas Hoofstuk 35 in by die verhaallyn van die boek? *Die hoofstuk speel af in die hede en hervat die verhaal waar Greg gekonfronteer is met Eckardt se misleiding.*
2. Dink jy Greg se gehawende voorkoms weerspieël sy emosionele toestand? Motiveer jou antwoord. *Ja, sy gesig is stukkend en sy klere is geskeur. Sy emosionele wêreld is ook stukkend en geskeur na die konfrontasie met Eckardt*.

3. Hoekom skrik Greg toe hy sy pa sien? *Hy besef hy het nog nooit gekyk hoe sy pa werklik lyk nie. Sy pa was nog altyd net 'n ingeprente beeld van 'n belangrike sakeman in sy kop.*
4. Is Greg ontnugter deur sy pa? *Ja, alhoewel sy pa afsydig en koud is, sou Greg nooit kon dink dat hy by iets so afgrysliks soos die virus betrokke kon raak nie.*
5. Hoe verander Greg se pa reg voor sy oë? *Sy pa se skouers sak laer, sy fors houding verkrummel en sy skanse breek soos hy oomblik vir oomblik afgetakel word. Hy is nie meer selfversekerd wanneer hy praat nie, want die woorde "breek oor sy lippe".*
6. Van watter vroëere misdaad is Greg se pa ook skuldig? *Binnehandel*.
7. Hoe het Greg se pa en Dok uit die moeilikheid gekom? *Hulle het die regter omgekoop.*
8. Wat het gebeur toe die regter wou kop uittrek? *Greg se pa en Dok het die regter afgepers met 'n opgeneemde gesprek.*
9. Wat het later van die regter geword? *Hy het verdwyn. Dit was Dok se handewerk.*
10. Wie was die regter? *Hy was Eckardt se pa.*
11. Hoekom gebruik die skrywer die verwysing na 'n pistoolskoot? *Die verwysing roep weer die herinnering van Eckardt se pa met die 9 mm-pistool in sy hande (proloog) by die leser op.*
12. Hoekom het Greg se pa betrokke geraak by die virus? *Sy maatskappy, Turret Media, is in geldelike moeilikheid. Die winste uit die vaksine sou die maatskappy uit die verknorsing red.*
13. "Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur." Waar in die verhaal word Greg ook gekonfronteer met die donker kant van geld? *Op bl. 159 sê Greg dat die wêreld van geld boser is as enigiets wat 'n kuberkraker sal kan aanvang. Hy noem dit die eintlike onderwêreld.*
14. Greg se pa was steeds afgetrokke na John se selfmoord, maar dit verander noudat hy ook daarmee gekonfronteer word. Verduidelik kortliks. *Sy pa se skouers ruk soos hy huil. Sy lyf trek ook inmekaar. Dit word 'n erkenning dat hy, moontlik onbedoeld, 'n hand in sy geliefde seun se dood gehad het.*
15. Hoe voel Greg? *Hy vergelyk sy gevoellens met 'n rekenaar wat ingegee het en op veilige modus aangeskakel is. Hy voel dus heeltemal verslae en opereer net op 'n lae energievlak.*
16. Die betekenis van Eckardt se Zeus-sêding is nou duideliker. Verduidelik kortliks. *Die magtige oppergod, Zeus, word in die sêding eintlik vergelyk met Greg se pa, en Herakles is Greg. Die verwysing na slaap in Hipnos se vlerke en die strand van Herakles se skip beteken dat Greg se pa onbewus is daarvan dat sy seun die hele gesin se ondergang gaan veroorsaak met die feite wat hy gaan ontbloot.*
17. Wat kan jy terugskouend sê is die rede vir die gebruik van die rekenaarterm "Ping" (bl. 9) wat die sentrale gedeelte van die roman inlei? *Soos een rekenaar soek na 'n ander aktiewe rekenaar, word die roman op een vlak 'n soektog na 'n verdwene*

skoolseun, maar op ’n dieper vlak ’n soektog na die waarheid. Die gebeure in die verlede eggo, of het ’n invloed op dit wat in die hede gebeur.

Epiloog

***Opsomming**:*
Greg en sy ma ry terug Johannesburg toe. Sy pa volg in die motor agter hulle. ’n Joernalis is op die storie se spoor, maar Greg antwoord nie haar vrae nie. Terwyl donker afspeel teen lig, erken Greg teenoor sy ma dat hy menslik is en haar gefaal het. Greg kan nou eers huil vir sy pa en vir John. Eckardt bly ’n enigma.

1. Die epiloog word ingelei deur ’n definisie van die rekenaarterm “Log Off”. Hoe sluit die term aan by die definisie van ’n epiloog? *’n Epiloog is die slotrede of afsluiting van ’n roman. Die skrywer stel dit hier gelyk aan die aksies wat uitgevoer word om ’n rekenaar af te skakel.*
2. Hoe verander die verteller in die verhaal in die epiloog? *Die verteller word weer ’n derdepersoonsverteller soos in die proloog.*
3. Wie bel vir Greg? *’n Verslaggewer van ’n koerant.*
4. Beantwoord Greg die vrae? *Nee*.
5. “Sy gesig is skaars sigbaar in die donker.” Hierdie verwysing na die donker en Greg se pa se gesig speel ook in op die verwysing na Eckardt se pa in die proloog. Verduidelik kortliks. *In die proloog is die een kant van Eckardt se pa se gesig verlig en die anderkant donker. Dit laat hom lyk soos die monsters waarvan Eckardt al gedroom het. Greg se pa ís inderwaarheid die monster in die verhaal. Sy gesig is skaars sigbaar in die donker.*
6. Dui die verband tussen die gesig in die donker en die onderwêreld aan. *Dit gesig in die donker is simbolies van die boosheid binne Greg se pa. Hy is vasgevang in die onderwêreld.*
7. Wanneer Greg die helder motorligte op die pad sien, kom die skoolleuse “Lux hominum vita” weer ter sprake. Is die leuse steeds geldig, selfs na alles wat gebeur het? *Ja. Die betekenis van “Lig is die lewe vir die mensdom” kry ’n dieper betekenis deurdat die lig (waarheid) uiteindelik ’n mens se redding (lewe) word.*
8. Greg se woorde “Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie,” is ook ’n verskuilde erkentenis. Verduidelik. *Greg erken aan sy ma dat hy nie sy broer se plek sal kan volstaan nie. Dit word ook ’n verskoning dat hy haar gefaal het.*
9. Dink jy Greg vergewe sy pa? *Ja, hy huil vir sy pa.*

10. Verduidelik hoe die soeke na waarheid ook in die slotparagraaf ’n rol speel? *Die joernalis is op soek na Eckardt se regte naam. Dit laat ’n mens met die gedagte of die waarheid altyd ten volle geken kan word of bly dit, soos Eckardt, ’n enigma.*

11. Die leser weet nie wat uiteindelik met Greg se pa gebeur nie. Greg en sy ma se toekoms is onduidelik en ons weet nie of Eckardt ooit gevang is nie. Sou jy sê die roman eindig bevredigend of sou jy ’n gelukkiger einde wou hê? *Die antwoord is op vir interpretasie.*

Opsommende inligting oor die karakters

Tipes karakters

Hoofkarakter(s)	Bykomende karakters
• Hoofkarakters staan sentraal in die storie • Hulle is betrokke by die meeste of die belangrikste konflikte. • Ons leer hulle baie goed ken. • Hulle karakters groei gewoonlik. • Ons sê ook hulle is driedimensionele of ronde karakters.	• Bykomende karakters se rolle kan wissel van belangrik tot onbelangrik. • Hulle maak soms net ’n klein deel uit van die verhaal. • Dit is nie vir ons altyd nodig om hulle ten volle te leer ken nie. • Hulle karakters groei nie. • Hulle is gewoonlik tweedimensionele of plat karakters.

Protagonis	Antagonis
• Die protagonis is die “goeie ou” of held in die verhaal. • In *Onderwêreld* is dit Greg Owen.	• Die antagonis is die “slegte ou” in die verhaal; vyand; opponent. • Hy bied teenstand teen die protagonis. • In *Onderwêreld* lyk dit of Eckardt Wilken ’n protagonis is, maar na die kinkel in die verhaal besef ons dat hy eintlik ’n antagonis is. • Karakters soos doktor Pienaar en Greg se pa is ook antagoniste.

Hoofkarakters in *Onderwêreld*:

Greg Owen

Greg is ’n matriekleerder aan Lawson Kollege. Hy is die skool se hoofseun en speel vleuel in die eerste rugbyspan. Greg gee voor dat hy ’n harde ou is, maar sy broer se selfmoord het hom ’n emosionele knak gegee. Almal wil hê hy moet sy broer se skoene volstaan, maar hy besef dat hy is nie op akademiese en sportgebied kan presteer soos sy broer nie. Hy voel veral druk van sy pa met wie hy nie goed oor die weg kom nie.

Eckardt Wilken

Eckardt is die nuwe matriekleerder by Lawson Kollege. Hy is ’n alleenloper (*loner*). Daar is iets misterieus aan Eckardt. Hy is ongelooflik slim en weet hoe om rekenaars te kraak. Die leser vind ook mettertyd uit dat Eckardt ’n donker verlede het.

Bykomende karakters:

Doktor Alec Pienaar

Lawson Kollege se skoolhoof. Dit is tans sy laaste jaar as skoolhoof. (Nota: Hy is nie ’n mediese dokt**e**r nie, maar ’n dokt**o**r, vermoedelik in chemiese wetenskappe.) Al die seuns noem hom Dok.

Greg se pa

Greg se pa is ’n korrelkop. Hy soek gedurig fout by Greg. Hy is onaangenaam met sy vrou. Hy het ’n afsydige houding en verwaarloos sy gesin emosioneel. Hy werk gedurigdeur, selfs wanneer hy met vakansie is.

Rina Owen

Greg se ma, Rina, is ’n weerlose vrou. Sy werk nie self nie, maar lei ’n eensame lewe in hulle enorme rykmanshuis in Sandhurst. Sy leef in vrees dat Greg ook sal knak onder sy pa se druk en gee hom gereeld geld asof sy hom wil omkoop om te bly leef.

John Owen

John was Greg se ouer broer. Meisies was gek oor hom. Hy het blonde hare en ’n vriendelike, skaam glimlag gehad. John en Greg het baie goed oor die weg gekom. Hy was Greg se held. Maar toe hy nie meer die druk van sy pa kon hanteer nie, drink John pille en sterf onderweg na die hospitaal.

Mark Gibbons (Plank)

Hierdie slim matriekleerder is ook ’n tawwe voorryspeler. Hy gebruik dwelms en is byna altyd onder die invloed, vandaar sy konstante glimlag.

Thomas-Jean (TJ)

TJ is ’n matriekleerder en kleinkind van Thomas Lawson, die stigter van Lawson Kollege. TJ is ’n strateeg en goeie skaakspeler.

Nicole

Greg se meisie. Sy het lang, blonde hare, ’n fyn neus, mooi lippe en blou oë wat mooi kan flirt en terg. Greg is onseker oor sy gevoellens vir Nicole. Hy vermoed dat sy hom verneuk met ander ouens terwyl hy in die Drakensberg is en sy in Johannesburg.

Inspekteur Nomvula Cele

Hierdie speurder is ’n ystervrou met ’n gemoedelike front, maar sy laat nie met haar sukkel nie.

Sersant Leon Botha

Inspekteur Cele se kollega.

Kwanele Twala

Kwanele is die skool se onderhoofseun. Hy en Greg kom nie goed oor die weg nie. Greg glo dat Kwanele suur is omdat hy nie hoofseun is nie. Greg voel dan ook dat Kwanele op sy "gebied" oortree.

Pete Anderson

Die skool se adjunkhoof. Hy staan in vir Dok wanneer hy uitstedig is.

Bill Eden (Boggom)

Die wiskunde-onderwyser.

Oom Ian

Die koshuisvader

Tom

Die skool se nuwe terreinbestuurder.

Joan Gibbs

Dok se effens verstrooide sekretaresse.

Karakterisering

In die voorafgaande afdeling is ’n opsomming gegee van die karakters in *Onderwêreld*.

Maar waar kom karakters vandaan? Hoe maak ’n skrywer ’n karakter? Ons noem die proses karakterisering. Om te karakteriseer beteken om ’n mens (karakter) te skep met woorde. Daardie karakter moet so goed geskep word dat die lesers naderhand glo dat hulle werklik kan bestaan.

Skrywers doen dit op die volgende maniere:

- Beskrywing deur die verteller: “Pieter is ’n dief”.
- Die handeling van ’n karakter: “Pieter druk die sjokolade skelm in sy sak.”
- Dialoog: “Het jy gehoor?’ vra Susan. “Hulle het Pieter gevang met sjokolade in sy sak. En hy het nie daarvoor betaal nie!”
- Denke, gedagtes: “Ag, niemand sal sien as ek die sjokolade vat nie, dink Pieter.”
- Benaming: “Het jy gesien wat Lang Vingers gedoen het?”
- Selfbeskouing: “Ag, ek is mos ’n gawe ou.”

’n Belangrike aspek van karakterisering is dat (veral) hoofkarakters moet groei in die loop van die verhaal. Dit beteken hulle moet ’n verandering ondergaan en nie meer dieselfde dink of voel oor hulleself, hulle omstandighede of ander mense nie. Die groei is dikwels ’n emosionele groei.

Kenmerke van buitestanders

Buitestanders kom in talle romans voor. Saul Barnard in Dalene Matthee se *Kringe in ’n bos* is ’n voorbeeld van ’n buitestander. Die kenmerke van buitestanders is die volgende:

- Hulle is sensitiewe mense met ’n diepe insig op die wêreld en gebeure.
- Hulle sien dikwels eerder die chaos as die orde in die wêreld.
- Hulle voel vervreemd van ander mense of groepe.
- Hulle aanvaar dikwels nie die lewe en die bestaan van die individu binne die gemeenskap nie.
- Hulle kies soms self om nie deel van die groep te wees nie, of hulle word uitgestoot.
- Hulle is soms ontwrigte of wanaangepaste mense.
- Hulle worstel met probleme soos “wie is ek?” en “wat maak ek hier?”
- Hulle weet soms nie hoe om op te tree in sosiale omstandighede nie.
- Hulle praat en doen soms min.
- Hulle kom geslote voor vir ander mense.

Het jy geweet?

Wanneer ’n skrywer begin werk aan ’n boek, moet hy mense wat glad nie bestaan nie gaan “skep” asof hulle werklik bestaan.

Om die karakters in *Onderwêreld* te skep, het die skrywer in tienertydskrifte gesoek na foto’s van jongmense wat “met hom praat”, of dan liewer inspireer.

Hy het die foto’s op kaartjies geplak, en toe onderhoude met hulle gevoer, asof hulle werklik bestaan. (Ja, dit is effens mal!) Die vrae en antwoorde het hy ook op die kaartjies aangeteken. Hier is die karakterkaartjie vir Greg:



(As jy mooi kyk, sal jy sien dat daar moontlik verskille is tussen die beplanning en dit wat uiteindelik in die boek beland het. ’n Skrywer se planne werk soms nie uit nie, of hy besluit bloot om hulle te verander.)

Vrae

1. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur beskrywing plaasvind in *Onderwêreld*. *“Donkerkop, ongeskeer. Strak gesig.” (bl. 21)*
2. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur handeling plaasvind in *Onderwêreld*. *“Ná ’n ruk maak sy haar arms los en vat ’n oomblik lank my hande, kyk daarna. Sy glimlag. ‘Ietsie ekstra vir jou,’ sê sy en haal ’n klomp honderdrandnote uit haar handsak.” (bl. 20)*
3. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur dialoog plaasvind in *Onderwêreld. “‘Tonight, VRL meeting,” sê die onderhoofseun, Kwanele Twala, en klap my op die rug. ‘Seven o’clock. Don’t be late.’” (bl. 18)*
4. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur denke of gedagtes plaasvind in Onderwêreld. *“Wonder of ander mense ook soms so vir hulleself staar.” (bl. 23)*
5. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur benaming plaasvind in *Onderwêreld. Plank se naam verwys na sy bedwelmde toestand. Eckardt se skuilnaam “Eck-0” verwys na sy wraaksugtigheid.*
6. Gee ’n voorbeeld waar karakterisering deur selfbeskouing plaasvind in *Onderwêreld*. *“Ek is mos nie stupid nie.” (bl. 13)*
7. Vind daar karaktergroei plaas by Greg? Motiveer jou antwoord. *Ja, Greg is aanvanklik ’n gewilde leier met wie almal geselsies aanknoop. Later verloor hy die ander leerders se respek en word ’n “loser” genoem deur een van hulle. Hy besef self ook dat ’n leier sonder volgelinge net bloot op ’n uitstappie is. Greg gee aanvanklik voor dat hy selfversekerd is, al het hy ’n knou weg na sy broer se selfmoord. Hy twyfel eintlik baie in homself. Die kuberkrakerlesse gee hom nuwe selfvertroue. Hy besef uiteindelik dat hy vir die eerste keer sedert sy broer se dood weer regtig lewe (bl. 161), maar dan stort Greg se eens veilige, gemaklike bestaan, nes sy emosies heeltemal in duie. Hy vergoed vir sy wandade deur sy hulp aan die polisie aan te bied.*
8. Sal jy Eckardt se karakter as ’n buitestander (loner) beskryf? Hoekom sê jy so? *Ja, beslis. Hy is ’n sensitiewe persoon wat meer sien en weet as ander jongmense van sy ouderdom (bl. 23). Greg beskryf hom as “stil, op sy plek, half eenkant.” (bl. 24). Hy erken dit ook indirek op bl. 161 waar hy vra of Greg dink dit is voordelig om ’n alleenloper te wees.*
9. Dink jy die skrywer het Eckardt se karakter raak voorgestel as bedrieër? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
10. John word amper ’n spookkarakter regdeur die verhaal. Hy is oorlede, maar sy invloed kan nog gevoel word. Beskryf hoe Greg sy broer steeds ervaar na sy dood. *John en Greg het baie goed oor die weg gekom. Greg het John as ’n held gesien. John se dood was dus ’n geweldige skok vir Greg. Hy dink dikwels terug aan John en sy sin vir avontuur, maar die realiteit is dat John nou net bestaan agter ’n glasvenster in ’n gedenkmuseum. Die ooreenstemmende karaktertrekke tussen John en Eckardt vind aanklank by Greg en uiteindelik raak hy vriende met Eckardt. Regdeur die verhaal duik hierdie vergelykings tussen die twee karakters ook op, bv. die kyk in Eckardt se oë, weerkaatsings in vensters, hulle stemme wat soortgelyk klink. Greg gee selfs vir Eckardt John se kamer wanneer hy die vakansie kom kuier.*

11. Oortuig die verhouding tussen Greg en sy pa jou? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
12. Hoe sou jy die verhouding tussen Greg en sy ma beskryf? *Hulle het 'n sensitiewe verhouding. Greg is baie bewus van sy ma se gevoellens, byvoorbeeld op bl. 19 wanneer hy hom haar wêreld kan voorstel, alleen in hulle rykmanshuis in Sandhurst. Of wanneer hy haar nie wil opsaal met sy probleme nie, soos op bl. 35 wanneer hy vir haar jok oor die eintlike rede vir sy swaar gemoed. Sy ma het blykbaar 'n diepe vrees dat Greg ook sal sterf, en daarom gee sy gereeld vir hom ekstra geld, asof sy hom wil omkoop om te bly leef.*
13. Dink jy die skrywer het doktor Pienaar se karakter oortuigend gekarakteriseer? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Konflik

Ons kry twee tipes konflik in 'n roman:

Eksterne konflik

- Dit neem gewoonlik die vorm aan van 'n geveg, 'n argument of blote teenstand tussen twee karakters.
- Die konflik kan ook teenoor die natuur of 'n saak (bv. rassisme) wees.
- Die geleidelike oplos van konflikte lei die hoofkarakter tot die suksesvolle afloop van die verhaal.

Interne konflik

- Interne konflik vind binne-in 'n karakter se kop plaas.
- Dit vind gewoonlik plaas wanneer 'n karakter moet besluit oor 'n moontlike optrede, of wanneer hy besin oor iets wat hy alreeds gedoen het.
- Dit kan ook 'n interne worsteling wees met goed wat aan hom, 'n vriend of geliefde gedoen is.

Vrae

1. Noem twee gevalle van eksterne konflik in *Onderwêreld*.
   - *Eckardt en Greg se geveg voor die winkel in Clarens aan die einde van die verhaal.*
   - *Greg en Dok se konfrontasie voor die rugbywedstryd oor die skool se stilswye rakende Eckardt se verdwyning.*

   (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)

2. Noem twee gevalle van interne konflik in *Onderwêreld*.
   - *Greg se emosionele worsteling om sy broer se dood te verwerk*
   - *Greg se emosionele worsteling oor presies hoeveel hy vir die polisie kan vertel van sy en Eckardt se rekenaarbedrywighede*.

   (Die leerders kan ook ander gevalle hier noem.)

3. Is die konflik in die gevalle wat jy genoem het, realisties? Motiveer jou antwoord.

   Die antwoord is oop vir die leerders se eie interpretasie.

Storielyn

Boeke kan nie net bestaan uit ’n klomp losstaande gebeure nie. Die reeks gebeure of handeling moet ’n bepaalde volgorde hê. Die intrige en subintrige speel hier ’n belangrike rol.

Intrige

Die georganiseerde eenheid van handeling word die plot of intrige genoem. Om die leser se aandag te hou, gebruik die skrywer dikwels spanning om die verhaal voort te dryf.

Die storielyn begin gewoonlik met ’n lae spanningsvlak. Die spanning bou geleidelik op tot by die klimaks, en daarna volg die ontknoping. Daar kan ook klein stygings en dalings voorkom.

Hierdie grafiek van die storielyn dui die klassieke intrige aan:



Vir pret

Omdat *Onderwêreld* twee storielyne het wat gelyk loop en aan die einde van die boek bymekaarkom, het die skrywer gebruik gemaak van stukkies karton waarop hy die gebeure van elke hoofstuk kortliks aangeteken het. Hy het daarna die notas só rangskik dat die twee verhaallyne soos ’n legkaart inmekaar pas.

Hierdie skryfmetode het verseker dat die spanningslyn volgehou word en dat die plot lesers aan die lees sou hou.

Bespreek in die klas:

Het die skrywer daarin geslaag om jou geïnteresseerd te hou in die verhaal?

Hier is een van die storielynnotas vir Hoofstuk 5 van Onderwêreld:



Vrae

1. Dui op die grafiek aan waar die volgende gebeure op die storielyn sal voorkom.
    a. Eckardt vra vir Greg of hy al ’n rekenaar gekraak het.
    b. Eckardt maak sy verskyning in Clarens en konfronteer vir Greg.
    c. Greg ry op die eerste skooldag in matriek by Lawson Kollege se hekke in.
    d. Eckardt verdwyn.
    e. Greg en sy ma is op pad terug huis toe nadat hulle in Clarens was.



2. Doen die terugflitshoofstukke afbreuk aan *Onderwêreld* se intrige? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
3. Kan ’n mens ook sê dat die twee saamlopende verhaallyne elkeen hul eie opbouende intrige het? *Ja, want jy kan hulle ook op ’n grafiek uitmerk met ’n begin, opbouende spanning en klimaks. Waar die terugflitsverhaallyn se klimaks is, begin die verhaal wat in die hede is. Hulle vorm dus ook ’n eenheid.*
4. Wat sou jy anders doen om die plot interessanter te maak? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Subintrige

’n Subintrige is ’n onderliggende intrige aan die hoofverhaallyn. ’n Subintrige kan gekoppel wees aan die hoofgebeure, tema en karakters in die verhaal.

In *Onderwêreld* vorm Greg se verhouding met Nicole, byvoorbeeld, ’n subintrige. Ons weet nie of hy uiteindelik vir haar sal kan sê dat hy haar lief het nie.

Gebeure soos die voëlgriepepidemie lyk aanvanklik of dit ’n subintrige vorm, maar aan die einde van die verhaal word dit by die hoofintrige betrek.

'n Mens sou moontlik ook die verhaal wat in die hede afspeel (die verdwyning en soektog na Eckardt) as die hoofintrige kan sien, en die terugflitshoofstukke (waarin Greg vir Eckardt ontmoet en opleiding ontvang as kuberkraker) as die subintrige.

Vrae

1. Verduidelik hoe TJ 'n rol speel in 'n subintrige binne *Onderwêreld*. *TJ se oupa het Lawson Kollege gestig. Greg vertrou TJ met belangrike inligting, maar TJ skend hierdie vertroue en gee Greg dan weg omdat hy nie sy oupa se handewerk ongedaan kan laat maak nie.*
2. Is daar ander subintriges wat jy kan raaksien in die roman? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Voorafskaduwing

Met voorafskaduwing gee die skrywer vir ons 'n vae leidraad of aanduiding om te voorspel wat later mag gebeur in die verhaal. Dit is dus 'n tegniek wat kan dui op verdere ontwikkeling in die plot.

In *Onderwêreld* kry ons sommer vroeg al 'n aanduiding hiervan met die paragraaf in die proloog: "Maar dit is goed so, want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies. Een waarmee hy die vrees kon uitdryf. 'n Naam wat sou sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld in ruil kry."

Vrae

1. Is die volgende sin 'n voorbeeld van voorafskaduwing? "Ek voel verdwaal in my koshuiskamer." (bl. 44) *Nee, dit gee nie 'n vae leidraad op 'n toekomstige gebeurtenis nie.*
2. Is die volgende sinne 'n voorbeeld van voorafskaduwing? "'Jy ken obviously nie my pa nie,' grinnik ek. 'Jy is reg, ek ken hom nie." Daar is 'n vreemde glinstering in Eckardt se oë toe hy dit sê, maar hy tel weer sy boek op en ek vergeet daarvan." (bl. 67) *Ja, want ons vind later uit dat Eckardt wel Greg se pa ken.*

Terugflitse

Tyd speel ’n belangrike rol in *Onderwêreld*. Die skrywer gebruik dit selfs om die spanning te verhoog in die verhaal. Hy doen dit deur die wisselende aanbieding van hoofstukke wat in die hede en verlede afspeel. Talle hoofstukke eindig op ’n spannende noot. Die skrywer keer dan eers weer in ’n daaropvolgende hoofstuk terug na die betrokke spannende verhaallyn.

Wanneer mens aan tyd dink in ’n verhaal moet daar ’n begin, middel en einde aan die verhaal wees. Daar moet ook oorsake en gevolge wees. In *Onderwêreld* wys die wisselende tydlyne hoe die gevolge van vroëere gebeure eers later ’n gevolg het. Dit is asof destydse gebeure eggo in die hede.

’n Terugflits, of terugverwysing, is daarom die onderbreking van die chronologiese gang van gebeure. In hierdie onderbreking word vroeëre gebeure ingevoeg.

In *Onderwêreld* kry ons twee tipes terugflitse:

- Hele hoofstukke word aangebied as terugflitse. Hierdie hoofstukke word aangedui met ’n “Log File”-aanduiding in die hoofstuknaam.
- Terugflitse binne hoofstukke, byvoorbeeld op bl. 15 waar Greg terugdink aan die gesprek met sy pa die vorige aand.

Vrae

1. Word *Onderwêreld* se verhaallyn lineêr aangebied? Motiveer jou antwoord. *Nee, hoofstukke wissel tussen die hede en verlede.*
2. Wat is die doel van hierdie verhaallyn? *Dit skep spanning. Dit wys hoe gebeure in die verlede inspeel op die hede. Dit maak die verhaal interessanter.*
3. In hoofstuk 33 maak Eckardt weer sy verskyning en hy vertel dan van sekere goed wat gebeur het. Dink jy die skrywer moes hierdie gebeure uitgebeeld het in terugflitse, eerder as om dialoog te gebruik om daarvan te vertel? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
4. In hoofstuk 33 kom die volgende sin voor: “Wat hy voor hom sien, word die eerste snydende skreegeluid wat deur sy grootwordjare sal eggo: Sy pa se groot lyf, half oor die lessenaar gebuig, asof hy besig is om te skryf.” Is hierdie ’n voorbeeld van ’n terugflits? Hoekom sê jy so? *Ja, die sin is ’n terugverwysing na ’n toneel in die proloog.*

Verteltyd en vertelde tyd

Vir die Duitse literatuurwetenskaplike, Günther Müller, is ...

- Verteltyd die tyd wat die vertel van ’n verhaal, of dele van die verhaal, neem. In Onderwêreld is dit sowat 188 bladsye.
- Vertelde tyd die periode wat die storie wat vertel word, dek. Vir Müller sluit dit terugflitse uit. In *Onderwêreld* is dit, volgens hierdie definisie, omtrent 8 dae (Donderdagoggend tot daaropvolgende Vrydagaand).

Die totale tydsverloop strek oor jare. Dit kan 6 of meer wees, want ons begin met Eckardt as 11-jarige in die proloog. Sy ouderdom word nie gegee wanneer hy by Lawson Kollege aankom nie. Dit kan die normale ouderdom van omtrent 17 wees, maar vanweë sy onbetroubaarheid met die sosiale manipulering, kan hy selfs effens ouer wees.

Het jy geweet?

Dit het bykans 6 maande geneem om die eerste weergawe van *Onderwêreld* se manuskrip te skryf. Die verfyning en gereedmaak vir publikasie het nog etlike weke geneem.

Ander persone wat betrokke is by die maak van ’n boek is die uitgewer, redigeerder, proefleser, uitlegkunstenaar, grafiese ontwerper en natuurlik die drukker.

Nadat ’n boek gemaak is, hanteer bemarkers die bemarking daarvan.

Vrae

1. Hoeveel verteltyd neem hoofstuk 1 van *Onderwêreld* in beslag? *4 bladsye.*
2. Hoeveel vertelde tyd neem hoofstuk 1 van *Onderwêreld* in beslag? *Moontlik 15 – 45 minute.*

Die verteller

Die eerstepersoonsverteller, of ek-verteller, gee vir die leser sy eie ervarings rondom gebeure in die verhaal. Dit is die verteller se persoonlike siening. Hy is soos 'n ooggetuie.

Die derdepersoonsverteller gee vir ons 'n blik van buite op 'n groep karakters en gebeure.

Beide vertellers word in *Onderwêreld* gebruik.

Vir pret

Dit gebeur soms dat mense flieks of TV-programme kyk en hulleself so inleef daarin dat die karakters soos werklike mense word. Dit het dus al gebeur dat mense akteurs op straat bydam omdat hulle "booswigte" is!

Lesers moet ook nie dink dat die skrywer van 'n boek dieselfde persoon as die ek-verteller is nie. Die skrywer van *Onderwêreld* is beslis nie 'n kuberkraker nie!

Vrae

1. Waar word van 'n eerstepersoonsverteller gebruik gemaak in *Onderwêreld*? *In die sentrale gedeelte van die roman (hoofstukke 1 – 35).*
2. Waar word van 'n derdepersoonsverteller gebruik gemaak in *Onderwêreld? In die proloog en epiloog.*
3. Dink jy die skrywer moes eerder net van een tipe verteller gebruik gemaak het? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Vir pret

Het jy lus om 'n skrywer "uit te vang"?

Dit gebeur soms dat 'n onervare skrywer 'n ek-verteller gebruik, maar dan begin hy skielik vir ons vertel wat 'n ander karakter dink. Dis mos nie logies nie!

Of 'n derdepersoonsverteller fokus die heeltyd op net een karakter, en skielik wissel hy vir 'n sin of twee sy fokus en gee ons 'n perspektief vanuit 'n ander karakter se oogpunt.

Ons noem hierdie fout "perspektiefbreuk".

Kyk gerus of jy 'n skrywer kan uitvang!

Temas

Temas is die sentrale idees wat in boeke voorkom. Daar kan meer as een tema in ’n roman wees. Dit is die geval in *Onderwêreld*.

Onthou: Temas is nie dieselfde as ’n roman se boodskap nie.

Uit ’n skrywer se oogpunt

Jy gaan nou die onderstaande temas deurwerk en dit gaan dalk vreeslik slim klink, maar skrywers beplan nie altyd om bepaalde temas in boeke in te werk nie. Ja, sommiges is wel beplan, maar talle ander duik amper vanself op in die kreatiewe proses. Dis nogal moeilik om te glo, nè?

Wanneer ’n skrywer weer en weer deur ’n manuskrip werk, word sommige van hierdie temas vir hom duidelik. Hy kan dan besluit om op die temas uit te brei deur hulle in ander tonele weer uit te lig. Slim lesers sal dalk ook temas raaksien wat selfs die skrywer misgekyk het. Dit word dan soos diamante soek in ’n hoop gruis. Dit is hier waar lees lekker word!

Die volgende temas kom in *Onderwêreld* voor:

Verlies

Onderwêreld gaan grootliks oor ontvalling, skade en die verloor van dit wat belangrik is vir ’n mens.

- Eckardt verloor sy onskuld as 11-jarige wanneer hy op sy pa afkom waar hy wil selfmoord pleeg.
- Greg verloor sy geliefde broer na wie hy opgesien het as held.
- Greg se ma ervaar die verlies van ’n kind en leef met die vrees dat sy nog ’n kind kan verloor as haar man se druk op hom toeneem. Sy behou uiteindelik tog haar kind, maar verloor haar man wanneer sy betrokkenheid by die misdaad duidelik word. En natuurlik verloor Greg sy pa.
- Met Eckardt se verdwyning verloor Greg ’n vriend en spoor hulle vriendskap hom aan om op ’n spannende soektog te gaan waarin hy van sy waardes verloor en begin leuens vertel en ander vriendskappe afskeep.
- Greg vind ook uit hoe dit voel om respek te verloor wanneer hy nie meer as ’n leier gesien word nie, maar as ’n verloorder.
- Greg se afdaal na die onderwêreld gaan gepaard met ’n verlies van waardes.

- Daar is sprake van ’n verlies van vryheid in die ingehokte skoolgronde wat amper soos ’n tronk kan voel vir die leerders (bl. 151). En natuurlik die gevolge wanneer jy gevang word vir kuberkrakery wanneer tronkstraf jou voorland kan wees.
- Verlies van sekuriteit kom na vore in die kraking van persoonlike inligting en stelsels. Ook die feit dat ’n leerder kan verdwyn by ’n elite privaat seunskool beeld hierdie verlies aan veiligheid uit.
- Die karakters se byname en die aanneem van ’n ander persona wanneer hulle sosiale manipulering toepas, dui op ’n verlies van identiteit.
- Laastens is daar die verlies van lewens wanneer die virus begin toeslaan op die publiek.

Plaasvervangerskap

Die term “plaasvervangerskap” verwys na die vervanging van een element met ’n ander. In die Afrikaanse literatuur vind ons dit byvoorbeeld in Marlene van Niekerk se roman *Agaat* waar ’n plaasvrou onder andere probeer om haar bediende se waardes te vervang. Ook Etienne van Heerden se romans belig die term van plaasvervangerskap. Die titel van sy roman *In stede van die liefde* wys dit sommer ook duidelik.

In *Onderwêreld* is daar ook talle verwysings na plaasvervangerskap:

- Die karakters vervang hulle name met byname wanneer hulle die kuberruim betree. Vir Eckardt het sy bynaam Eck-0 ook ’n emosionele betekenis omdat dit sy wraakgedagtes weerspieël.
- Eckardt word ’n plaasvervanger vir John. Dit word duidelik in die kyk in sy oë (bl. 30), die verwysings na ’n nuwe ekstreme sport (bl. 46), soortgelyke stem (bl. 177) en meer.
- Hoofstuk 28 se titel is “Ek wens ek was jy”. Hier word die uitruil van lewens beredeneer. Sal dit beter wees om in ’n ander persoon se skoene te staan?
- Greg moet ’n plaasvervanger word vir sy afgestorwe broer. Veral sy pa verwag nou van hom dat hy moet presteer om op te maak vir sy broer wat dit nie kon doen nie.
- Eckardt se wraak is niks anders as ’n plaasvervanger vir die pyn wat hy moes verduur as kind nie. Hy wil Greg se gesin verwoes om te vergoed vir sy eie pyn.
- Om sy sosiale manipuleringaanval suksesvol te voltooi, moet Eckardt sy ou lewe (identiteit) vervang met ’n nuwe lewe (identiteit).
- Eckardt verander sy stemtoon wanneer hy met sosiale manipulering besig is.
- ’n Kunstenaarskets vervang foto’s van Eckardt. Die een foto wat van hom geneem word op die strand was onduidelik omdat hy weggekyk het.
- Plaasvervangerskap word ook sinoniem met misleiding. So verwys Eckardt herhaaldelik na homself as ’n “white hat”-kuberkraker. Later sê hy hy is ’n “black hat uit die onderwêreld”.

- Eckardt vervang sy skootrekenaar en los ’n ander een in sy kamer wanneer hy die pad vat.

Protes

Onderwêreld kan ook gesien word as ’n vorm van protesliteratuur. Hier gaan dit nie om protes teen bv. ’n politieke bestel nie, maar teen sosiale kwessies soos die verafgoding van geld, die verlies van individualiteit en die uitbuiting van die samelewing.

Voorbeelde hiervan is:

- Greg se besef dat die wêreld van geld boos is.
- Ryk mense se doodluiterse ignorering van armes wanneer hulle na vakansieoorde ry.
- Ryk mense wat eerste gehelp sal word met vaksines sou ’n epidemie uitbreek.
- Plank se veragtelike verwysing na die koop van posisies op die leerlingraad.
- Eckardt wat sê dat die seuns klone van hulle ouers word.
- TJ wat mense beskou as pionne wat geoffer kan word vir groter belonings.
- Plank en Eckardt se verwysings na breinspoeling van kinders in skole.
- Kuberkrakers wat groot maatskappy aanvat oor hulle programme en sekuriteit.

Vrae

1. Bespreek kortliks die tema van verlies in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*
2. Bespreek kortliks die tema van plaasvervangerskap in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*
3. Bespreek kortliks die tema van protes in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*

Motiewe

'n Motief is 'n element wat keer op keer in 'n roman gebruik word. Die element kan 'n voorwerp, insident of formule wees. Wanneer 'n skrywer motiewe gebruik in 'n verhaal, verhoog dit die konnotatiewe digtheid van die werk. 'n Motief word 'n *Leitmotiv* genoem wanneer 'n element 'n spesiale betekenis verkry en 'n spesiale funksie verrig.

Onderwêrelde

Om aan te sluit by die titel van die roman, kom die tema van onderwêrelde sterk na vore.

- Die ingehoktheid van die tonnel wat onderdeur die skool loop, gee 'n benoude gevoel en is simbolies van 'n vuil, stinkende onderwêreld onder die pragtige, moderne skoolgeboue.
- Die onderwêreld van geld word duidelik wanneer Greg besef dat dít die regte onderwêreld is. Dit is deurtrek met boosheid en erger as enigiets wat 'n kuberkraker kan aanvang (bl. 159).
- Die onderwêreld van kuberkrakers word telkens beskryf, o.a. met verwysings na die getal 2600 wat 'n belangrike getal is in hulle onderwêreld, die "taamlik bekende" LowVoltage wat in die onderwêreld van kuberkrakers beweeg en onbekende onderwêreldse krakers wat skielik hulle verskyning kan maak wanneer hulle uitgevang word.
- Die misterie en gevaar van die onderwêreld is Eckardt se lokaas om Greg in te katrol. Hy noem dit dan ook "Cyberspace se onderwêreld" (bl. 46)
- Die onderwêreld van emosies word deurgaans belig, soos op bl. 5 waar Eckardt se pa beskryf word: "Hy kom stadig terug uit die donker onderwêreld." Dis ook duidelik in Greg se emosies na sy broer se selfmoord, en sy gevoellens wanneer hy dieper in die rekenaar-onderwêreld wegsink.
- Daar is verwysings na die onderwêreld in Griekse mitologie.
- Die onderwêreld word gebruik om interne konflik uit te beeld wanneer Greg vasgevang voel tussen onderwêreld en die bo-wêreld (bl. 121 & 165/166)
- Laastens haal die mens se magteloosheid teen die onderwêreld die wind uit Greg se seile wanneer hy besef: "Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en moet jy dieper grawe." En dít is seker hoekom dit die onderwêreld genoem word . . .

Rituele

Rituele kom op die volgende maniere na vore in *Onderwêreld*:

- Greg vind vastigheid in daaglikse rituele. Die omvergooi van hierdie rituele skep innerlike konflik by hom (bl. 90).
- Die Tonnel-ritueel behels die inburger van nuwe leerders by Lawson Kollege. Hierdie ritueel beïnvloed die ouens se hele skoolloopbaan. Onsuksesvolle Trappers word uitgewekenes.
- Daar is ’n verwysing na oeroue Boesmanrituele wanneer Greg en Eckardt op hulle rotstekeninge afkom. (bl. 140)
- Eckardt beskryf die ritueel om ’n regte kuberkraker te word wanneer jy jou eie krakerprogramme begin skryf en bereid is om inligting te deel (bl. 151)
- Laastens is daar die ritueel van rou. Greg en sy ma worstel met skuldgevoelens wanneer hulle gelukkig is of lag (bl. 11 & 161). Greg se pa verbied hom om te huil oor John (bl. 34), maar uiteindelik voltrek hy tog hierdie rou-ritueel wanneer hy in die epiloog huil “Vir sy pa, en ook vir John.)

Eggo’s

Talle verwysings na eggo’s kom voor in *Onderwêreld*. Dit word gesien in . . .

- Eck-0 se naam
- Werklike eggo’s wanneer Greg en Eckardt met perde teen die berg uitklim, hulle name uitroep en dit terug eggo.
- Die eggo van gebeure uit die verlede in die hede. Dit is die duidelikste in Eckardt se wraak.
- Die weerkaatsings van gesigte in winkel- of museumuitstalvensters kan gesien word as herhalings, of eggo’s.
- Die antwoorde op vrae bly ontwykend in die proloog en word beskryf as eggo’s uit die onderwêreld.
- Die omskrywing van die rekenaarterm “ping” wat die sentrale gedeelte van die boek inlei, is in werklikheid die terugkaats of eggo van ’n rekenaarsein.
- Die simboliese eggo’s uit die onderwêreld word in die proloog omskryf.

Rykdom en armoede

Greg merk telkens op hoe die lewensstyl van ryk en arm verskil:

- Die rykmansskool, Lawson Kollege, se moderne geboue, lang waglys, ongeskrewe kriteria en verwysing na klasverskille word sommer in hoofstuk 2 al aangebied.
- Plank verwys na die leerlingraadwapen op Greg se baadjie as ’n kwitansie vir die ou wie se pa die skool se begroting die grootste hupstoot kon gee.
- Greg sien homself as iemand van ’n hoër stand as die skool se terreinbestuurder wanneer hy sy pa se woorde gebruik en sê Tom is nie hulle soort mense nie. (bl. 41)
- Greg se konflik met die onderwêreld van geld toon sy ontnugtering met rykdom.
- Greg verwys na rykmansmotors wat verby arm kinders ry op pad na duur vakansieoorde in die Drakensberg. Dit terwyl hy self vakansie hou in sy ouers se vakansiehuis in Jeffreysbaai.
- Geld maak die Owen gesin en skeur hulle uiteindelik ook uitmekaar.

Vrae

1. Bespreek kortliks die motief van onderwêrelde in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*
2. Bespreek kortliks die motief van rituele in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*
3. Bespreek kortliks die motief van eggo’s in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*
4. Bespreek kortliks die motief van rykdom en armoede in *Onderwêreld*. *Gebruik vorige inligting as riglyn vir die antwoord.*

Boodskappe

Skrywers, veral skrywers van jeugboeke, hou nie deesdae daarvan om boodskappe of lewenslesse in boek te sit nie. Hulle lesers is mos slim genoeg om self te besluit wat reg en verkeerd is.

Onderwêreld handel oor die onwettige bedryf van kuberkraking, maar nêrens in die boek sê die skrywer: “Jy mag nie rekenaars kraak nie!” Hy gee eintlik die voor- én nadele van kuberkraking en laat dit aan lesers oor om te besluit of dit aanvaarbaar is.

Hier is ’n paar onderwerpe waaroor leerders kan debatteer in die klas:

- Is dit reg om inligting van die polisie te weerhou wanneer ’n misdaad gepleeg is?
- Is dit aanvaarbaar om rekenaars of stelsels te kraak wanneer niemand daardeur te na gekom sal word nie?

- Is dit aanvaarbaar om CD's of DVD's se sekuriteitskodes te breek en kopieë daarvan te maak? Dis mos nie kuberkraking nie, of is dit?
- Moet mense treur oor die dood van 'n geliefde?
- Moet 'n kind bereid wees om sy ouers aan te meld indien hulle 'n misdaad pleeg? (Verwys gerus ook hier na George Orwell se boek *1984* waar dit van kinders verwag word onder die totalitêre regime van Big Brother.)
- Is dit aanvaarbaar om jou pel se meisie af te vry?
- Moet ouens en meisies apart skoolgaan?
- Moet skole toegang tot die Internet bied?
- Wou die skrywer van *Onderwêreld* eintlik vir ons sê ons mag nie rekenaars kraak nie? Dit is hoekom hy die wet op elektroniese kommunikasie en transaksies agterin die boek gesit het.
- Wou die skrywer van *Onderwêreld* eintlik vir ons sê ons moet rekenaars kraak? Dit is hoekom hy die bronverwysings en kuberkrakerwebblaaie agterin die boek gesit het.

Agtergrond en omgewing

Wanneer 'n mens 'n boek ontleed, moet jy kyk hoe die agtergrond en omgewing verband hou met die karakters en tema.

Agtergrond

Daar is nie enige politieke of geskiedkundige agtergrond waarteen die gebeure in *Onderwêreld* afspeel nie.

Die enigste noemenswaardige agtergrond wat van belang is, is die *zeitgeist* of tydsgees. Die karakters bevind hulle in 'n wêreld van korrupsie en misdaad waar self skynbaar vername mense hulle skuldig maak aan wandade, soos ons ook tans in die Suid-Afrikaanse bestel sien. Die leerders staan in hulle matriekjaar op die drumpel om self ook hierdie wêreld te betree.

Ander kenmerke van die tydsgees en agtergrond is dié van die verbrokkelde gesinne, 'n soeke na liefde en aanvaarding, en die regmaak van historiese verontregting.

Omgewing

Omgewing of ruimte sluit die plek in waar karakters hulle bevind. Maar dit strek ook verder na die plekke waaraan die karakters dink. In *Onderwêreld* speel die sentrale gebeure af in die Drakensberge, en dan spesifiek by die elite privaat seunskool, Lawson Kollege. Die verteller neem ons na die skoolsaal, klaskamers, gedenkmuseum, die skoolhoof se kantoor en selfs tot binne in die privaat ruimtes van koshuiskamers. Ander tonele speel af in Eckardt

se pa se kantoor, ’n polisiekantoor, op Jeffreysbaai se strand en in die strandhuis, in ’n gastehuis en op straat in die skilderagtige kunsdorpie, Clarens, asook in Johannesburg se nagklubs.

Die afgesonderde omgewing speel beslis ’n rol in die karakters se optrede en denke. Greg en Eckardt maak selfs melding van die skool se ingehoktheid en die inperking van hulle vryheid. Eckardt voel dat skole ’n mens se denke ook inperk en die seuns klone maak van hulle pa’s.

Greg verwoord die soeke na vryheid en emosionele berusting wanneer hy Clarens ’n plek noem wat jou beter laat voel oor jouself.

Die Lawson-gedenkmuseum word aangebied as ’n gebou met ’n gelade atmosfeer. Hier konfronteer die hede en die verlede mekaar. Dit is ’n plek met pynvolle herinneringe vir Greg wanneer hy voor sy broer se skoolbaadjie, getekende rugbybal en triomfantelike skoolfoto’s staan.

Die rekenaarwêreld word in *Onderwêreld* ingespan as ’n alternatiewe omgewing. Dit is die wêreld van nulle en ene, volgens Eckardt – en dit is al wat ’n mens nodig het. Die kuberruim word ’n ontvlugtingswêreld vir Greg. Dit bied nuwe uitdagings aan hom en die kuberkraking word ’n nuwe opwindende ekstreme sport. Maar die donkerkant daarvan, die onderwêreld, sluk hom emosioneel in, sonder hom af in sy koshuiskamer en laat hom skoolwerk en vriendskappe verwaarloos. Uiteindelik word die kuberruim soos ’n tronk vir hom wanneer hy die koshuisdeur toeklap in sy vriende se gesigte.

Die onderwêreld in al sy vorme, word ’n metafoor vir die booshede waarmee die mensdom hom besig hou. Dit is ’n onpeilbare en onvoorspelbare wêreld wat amper met ’n waarskuwing moet kom: “Here be dragons!” – dus is die Drakensberg die perfekte omgewing vir die storie . . .

Foto’s

Die Drakensberg – stel jou voor jy gaan hier skool . . .

Drakensberg (vervolg)



Die massiewe Sterkfonteindam

Clarens: Die Addy Hoyle Fine Art galery waar Eckardt vir Greg konfronteer

(Die skrywer het hierdie foto's geneem tydens sy navorsing.)

Vrae

1. Wat beteken die term “zeitgeist”? *Dit is die tydsgees en verwys na die geestelike kenmerke van ’n bepaalde tyd of generasie.*
2. “Ons bly in Alice se Wonderland,” sê Eckardt op bl. 141. Sou jy sê dit is werklik die agtergrond waarteen *Onderwêreld* afspeel*?* Motiveer jou antwoord. *Nee, beslis nie, daar is niks wonderbaarlik aan Greg-hulle se leefwêreld nie. Hulle gesinne is gebroke, hulle ouers is korrup en hulle is self soekende jongmense.*
3. Bespreek die invloed van die omgewing op die karakters in *Onderwêreld* kortliks. *Gebruik die vorige inligting as riglyn vir die antwoord. Leerders kan ook moontlik ander ruimtes en invloede identifiseer.*
4. Eckardt vertel vir Greg dat sy ouers in Kaapstad woon. Hy brei onder andere ook uit op hulle beroepe. Kan Kaapstad dus gesien word as deel van die omgewing van die boek, al besoek die karakters dit nooit nie? *Ja, bloot omdat Eckardt Kaapstad as verwysing gebruik, word dit deel van die omgewing. Dit word ook later belangrik omdat hierdie ruimtelike verwysing deel word van sy misleiding.*

Stemming

Die term “stemming” verwys na die toon of atmosfeer van ’n boek. Dit kan humoristies, romanties, depressief, opwekkend, ens. wees.

Vrae

1. Bespreek kortliks die stemming in *Onderwêreld*. Onderwêreld *se oorhoofse stemming is ’n gespanne atmosfeer waarin die leser saam met die hoofkarakter, Greg, dieper die onderwêreld ingetrek word. Daar is ’n onderliggende misterie omdat ons nie weet wat van Eckardt geword het nie.*
2. Is daar ook ligter, humoristiese oomblikke in *Onderwêreld*? Gee ’n voorbeeld. *Ja, byvoorbeeld Plank en TJ se lighartige bespreking van voëlgriep (bl. 69).*
3. Dink jy die skrywer moes meer humor en romanse in die boek ingewerk het? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Ironiese wending

Die woord “ironie” kom van die Griekse “eiron”. Dit was ’n komiese karakter wat moeilike of kontroversiële sake doelbewus sag gestel het en gemaak het of hy nie baie slim is nie. Daar is dus ’n misleiding aan ironie.

Ons kry vier soorte ironie:

Verbale ironie

Dit is “spotspraak”, want dit wat ’n persoon sê, is presies die teenoorgestelde van wat hy bedoel.

Dramatiese ironie

Dit vind plaas wanneer die skrywer inligting met die leser deel waarvan die karakter niks weet nie.

Strukturele ironie

Hierdie ironie word deurgaans volgehou en kom nie net by tye op in die verhaal nie. Ons kry dit gewoonlik by ’n naïewe karakter wat ook die verhaal vertel. Sonder sy wete interpreteer die karakter die heeltyd gebeure verkeerd. Die leser weet egter dat die karakter verkeerd redeneer. *The Adventures of Huckleberry Finn* en selfs die gewilde *Spud* is voorbeelde hiervan.

Ironie van die noodlot

Dit word ook ’n kosmiese ironie genoem omdat God, die noodlot of universele prosesse die gebeure manipuleer en die karakter aan die korste ent trek.

Vrae

1. Gee ’n voorbeeld van verbale ironie in *Onderwêreld*. Hoekom is dit ironies? *“Ons bly in Alice se Wonderland,” sê Eckardt op bl. 141. Hulle gesprek handel oor misdaad in Suid-Afrika en dat dit nie werklik so erg is soos mense dit maak nie. Eckardt is egter diep geraak deur misdaad. Sy woorde is dus ironies, want hy bedoel dit nie werklik nie. Die leerders kan dalk voorbeelde van hul eie ook gee.*
2. Is daar strukturele ironie in *Onderwêreld*? *Nee, Greg is nie ’n naïewe verteller nie.*
3. Is daar ironie van die noodlot in *Onderwêreld*? Hoekom is dit die ironies? *Ja, die angel in die storie se stert vind plaas met die ironiese wending wanneer Greg nie net vir Dok nie, maar onwetend ook sy eie pa impliseer in die misdaad en so hulle gesin verder laat verbrokkel. Nog ’n geval is waar Greg se ma so bang is sy verloor nog ’n kind, maar in werklikheid verloor sy dan haar man wanneer sy betrokkenheid by die misdaad duidelik word. Die leerders kan dalk voorbeelde van hul eie ook gee.*

Taalgebruik

Taalgebruik is altyd ’n kwessie in tienerboeke. Moet die skrywer jongmense leer om korrekte Afrikaans te praat (selfs al beteken dit die dialoog klink of die tieners woordeboeke ingesluk het), of moet die tieners praat soos regte tieners?

Die tienertaal wat die karakters in *Onderwêreld* praat, en natuurlik ook Greg se taal as ek-verteller, is ’n vermenging van Engels en Afrikaans, dus slang/sleng.

Hier is ’n paar kenmerke van sleng:

- Dit is baie informeel
- Dis ’n sosiologiese fenomeen
- Dit kan ’n modegier wees
- Dit kan wissel van eenvoudige loslittaal tot vulgêr
- Dit kan skok of help om ’n ontspanne atmosfeer te skep
- Dit kan kreatief wees en lei tot neologismes (nuutskeppings).

Vir pret

Waar kom die skrywer aan die woord “Trappers” wanneer Greg na die graad 8’s verwys?

Dis ’n afkorting vir watertrappers. Die inwydingsritueel vind plaas in waterpype en die nuwe leerders het ook nog nie hulle “voete gevind” in die skool nie.

Vrae

1. Die taalgebruik in die epiloog en proloog verskil van die sentrale gedeelte van die boek waar Greg aan die woord is. Verduidelik. *In die proloog en die epiloog is die taalgebruik suiwer Afrikaans, behalwe in die dialoog. Wanneer Greg egter aan die woord is in hoofstukke 1-35 is die taalgebruik ’n mengsel van Afrikaans en Engels.*
2. Hoe voel jy oor die meng van tale in jeugverhale? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
3. Kan jy dink aan nog kenmerke van slengtaal? *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

’n Stukkie Griekse mitologie

Zeus en sy broers

Volgens die Griekse mitologie het Kronos (’n Titaan) en Rhea drie seuns gehad: Hades, Zeus en Poseidon. Die kinders was die eerste Olimpiane. Kronos was bang hy verloor sy mag oor die aarde en eet toe sy pasgebore kinders op. Rhea was glad nie beïndruk nie. Toe Kronos vir Zeus wou eet, gee sy vir hom in klip in stede. Zeus het oorleef en later onttroon hy vir Kronos en dwing hom om die ander kinders uit te braak. Daarna het die stryd tussen Zeus en die Titane gevolg.

Na die oorlog tussen die Titane en Olimpiane het Zeus en sy broers besluit om die heelal tussen hulle te verdeel. Zeus het die hemel gekry, Poseidon die see, en Hades die Onderwêreld. Die Aarde is deur almal gedeel, maar Zeus het die opperheerser van die heelal geword.

Onderwêreld

Die Huis van Hades was die koue wêreld van die dooies, of die onderwêreld. Hier het Hades en Persephone (Zeus se dogter) regeer oor die siele van die dooies.

Die siele moes vyf riviere kruis voordat ’n oordeel oor hulle uitgespreek kon word, en hulle na hul finale rusplek kon gaan. Hierdie riviere was Acheron (Ellende), Cocytus (Weeklag/Gehuil) Lethe (Vergeetagtigheid/nalatigheid/versuim) Phlegethon (Vurigheid), en Styx (Verfoeiing/afskuwing/afgryse).

Buiten vir Hades en Persephone, het ook ander godhede in die Onderwêreld gewoon. Hulle was onder andere Styx, Hecate en die broers Hypnos (Slaap) en Thanatos (Dood).

Zeus word uitoorlê

Hypnos word dikwels uitgebeeld as ’n sagte jongman met vlerke aan sy slape of op sy rug. Hy het twee keer daarin geslaag om vir Zeus te oorweldig.

Die eerste keer was toe Hera, Zeus se vrou, kwaad was vir Zeus se buite-egtelike seun, Herakles. Sy wou vir Herakles martel, sonder dat Zeus daarvan weet. Sy vra toe vir Hypnos om Zeus aan die slaap te maak. Zeus was verskriklik kwaad toe hy wakker word, maar hy kon niks daaraan doen nie, want Hypnos het by sy ma Nyx (nag), die enigste god waarvoor Zeus bang was, gaan skuil.

Die tweede keer het plaasgevind tydens die Trojaanse oorlog. Hera wou die Grieke help in die oorlog. Om dit te kon doen, moes Zeus se aandag afgelei word. Sy vra toe weer vir

Hypnos om te help. Hypnos was bang om dit ’n tweede keer aan die magtige Zeus te doen, maar hy stem toe uiteindelik in. Poseidon het die Grieke kom help terwyl Zeus lê en slaap. In hierdie tyd strand Herakles, se skip op die eiland Kos.

Vrae

1. Watter van hierdie Onderwêreld-riviere kruis Greg op pad na die onderwêreld? Motiveer jou antwoord. *Acheron – hy word in ellende gedoop wanneer hy uitvind wat hy aan sy pa gedoen het. Cocytus – hy huil uiteindelik oor sy pa en sy broer. Lethe – hy versuim om die waarheid te vertel aan die skool en die polisie. Phlegethon – hy reageer vuriglik wanneer hy teen Dok opstaan. Styx – hy is gevul met afgryse wanneer hy sien wat die virus kan doen, en ook wanneer hy besef wat hy aan sy pa gedoen het.*
2. Kan Greg se ma met Hera vergelyk word? Motiveer jou antwoord. *Nee, Hera was ’n wraakgierige vrou wat Herakles gemartel het. Greg se ma is ’n saggeaarde vrou.*
3. Sou jy sê Eckardt is soos Hypnos? Motiveer jou antwoord*. Ja, moontlik. Indien ’n mens Zeus met Greg se pa vergelyk, is Eckardt amper die buitestander wat toekyk hoe die gesin deur sy toedoen verbrokkel terwyl Poseidon tot die stryd toetree en Herakles (Greg) se skip sink.*
4. Dink jy ’n mens kan Zeus vergelyk met ’n mediamagnaat, soos Greg se pa? *Die antwoord is oop vir interpretasie. ’n Moontlike antwoord kan wees dat mens hulle wel gelyk kan stel, want die media is vandag ’n magtige meningvormer. Die media in al sy vorms bereik miljoene mense regoor die wêreld en selektiewe beriggewing kan mense se opinies na willekeur swaai.*
5. Dink jy die skrywer se gebruik van die Griekse mitologie in die roman is geslaagd*? Die antwoord is oop vir interpretasie.*

Om die leerders aan die dink te sit

Is daar ooreenkomste tussen Greg se verhaal en die mite van Orpheus en sy reise deur die onderwêreld?

Gaan doen ’n bietjie navorsing in die biblioteek of op die internet.

Die Faust-legende

Deur dr. Alet Mihalik

Vir die lees van *Onderwêreld* is dit raadsaam dat die leser voorafkennis van die Faust-legende het.

Die Duitse woord “faust” beteken “vuis” en die Latynse “Faustus” beteken “auspicious” of “lucky”. Die naam, Faust, word dikwels gebruik om ’n ooreenkoms te beskryf waarin ’n ambisieuse persoon sy morele integriteit prysgee in ruil vir mag, kennis, sukses of geluk.

Die Faust-legende is waarskynlik ontleen aan dr. Johann Georg Faust, (c. 1480–1540), ’n towenaar en alchemis van Knittlingen, Württemberg, wat in 1509 ’n teologiegraad aan die Universiteit Heidelberg verwerf het. Melanchthon, ’n kerkhervormer en tydgenoot van Martin Luther, het Faust geken en sy student, Manlious, skryf in 1562 dat Faust, ook bekend as “die swart dokter”, in Kraków studeer en baie wonderwerke dwarsoor Duitsland verrig het. Volgens die volkslegende het dr. Faust ’n kontrak met die duiwel gesluit en het dié hom in Oktober 1538 in ’n plattelandse kroeg verskeur.

Die literêre Faust-legende verskyn in 1587 in ’n pamflet genaamd *Historia & Tale of Doctor Johannes Faustus*. Dit word in 1592 deur PF Gent in Engels vertaal as *The Historie of the Damnable Life and Deserved Death of Doctor John Faustus*. Daar bestaan vele variasies van die Faust-legende, maar die bekendste is Johann Wolfgang von Goethe se meesterwerk, *Faust*, waarvan die eerste deel in 1808 en die tweede in 1831 verskyn.

Die basiese verhaal handel oor Faust, ’n verveelde en lewensmoeë akademikus, wat op die punt was om gif te drink toe Mephistopheles, die duiwelsgesant, aan hom verskyn en met hom ’n ooreenkoms aangaan. Daarvolgens sal hy Faust met sy magiese kragte bedien tot hy die toppunt van menslike geluk bereik, waarna die duiwel sy siel mag opeis en hy vir ewig verdoem sal wees. Mephistopheles help Faust dan om die pragtige, onskuldige Gretchen te verlei. Wanneer Faust haar later verwerp, raak sy waansinnig, vermoor hul baba en word in die tronk gegooi. Wanneer Faust en Mephistopheles haar probeer red, weier sy en sterf. Weens haar onskuld gaan haar siel hemel toe, maar Faust s’n is onherroeplik geskaad en die duiwel voer hom weg na die verdoemenis. Goethe se drama eindig egter waar die aardgeeste Faust en die mensdom vergewe en die engele sy siel uit die duiwel se greep verlos.

Die Faust-legende veronderstel die bevraagtekening van boosheid en verbode kennis. Sulke kwessies is altyd kontroversieel omdat dit moeilik is om te verstaan waarom enigiemand hom doelbewus by die bose sal skaar. Die antwoord is dalk dat Faust ook nie vertrou moet word nie.

Vrae

1. Wat beteken die Duitse woord “faust”? *Vuis.*
2. Verduidelik wat die woord “ambisieus” beteken? *Eersugtig, baie ywerig, wakker en ondernemend.*
3. Wat beteken die woord “integriteit”? *Onomkoopbaar, onkreukbaar.*
4. Dink jy TJ het integriteit aan die dag gelê toe hy vir Greg verraai het? *Ja, hy het goeie bedoelings gehad en wou nie sy oupa se handewerk ongedaan maak nie, gevolglik het hy Greg, sy goeie vriend, se misdaad bekendgemaak.*
5. Watter bynaam het Manlious vir Faust gegee? *Die swart dokter.*
6. Vertel kortliks wat die Faust-volkslegende behels. *Volgens die volkslegende het dr. Faust ’n kontrak met die duiwel gesluit en het dié hom in Oktober 1538 in ’n plattelandse kroeg verskeur.*
7. Wie het die meesterwerk *Faust* geskryf? *Johann Wolfgang von Goethe*
8. Watter ooreenkoms gaan Mephistopheles aan met Faust? *Hulle kom ooreen dat Mephistopheles vir Faust met sy magiese kragte sal bedien tot hy die toppunt van menslike geluk bereik, waarna die duiwel sy siel mag opeis en hy vir ewig verdoem sal wees.*
9. Het Faust se verhaal ’n gelukkige einde? Motiveer. *Ja, Goethe se drama eindig egter waar die aardgeeste Faust en die mensdom vergewe en die engele sy siel uit die duiwel se greep verlos.*
10. Wat leer ons uit die Faust-verhaal? *Dat ons boosheid en verbode kennis moet bevraagteken.*
11. Wat beteken dit as ons sê jy “skaar jou by iets/iemand”? *Jy kies iets/iemand se kant.*
12. Watter ooreenkoms het Greg se verhaal in *Onderwêreld* met Faust? *Greg verkoop ook as te ware sy siel aan die duiwelsgesant (Eckardt). Hy dink dit sal hom gelukkig maak om rekenaars te kraak, want dit is soos ’n nuwe soort ekstreme sport, maar uiteindelik lei dit tot sy ondergang. Eckardt se mooipraatjies is pure boosheid. Anders as in Faust word Greg egter nie deur ‘aardgeeste’ gered nie. Hy besluit self om sy samewerking aan die polisie te gee en sy lewe om te keer. Sodoende bewerk hy sy eie vrykoping.*
13. Sou jy sê dat Dok en Greg se pa verhale ook ’n soortgelyke Faust-storielyn het? *Ja, hulle het hul siele aan ’n geldduiwel verkoop. Dit het tot hulle ondergang gelei.*

Die lokteks

Boeke word gemaak om gekoop en gelees te word. Maar hoe vind mense uit dat daar ’n nuwe boek op die rakke is?

Resensies van boeke maak mense bewus van nuwe boeke, maar uitgewers plaas ook loktekste op hulle webblaaie. Sien byvoorbeeld die uitgewer van *Onderwêreld* se webblad vir voorbeelde: www.nb.co.za

Só lyk Tafelberg-Uitgewers se lokteks op die internet wat lesers wil oorreed om die roman te lees.

Verbeel jou vir een oomblik jy is vasgevang in die kuberruimte van internasionale rekenaarnetwerke. Jy is ’n kuberkraker (hacker) en jou rekenaar en kennis is jou enigste verweer teen die roofdiere van dié elektroniese oerwoud. Die adrenalien pomp deur jou are en sweet drup by jou voorkop af, want jy weet: al wat tussen jou en die binnekant van ’n tronksel staan, berus op jou hacking-vermoë en hoe goed jy weer jou spore dood vee. En dan is daar deurentyd die vraag wat in jou agterkop bly vassteek: “Wat as hulle my vang?”

Dít is die komplekse onderwêreld van die hacker-bedryf wat Fanie Viljoen in sy gelyknamige jeugriller breedvoerig uitbeeld. Dié boek handel oor die lewe van Greg Owen, ’n spogleerling aan ’n bekende privaatseunskool, Lawson Kollege, in die hartjie van die Drakensberge. Greg het hom reeds sy matriekjaar in sy verbeelding voorgestel as ’n uiters suksesvolle jaar wat hy met nege onderskeidings en as hoofseun en eerstespanrugbyspeler aan die sy van sy blonde meisie, Nicole, gaan afsluit. En aanvanklik lyk dit of alles wel volgens plan verloop.

Dit is natuurlik totdat ’n nuwe leerling, Eckardt Wilson, sy verskyning maak. Daar is byna onmiddellik wrywing tussen Greg en Eckardt. Laasgenoemde is ’n alleenloper wat hom heeltemal van die skool en sy bedrywighede distansieer, terwyl die populêre Greg dit nie kan kleinkry waarom hierdie loser hom so interesseer nie. Kan dit dalk wees omdat Eckardt hom so baie aan sy oorlede broer, John, herinner? Of is dit weens die feit dat hy nie bevele van ander gehoorsaam nie, maar eerder sy eie ding doen?

As die twee mekaar dan teen alle verwagtinge in bevriend, verander Greg se lewe onomkeerbaar. In die paar maande wat hulle in mekaar se geselskap spandeer, leer Eckardt, ’n ervare kuberkraker, vir Greg hoe om van ’n newbie (beginner-hacker) tot ’n point en click script kiddie (gevorderde hacker) te vorder. Hy maak hom touwys in hacker tools soos SSH, RAT, LCP en password hashes wat gebruteforce moet word. Saam-saam verken die vriende onder hul skuilname, Ekk-o en G-4ce, so die onderwêreld van die white hats en black hats en dit lyk aanvanklik na onskadelike kattekwaad, totdat Eckardt

een oggend spoorloos verdwyn …

Greg vermoed onmiddellik onraad en begin stadig maar seker uitpluis wat werklik gebeur het. Die feit dat Eckardt geen besittings saam met hom geneem het nie, asook die vreemde foto teen sy aansteekbord, lei Greg tot die gevolgtrekking dat sy vriend dalk hierdie keer net te ver gegaan het. En die vrae begin by Greg opkom: Wie se sisteem het hy ge-hack en is hulle dalk ook nou op sy spoor?

Die manier waarop die skool die verdwyning hanteer, laat Greg besluit om by die skoolhoof, Dok Pienaar, se powere pogings om sy vriend op te spoor, in te meng. Dit neem Greg dan ook nie lank nie om vas te stel dat wie ook al sy vriend ontvoer het, vir hom leidrade gelos het. Hy sal egter al die vaardighede wat Eckardt hom geleer het, nodig kry om dié raaisel der raaisels te ontsyfer.

Stuk vir stuk begin hy dan die hacker-uitdagings aandurf. Elke taak bring hom 'n tree nader daaraan om sy vriend op te spoor, maar Greg het geen idee dat hy slegs die punt van die ysberg ontdek het nie. Hy ontdek later dokumente en e-posse wat die skoolhoof verbind met ’n hoogs vertroulike Project Nursery Rhyme en eienaardige sakevennote in die farmaseutiese maatskappy PlusUltraMed, wat onder die skuilname die butcher, die baker en die candle-stick maker saamsweer om die wêreld op hulle knieë te dwing deur middel van ’n hoogs aansteeklike vorm van die H5NI-voëlgriepvirus.

Asof alles nie reeds moeilik genoeg is vir Greg by die skool nie, begin inspekteur Cele en sersant Botha van die SAPD met die ondersoek inmeng. Dit neem hulle nie lank om hul visier op Greg te stel as ’n hoofverdagte nie. Só bevind Greg hom dan in die middel van sy matriekjaar sonder vriende wat hy kan vertrou, besig met kriminele bedrywighede. En dit alles terwyl die polisie, sy pa en die skoolhoof die wêreld vir hom baie moeilik maak. Greg het die onderwêreld van die hacker-bedryf gecrack en nou moet hy om oorlewing veg.

Wat die storielyn betref is die wending aan die einde van die verhaal briljant, veral vanweë die feit dat dit die leser onverwags oorrompel. Ander positiewe punte van kritiek sluit in ’n goeie ontwikkeling van die hoofkarakter deur die loop van die boek tot ’n sterk volronde figuur wat sy mening uitspreek en sake in sy eie hande neem, ongeag wat ander dalk van hom mag dink.

Viljoen het ook vir diegene wat na afloop van die verhaal daaraan dink om hulle hand aan ’n keyboard te slaan as newbie hackers, ’n vriendelike waarskuwing aangeheg in die vorm van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies aan die einde van die boek. Op hierdie manier vermaak die boek nie net nie, maar lig dit tieners ook in omtrent relevante sake in vandag se samelewing.

Ten slotte kan daar gesê word dat Fanie Viljoen, wat bekend is daarvoor dat hy tieners op die punte van hulle stoele hou met sy naelbyt-rillers soos Spoke en ander gruwelike

goed (2005), Breinbliksem (2005) en Miserella (2007), weer eens slaag met hierdie publikasie. Dit verdien ongetwyfeld Sanlam se Silwertoekenning vir jeuglektuur.

Onderwêreld is nie net nog ’n verhaal van rekenaar-geeks wat probeer cool wees nie, maar bly deurentyd boeiend en aksiebelaai terwyl die storielyn gemaklik van hoofstuk na hoofstuk vloei. Hierdie boek dra ook by tot ’n broodnodige nuwe tegnologie-genre in die Afrikaanse literatuur en beloof om enige Afrikaanse tiener hierdie vakansie voor die bladsye vasgenael te hou.

Vrae

1. Waarmee vergelyk die lokteks die kuberruim en kuberkrakers? *Met roofdiere in ’n elektroniese oerwoud.*
2. Wat beteken dit om jou spore dood te vee? *Om bewyse van jou teenwoordigheid op ’n bepaalde plek uit te wis.*
3. Watter twee moontlike redes gee die teks vir Greg se onwaarskynlike vriendskap met Eckardt? *Eckardt herinner Greg moontlik aan sy oorlede broer, John. Of Greg se rebelsheid en ongehoorsaamheid aan bevele dwing die twee nader aanmekaar.*
4. Van watter kuberkrakertegnieke maak die teks melding? *SSH, RAT, LCP en password hashes wat gebruteforce word.*
5. Wat beteken dit om onraad te vermoed? *Jy raak suspisieus, jy dink daar is moeilikheid.*
6. Wat beteken dit as jy om oorlewing veg? *Jy probeer om aan die lewe te bly of om uit die moeilikheid te kom.*
7. Watter positiewe punte van die roman lig die lokteks uit? *’n Briljante wending, goeie karakterontwikkeling, ’n boeiende en aksiebelaaide storielyn.*
8. Wat beteken dit om iemand in te lig? *Om iemand iets te leer.*
9. Watter literêre prys het *Onderwêreld* gewen*? Die Silwer Sanlam-prys vir Jeuglektuur.*
10. Wat beteken dit om vasgenael te wees? *Om jou volle aandag te gee aan iets.*
11. Watter strategieë wend die skrywer van die lokteks aan om die belangstelling te wek? *Die skrywer gee die basiese verhaalgegewe, vra sekere vrae om nuuskierigheid te prikkel, maak melding van die outeur se vorige skryfsuksesse en noem die roman se sterkpunte.*
12. Indien jy ’n aankoper in ’n boekwinkel is en ’n bemarker gee vir jou hierdie lokteks vir *Onderwêreld*, sal jy die boek aankoop vir jou winkel? Motiveer jou antwoord. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*
13. Die lokteks is 944 woorde lank. Verkort dit na 500 woorde sonder om die inhoud verlore te laat gaan. *Die antwoord is oop vir interpretasie.*

’n Resensie van *Onderwêreld*

Beeld, 7 November 2008

Donker tienerroman oor kuberwêreld beïndruk

Pieter Schuurman

Het jy al ooit die internet ge-surf of gespog met jou vermoë om by die moderne tyd aan te pas deur e-pos op jou selfoon te kan lees? Gerieflik, maar soos alles het die internet ’n donker kant. Net soos Fanie Viljoen se jongste boek, *Onderwêreld* – dit is donker en vang jou onkant.

Gereed? Kliek <<Sign On>>.

Lawson Kollege naby die Drakensberge is ’n spogskool vir die seuns van skatryk sakemanne waar “die sakeleiers van more” opgelei word. Die vriende Greg en Eckardt gaan daar skool; hul internet-avatars (inkarnasies) staan onderskeidelik as G-4ce (“G-force”) en Ekk-0 bekend.

Greg is Lawson Kollege se hoofseun en vleuel van die eerste rugbyspan en hy kry baie druk van sy pa, ’n mediamagnaat, om onderskeidings te behaal. Eckardt is ’n stil outjie waarvan geen onverwagse optrede verwag word nie. Hy is ’n alleenloper en lei Greg die internet-onderwêreld in.

Eckardt verdwyn skielik. Al sy besittings bly in sy koshuiskamer in Huis Da Vinci agter en Lawson se hoof, Dok Pienaar, beskou dit as ’n geval van ’n seun wat bloot weggeloop het en wil dit uit die media hou.

Greg aanvaar egter nie dié verklaring en die skool se kommer oor hul beeld nie en raak opstandig. “Hy is die pion wat gaan terugbaklei” in hierdie strategiese spel met networking, social networking, social engineering en uiteindelik manipulasie.

Stap vir stap leer Ekk-0 vir G-4ce al meer oor hacking, cracking en social engineering, wat die mens as voorspelbare skakel in die proses uitbuit.

Die intrige bou rondom virusse in die werklikheid en op die internet, asook die onetiese skepping daarvan deur die sogenaamde Project Nursery Rhyme se Butcher, Baker en Candlestick-maker. Vinnig vervaag die grense tussen werklikheid en die internet heeltemal.

Greg is van die internet en G-4ce afhanklik om ’n uitweg te vind. Hy begin al hoe meer asosiaal teenoor sy vriende optree, ook teenoor sy meisie Nicole, wat dalk swanger is. Alles omdat sy alter ego, G-4ce, meer en meer tyd vereis.

Die idee van kuberkrakers as vermaak kom al van voor die Matrix-era af voor. Alhoewel daardie bohaai al bedaar het, huldig *Onderwêreld* eintlik ’n soort post-hacker-era in die vermaaklikheidswêreld.

Viljoen verdien ’n veertjie in sy hoed vir die uitstekende navorsing wat hierdie boek voorafgegaan het. Hy gebruik werklike rekenaarvirusse en sisteme, en maak die prosesse van hacking vir enige leser verstaanbaar.

Wat *Onderwêreld* verder belangrik maak, is dat dit ’n inligtingstuk is wat jou sal ruk, omdat dit ’n deel uitmaak van ons elkeen se alledaagse, moderne lewens. Dit laat jou die moontlikheid van die internet as slagveld besef – Wêreldoorlog III en IV tegelyk, met die natuur (’n voëlgriepmutasie) en die digitale (onder-) wêreld wat ons bedreig.

Onderwêreld weerspieël akkuraat die sleng wat hoërskoolleerlinge gebruik en bevraagteken die sportmal wenmentaliteit in skole. Dit beeld ook die vrylik beskikbare pornografie op die internet, drank, dwelms en seks uit waartoe tieners hul wend.

Dit skets die harde werklikheid waarin hoërskoolleerlinge hul vandag bevind – ek kan jou waarborg dit is nie meer die sorgelose dae waarin kaalvoet-Boksombendes gestig word nie.

Hierdie boek is daarom belangrike kritiek op ons samelewing. As jy wil, kan jy glo dat ons nog in die era leef waar dinge in rekenaarterme óf “OK” óf “Cancel” is.

Onderwêreld, nes Viljoen se *BreinBliksem*, verdien om as Afrikaanse jeuglektuur bekroon en, belangriker nog, geléés te word.

(Die resensie word met die vriendelike toestemming van die skrywer, Pieter Schuurman, self ’n Afrikaansonderwyser, gebruik.)

Vrae

1. Waar het hierdie resensie verskyn? *Dit het in* Beeld *verskyn.*
2. Wie is die skrywer van die resensie? *Pieter Schuurman.*
3. Wat is ’n resensent? *Iemand wat ’n boek bespreek of kritiek lewer op ’n boek. Dit vind gewoonlik in koerante of tydskrifte, en deesdae ook op die internet, plaas.*
4. Wanneer het die resensie verskyn? *7 November 2008*
5. Wat beteken “dit vang jou onkant?” *Dit betrap jou onverhoeds, dit verras jou, jy is nie gereed daarvoor nie.*
6. Hoekom dink jy gebruik die resensent hierdie paragraaf? “Gereed? Kliek <<Sign On>>? *Dit kan die leser nuuskierig maak, of dit gee ’n aanduiding dat hy nou meer gaan uitwei oor die verhalende element. Die rekenaarterm sluit aan my die tema van die boek en die styl sluit ook aan by die html-skryfstyl wat die hoofstukke en onderskeie dele van die boek aandui.*
7. Watter sinoniem gee die resensent vir “avatar”? *Inkarnasie.*
8. Wat beteken dit om iemand uit te buit? *Jy beroof iemand of probeer voordeel trek uit iemand.*
9. Soek ’n woord in die resensie wat verwys na die verwikkelde situasie wat ’n skrywer skep om ’n verhaal te vertel. *Intrige.*

10. Watter woord in die resensie verwys na Greg se ontrekking uit sy vriendekring? *Asosiaal.*

11. Wat is ’n alter ego? *’n Tweede persoonlikheid.*

12. Wat beteken dit as iemand ’n veertjie in sy hoed verdien? *Hy moet geprys word omdat hy iets goed gedoen het.*

13. Na watter bekende film, wat ook vermeld word in *Onderwêreld*, verwys die resensent? *Matrix.*

14. Dink die resensent dat net rekenaargeletterde mense die boek sal verstaan? Motiveer jou antwoord met ’n uittreksel uit die resensie. *Nee. “Hy gebruik werklike rekenaarvirusse en sisteme, en maak die prosesse van hacking vir enige leser verstaanbaar.”*

15. Hoekom laat die boek ’n mens besef dat die internet soos ’n slagveld kan wees? *Die resensent sê dat die internet soos Wêreldoorlog III en IV tegelyk kan wees, kompleet met die natuur (’n voëlgriepmutasie) en die digitale (onder-) wêreld wat ons bedreig.*

16. Wat bevraagteken *Onderwêreld*? *Die sportmal wenmentaliteit in skole.*

17. Wat bedoel die resensent met hierdie sin: “As jy wil, kan jy glo dat ons nog in die era leef waar dinge in rekenaarterme óf ‘OK’ óf ‘Cancel’ is.” *Mense kan bly glo dat alles óf swart óf wit is / steeds duidelik onderskeibaar van mekaar is, maar hulle sal verkeerd wees.*

18. Noem ’n ander boek deur Fanie Viljoen waarvan melding gemaak word in die resensie. *BreinBliksem.*

Kritiese taalbewustheid

Hieronder volg ’n tabel met uittreksels uit *Onderwêreld*. Dui aan watter van die volgende taalverskynsels in die woordwolk word geïllustreer met die uittreksels.

Uittreksel	Antwoord
Soutwater. Dit maak mos die duiwel in my slymvliese wakker. (bl. 118)	*Figuurlike taal, want die duiwel kan nie werklik in jou slymvliese wees nie.*
Ek gaan nie dat jy my dreig nie. En ek gaan ook nie dat jy my manipuleer nie. (bl. 44)	*Magstaal, want dit is besliste, kragtige woorde wat vanuit ’n magsposisie gesê word.*
Dinge het verander. Nou is daar die ECT-wet wat hacking verbied. (bl. 150)	*Feit, want daar bestaan werklik so ’n wet.*
Maar geen foto wat wys hoe broederskap deur die dood vlam nie; geen foto van die extreme sport van verlang nie. (bl. 177)	*Gevoelstaal, want Greg verwoord sy gevoellens van verlange met hierdie sin.*
Die eerste Basic Web challenge: “The idiot test”. (bl. 57)	*Geïmpliseerde betekenis, want dit beteken dat jy ’n idioot is as jy nie eens hierdie basiese toets slaag nie.*
Whatever, nie ons soort mense nie, soos my pa sal sê. (bl. 41)	*Vooroordeel, want die terreinbestuurder word beoordeel volgens sy beroep/klas.*
Ek kyk uit oor die plein. (bl. 40)	*Direkte betekenis, want presies dit wat bedoel word, word gesê.*

Uittreksel	Antwoord
By haar is haar twee pelle: Clarissa en Candy. Ek weet nie of dit Candy se regte naam is nie, want dit klink soos iets uit ’n porn movie. (bl. 88)	*Stereotipering, want sekere stereotipe seksuele afleidings word gemaak bloot op grond van die meisie se naam.*
Donker woorde, stikvol opwinding (bl. 46)	*Konnotasie, want “donker” verwys eerder na die emosionele of figuurlike betekenis van “donker”, d.i. woorde wat gevaar of onheil voorspel.*
Sy oë vasgenael op die **donker** gat in die grond. (bl. 36)	*Denotasie, want “donker” verwys na die letterlike, of woordeboekbetekenis van die woord.*
“Manne, julle lyk goed vanoggend! Magtig, **dit voel amper of ek voor ’n Springbokspan staan.**” Hy gee ’n klein laggie. Polish net ons ball, weet ek. Ek lag nie saam met die ander ouens nie. “Ek glo julle is reg vir daardie piesangboere? **Wat ek van hulle gesien het, het my nie juis beïndruk nie. Hulle lyk maar klein teen julle ouens.** Gaan julle hulle vandag trap?” (bl. 42)	*Partydigheid, want Dok kies kant vir Lawson voordat die spel gespeel is.*
Voor ek kan keer, spoeg ek die woorde uit: “Ek dink dis pateties!” (bl. 43)	*Mening, want Greg gee sy opinie.*
“Nee, dis net . . . ek kan nie.” “**Kan nie? Of wil nie**?” Sy houding uitdagend. Tipies John soos wanneer hy vorendag gekom het met ’n nuwe extreme sport. (bl. 167)	*Manipulerende taal, want Eckardt gebruik ophitsende woorde om Greg uit te lok/oorreed om iets onwettigs te doen.*

Vir klasbespreking

Bespreek hierdie onderwerpe in die klas:

- Greg voel ongemaklik om vir Nicole te sê dat hy haar lief het. Is dit realisties?
- Moet boeke ’n gelukkige einde hê, of ’n realistiese einde? Wat verkies jy?
- Moet skrywers suiwer Afrikaans gebruik in jeugboeke?
- Boeke, nes films, is oorlaai met stereotipe karakters. Is dit ’n goeie of slegte ding?
- Word mense masjiene?
- Greg se ma is ’n “omkoper”. Stem jy saam?
- Watter ander onderwêrelde is daar in die samelewing?
- Sal jy daarvan hou as iemand jou Facebook-profiel kraak?
- Moet leerders self besluit oor hulle voorgeskrewe boeke? Wat sal jy kies?
- Moet skrywers meer navorsing doen voordat hulle ’n jeugverhaal skryf?

Vir pret

Het jy geweet?

- Die skrywer van *Onderwêreld*, Fanie Viljoen, het drie regte kuberkrakers gehad wat hom gehelp het met die verhaal. Een van hulle se verhaal word kortliks aangeteken in hoofstuk 26. Kyk hier na ’n video oor Kriek Jooste: http://video.google.com/videoplay?docid=3610181040795461423#
- Tydens die skrywer se navorsing in die Drakensberg, was hierdie die hoofartikel in een van die koerante:

THE MERCURY

R199

TV

Government computers hacked

OLD COMRADES GREETING

Leesoefeninge

Vluglees

Wanneer jy vluglees . . .

- Wil jy ’n algemene indruk kry van die teks om te sien of dit bruikbaar is vir jou.
- Soek jy nie na spesifieke sleutelwoorde of items nie.
- Is dit die vertrekpunt vir meer intensiewe lees wat mag volg.

Vluglees-oefeninge

- Vluglees al die hoofstukname in *Onderwêreld*.
    - Skryf ’n paar name neer wat jy kan onthou
    - Watter name het vir jou vreemd geklink?
    - Watter hoofstukke klink interessant?
    - In watter taal is die hoofstukname?
    - Lyk die manier waarop die hoofstukname geskryf is vir jou vreemd?
- Vluglees *Onderwêreld* se proloog
    - Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
    - Klink die proloog vir jou humoristies of spannend?
    - Hoeveel karakters is daar in die proloog?
    - Hoe verskil die skryfstyl van die eerste paragraaf van die res van die proloog?
    - Uit hoeveel bladsye bestaan die proloog?

Soeklees

Wanneer jy soeklees . . .

- Soek jy vinnig na ’n sleutelwoord of ’n naam.
- Weet jy waarna jy soek.
- Jy sien elke woord op die bladsy, maar jy lees nie noodwendig die bladsy nie.
- Ignoreer jy die woord of item waarna jy nie soek nie.

Soeklees-oefeninge

- Soek na die woord “dagdroom” op bl. 51 van *Onderwêreld*.
- Soek na die woord “uitdrukking” op bl. 97 van *Onderwêreld*.
- Soek na die verwysing na die een of ander wet op bl. 150 van *Onderwêreld*.
- Hoeveel keer kom die getal 20 523 voor op bl. 107?
- Soek na ’n beskrywing vir die afkorting RAT op bl. 107.
- Soek na die koste van Kokey se eerste rekenaar op bl. 149.
- Hoeveel keer word Eckardt se naam genoem op bl. 161?
- Watter karakter se naam word in die dialoog genoem op bl. 172?

Lees hardop

Lees die epiloog hardop in die klas.

Hier is ’n paar wenke:

- Maak seker dat jy die woorde korrek uitspreek.
- Moenie woorde byvoeg of uitlaat nie.
- Lees met gevoel.
- Lees vloeiend.
- Lees sodat almal in die klas kan hoor.
- Maak seker jy plaas die klem op die regte plek.
- Lees teen die regte tempo.
- Maak af en toe oogklontak met die onderwyser en ander leerders.
- Laat jou gesig ook die storie vertel.

Onvoorbereide lees

Kies ’n gedeelte uit *Onderwêreld* wat leerders onvoorbereid kan lees. Let steeds op bogenoemde leeswenke.

Wenk:

Daar is gewoonlik ekstroverte en kreatiewe leerders in die klas wat daaraan dink om akteurs te word. Hoekom gebruik jy hulle nie om die leerders wat ’n bietjie sukkel te help met hulle aanbieding nie?

Klasaktiwiteite

Boeke moet nie vervelige ou stories wees nie. Hulle moet die verbeelding aangryp en lees aanwakker.

Hier is ’n paar klasaktiwiteite wat die verbeelding lekker oortyd kan laat werk!

- Maak ’n video/lokprent vir *Onderwêreld*. As voorbeeld kan leerders gaan kyk na die oorsese kinders se lokprente vir Jonathan Safran Foer se boek *Extremely Loud and Incredibly Close* op YouTube. Hier is ’n goeie een: http://www.youtube.com/watch?v=7o0D399iwOI&feature=related
- Maak ’n plakkaat vir *Onderwêreld*.
- Verwerk ’n gedeelte van *Onderwêreld* vir die verhoog. Skryf self die dramateks. Wenk: Die ondervragingtoneel kan lekker werk.
- Voer die toneel op in die klas.
- Hou die koerante dop vir artikels oor Suid-Afrikaanse kuberkrakers. Skryf ’n artikel of opstel oor hoe hierdie krakers kamtig geïnspireer is deur *Onderwêreld*.
- Soek na sekuriteitsleemtes in ’n sosiale netwerk se persoonlike opstellings en rapporteer dit by die netwerk.
- Werk ’n bemarkingsplan uit vir *Onderwêreld*. Wie is jou teikenmark? Hoe gaan jy hulle bereik? Wat gaan dit kos? Bied jou bemarkingsplan aan in die klas.
- Vind uit hoeveel dit kos om ’n boek soos *Onderwêreld* te druk.
- Skryf ’n resensie oor *Onderwêreld* vir die skoolkoerant.
- Vind uit wat ander leerders van kuberkrakers dink? Sal hulle dit doen? Het hulle dit al gedoen? Skryf dan ’n navorsingsverslag of ’n artikel vir die skoolkoerant. Of bied die uitslae van jou navorsing aan in die klas.
- Is daar al ’n Facebook-groep vir *Onderwêreld*? Sluit daarby aan, of skep self een.
- Skryf ’n brief aan Greg uit sy broer John se oogpunt.
- Skryf ’n e-pos aan Greg asof jy sy pa is. Sal die trant van die e-pos verskil voor en na sy inhegtenisname?
- Kan briefskryf terapeuties wees? Skryf ’n brief aan die oorlede John asof jy sy ma is.
- Skryf ’n e-pos aan die skrywer van *Onderwêreld* en vertel hom wat jy van die boek gedink het: info@fanieviljoen.co.za

Bronne

Boeke

- Baignet, H. (1989) *Outlines, the secrets of studying English literature.* Cape Town. College Tutorial Press.
- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë.* Pretoria. HAUM-Literer.
- Smuts, J.P. (1998) *Die roman, 'n inleidende studie*. Kaapstad. Human & Rosseau.

Webblaaie

- http://ababasoft.com/speedreading/five_types_of_reading.htm
- http://blogs.sun.ac.za/boekwurm/files/2010/09/Tienerafrikaans.pdf
- http://www.greekmythology.com/
- http://www.greekmyths-greekmythology.com/
- http://www.mythencyclopedia.com/
- http://www.nb.co.za/

Bedankings

Baie dankie aan dr. Alet Mihalik, Pieter Schuurman, Mari Smit en Hendrik Viljoen vir hulle bydraes en hulp.

∞